

Job

Inleiding

Die naam van die boek *Job* is ontleen aan die hooffiguur in die boek.

In die Hebreeuse Bybel volg die boek *Job* ná die *Psalms* as deel van die Geskrifte. In die Protestantse kanon staan *Job* egter voor die *Psalms*.

Die inleiding en slot van die boek *Job* (Job 1:1 — 2:13; 42:7-17) plaas die verhaal van Job in 'n gebied oos van Israel in die tyd van die aartsvaders (vgl bv Job 1:1-5). Uit 'n vergelyking met die taalgebruik en temas van ander boeke in die Ou Testament (vgl bv Job 12:9b en Jes 41:20) lyk dit asof die boek *Job* uit 'n baie later tyd dateer, vermoedelik uit die vyfde eeu vC. Talle geleerdes beskou die woorde van Elihu (Job 32:1 — 37:24) en die loflied oor wysheid (Job 28:1-18) as latere byvoegings in die boek.

Die skrywer is nie aan ons bekend nie, maar was sonder twyfel uit die sogenaamde wysheidskringe in Israel afkomstig.

Die eerste lesers sou mense wees wat hulle met vrae oor die lewe en vrae oor God se ingryping in mense se lewens besig gehou het, aangesien die boek juis handel oor 'n kritieke vraag waarom in dié kringe nagedink en gedebatteer is.

Die boek *Job* is, soos die boeke *Spreuke* en *Prediker*, deel van die wysheidsliteratuur. Die inleidende vertelling (Job 1:1 — 2:13), aankondiging van nuwe sprekers en die slot van die boek (Job 42:7-17) is in prosa. Die res van die boek *Job* bevat van die beste poësie in die

Ou Testament. Daar is wel gevalle waar die Hebreëus moeilik is om te verstaan.

Die boek is gerig teen die beskouing dat God altyd goeie gedrag beloon en verkeerde gedrag straf. Dit was 'n algemeen aanvaarde siening in wysheidskringe, en Job se drie vriende, asook Elihu, verteenwoordig daardie standpunt. Job teken hewig protes daarteen aan. Hy was oortuig daarvan dat die ellende wat hom getref het, nie die straf vir sonde kon wees nie. Hy was immers opreg en onberispelik in sy optrede. Uiteindelik kom Job teen God te staan. God se almag bring hom egter tot swye. Die boek bied dus 'n indirekte antwoord op die Jobsprobleem: Dit is belangriker om God se mag te erken as om antwoorde op al die lewensvrae te hê.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1 — 2:13 Proloog

3:1-26 Job se klag

4:1 — 14:22 Eerste rondte gesprekke tussen Job en sy vriende

15:1 — 21:34 Tweede rondte gesprekke tussen Job en sy vriende

22:1 — 27:23 Derde rondte gesprekke tussen Job en sy vriende

28:1-28 Loflied oor die wysheid

29:1 — 31:40 Job se slotbetoog

32:1 — 37:24 Elihu se betoog

38:1 — 39:38 Eerste gesprek tussen die HERE en Job

40:1 — 42:1-6 Tweede gesprek tussen die HERE en Job

42:7-17 Epiloog

1

Job se teenspoed

¹ In die land Us was daar 'n man met die naam Job.* Hierdie man was opreg en onberispelik in sy optrede; hy het vir God ontsag gehad en die kwaad vermy. ² Daar is vir hom sewe seuns en drie dogters gebore. ³ Hy het seweduisend stuks kleinvee, drieduisend kamele, vyfhonderd pare beeste, vyfhonderd donkiemerries en 'n besondere groot werksmag gehad. Hierdie man was meer vermoënd as enigiemand in die ooste.^a

⁴ Sy seuns het die gewoonte gehad om elkeen in sy eie huis, om die beurt,^b 'n fees aan te bied. Hulle het dan 'n boodskap gestuur en hulle drie susters genooi om saam met hulle te eet en te drink. ⁵ Wanneer die feesdae verby was, het Job hulle laat haal en hulle geheilig.^c Hy het vroeg in die môre vir elkeen van hulle 'n •brandoffer gebring; want Job het gedink: Miskien het my kinders gesondig en God in hulle harte gevloek.^d Job het dit elke keer gedoen.

Job se geloofstoets

⁶ *Toe, op 'n dag, het die hemelwesens^e gekom om by die HERE hulle

***1:1 Job:** Eseg 14:14,20; Jak 5:11

^a**1:3 enigiemand ... ooste:** Dit verwys na bewoners uit die gebiede oos van Palestina; vgl Gen 29:1; Jes 11:14; Jer 49:28; Eseg 25:4,10.

^b**1:4 om die beurt:** Letterlik 'op sy eie dag'. Sommige vertalings beskou dit as verjaarsdae.

^c**1:5 geheilig:** Dit beteken dat hulle hulleself moes was, skoon klere moes aantrek en seksuele omgang moes vermy; vgl Eks 19:10,14.

^d**1:5 God ... gevloek:** Letterlik 'geseën'. Dit is, uit eerbied vir God, 'n eufemisme vir "vloek"; vgl 1 Kon 21:10,13.

***1:6** Gen 3:1; 1 Kron 21:1; Job 2:1; Sag 3:1-2; Luk 23:31

^e**1:6 hemelwesens:** Letterlik 'seuns van God'; vgl Gen 6:2.

plekke in te neem. Die satan^f het ook saam met hulle gekom.

⁷ *Die HERE sê toe vir die satan: “Waar kom jy vandaan?” Die satan het die HERE geantwoord; hy het gesê: “Van rondswerf op die aarde en daar rondloop.” ⁸ Die HERE het vir die satan gesê: “Het jy kennis geneem van my dienskneg Job? Daar is immers niemand soos hy op aarde nie. Hy is onberispelik in sy optrede en opreg, 'n man wat vir God ontsag het en die kwaad vermy.” ⁹ Die satan het die HERE geantwoord; hy het gesê: “Is dit sonder rede dat Job ontsag het vir God? ¹⁰ Is dit nie U self wat hom en sy huis, en alles wat aan hom behoort, aan alle kante afgeskerm het nie? Sy handewerk het U geseën, en sy veestapel het in die land uitgebrei. ¹¹ Maar steek nou net u hand uit en tas alles aan wat aan hom behoort — hy sal U beslis in u gesig vloek.^g”

¹² Die HERE sê toe vir die satan: “Kyk, alles wat aan hom behoort, is in jou hand. Net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie.” Die satan het toe uitgegaan, weg van die HERE af.

¹³ *Toe, op 'n dag, terwyl sy seuns en dogters besig was om te eet en wyn te drink in die huis van hulle oudste broer, ¹⁴ kom daar 'n boodskapper by Job aan en sê: “Die beeste was aan die ploeg, en die donkiemerries het langsaan gewei; ¹⁵ toe loods die Sabeërs^h 'n aanval en vat hulle. Hulle het die werkers met die skerpte van die swaard neergevel. Net ek alleen het vrygekom om dit aan u te kom vertel.”

¹⁶ Terwyl dié een nog besig is om te praat, kom 'n ander een daar aan

^f**1:6 satan:** Die Hebreuse woord *satan* beteken ‘aanklaer’. Dit is nie 'n eienaam nie, maar 'n soortnaam. Hierdie hemelse figuur is deel van God se hofhouding (vgl 1 Kon 22:19-23) en moet verslag doen oor die werk wat hy gedoen het.

***1:7** Job 2:2; vgl 1 Pet 5:8

^g**1:11 vloek:** Vgl voetnoot by Job 1:5.

***1:13** Job 1:4,18

^h**1:15 Sabeërs:** Die mense van Skeba, 'n gebied in die suide van Arabië; vgl 1 Kon 10:1.

en sê: “Die vuur van God het uit die hemel geval en die kleinvee en werkers verbrand en verteer.* Net ek alleen het vryekom om dit aan u te kom vertel.”

¹⁷ Terwyl dié een nog besig is om te praat, kom 'n ander een daar aan en sê: “Galdeërsⁱ het drie eenhede opgestel,* 'n plundertog uitgevoer op die kameeltroppe en hulle gevat. Hulle het die werkers met die skerpte van die swaard neergevel. Net ek alleen het vryekom om dit aan u te kom vertel.”

¹⁸ Terwyl dié een nog^j besig is om te praat, kom 'n ander een daar aan en sê: “U seuns en u dogters was besig om te eet en wyn te drink* in hulle oudste broer se huis, ¹⁹ toe daar onverwags 'n sterk wind van die woestyn se kant af kom en die vier hoeke van die huis tref. Dit het op die jongmense ingestort en hulle het gesterf. Net ek alleen het vryekom om dit aan u te kom vertel.”

²⁰* Job het toe opgestaan, sy mantel geskeur, sy kop kaal geskeer, op die grond neergeval en in aanbidding gebuig. ²¹ Hy het gesê:

* **1:16 Die ... verteer:** Job 20:26

ⁱ **1:17 Galdeërs:** 'n Aramese volksgroep wat in die suide van Mesopotamië tussen die Tigris- en Eufraatriviere gevestig was, en later in Babilonië die heersers was; vgl Jes 47:1.

* **1:17 drie ... opgestel:** Vgl Rig 7:16; 9:43; 1 Sam 11:11; 2 Sam 18:2

^j **1:18 nog:** Talle Hebreeuse mss word hier gevolg. Die •bronteks lui “totdat”.

* **1:18 U ... drink:** Job 1:4,13

* **1:20** Gen 37:29; 44:13; 2 Kon 2:12; Jes 15:2; Jer 48:37; Eseg 7:18

“Naak het ek uit my moeder
se skoot gekom,
en naak sal ek na die skoot
van die aarde^k terugkeer.
Die HERE het gegee
en die HERE het geneem.*
Mag die Naam van die HERE
geprys word!*

²² *Ondanks dit alles het Job nie gesondig nie en aan God niks ongerymds toegeskryf nie.

2

¹ Toe, op 'n dag, het die hemelwesens^l gekom om by die HERE hulle plekke in te neem. Die satan^m het ook saam met hulle gekom om sy plek by die HERE in te neem. ² *Die HERE sê toe vir die satan: “Waar kom jy vandaan?” Die satan het die HERE geantwoord; hy het gesê: “Van rondswerf op die aarde en daar rondloop.” ³ Die HERE het vir die satan gesê: “Het jy kennis geneem van my dienskneg Job? Daar is immers niemand soos hy op aarde nie. Hy is onberispelik in sy optrede en

^k**1:21 skoot van die aarde:** Die bronteks lui “daarheen”. In Ps 139:13-15 word die moederskoot en die skoot van die aarde ook gelykgestel.

^{*}**1:21 Naak ... geneem:** Pred 5:15; Sir 11:14; 40:1; 1 Tim 6:7; Jak 1:17

^{*}**1:21 Mag ... word:** Vgl Ps 113:2

^{*}**1:22** Job 2:10

^l**2:1 hemelwesens:** Letterlik ‘seuns van God’; vgl Gen 6:2.

^m**2:1 satan:** Die Hebreeuse woord *satan* beteken ‘aanklaer’. Dit is nie 'n eienaam nie, maar 'n soortnaam. Hierdie hemelse figuur is deel van God se hofhouding (vgl 1 Kon 22:19-23) en moet verslag doen oor die werk wat hy gedoen het.

^{*}**2:2-3** Job 1:7-8

opreg, 'n man wat vir God ontsag het en die kwaad vermy. Hy volhard steeds in sy onberispelike optrede, al het jy My aangestig om hom sonder rede te laat ondergaan.”⁴ Die satan het die HERE geantwoord; hy het gesê: “Dit is maar 'n vel vir 'n vel.ⁿ Alles wat aan 'n mens behoort, sal hy gee in ruil vir sy lewe.”⁵ *Maar steek net u hand uit en tas sy beendere en sy vleis aan — hy sal U beslis in u gesig vloek.^o”

⁶ Die HERE sê toe vir die satan: “Kyk, hy is in jou hand, maar sy lewe moet jy spaar.”⁷ *Die satan het toe uitgegaan, weg van die HERE af. Hy het Job getref met dodelike swere, van kop tot tone.^p

⁸ Job het 'n potskerf gevat om hom mee te krap, terwyl hy in die as sit.*⁹ Sy vrou het vir hom gesê: “Volhard jy steeds in jou onberispelike optrede? Vloek God en sterf!”¹⁰ Hy het egter vir haar gesê: “Jy praat soos een van die dwase vroue praat. Die goeie wat van God kom, dié aanvaar ons, maar die slegte — moet ons dit nie ook aanvaar nie?” Ondanks dit alles het Job nie met 'n enkele woord^q gesondig nie.*

Job se drie vriende

¹¹ Drie van Job se vriende het gehoor van al die teenspoed wat hom oorgekom het. Hulle het toe van die plekke waar hulle woon, Elifas uit

ⁿ2:4 Dit ... vir 'n vel: Daar is onsekerheid oor die betekenis van hierdie spreekwoord. Dit verwys waarskynlik daarna dat iets minder belangriks (soos 'n dier se vel) afgestaan word in plaas van die eie vel.

*2:5 Job 1:11

^o2:5,9 vloek: Letterlik ‘seën’. Dit is, uit eerbied vir God, 'n eufemisme vir “vloek”; vgl 1 Kon 21:10,13.

*2:7 Job 7:5; vgl Job 30:17,30

^p2:7 kop tot tone: Letterlik ‘voetsool tot skedel’.

*2:8 terwyl ... sit: Job 42:6; vgl Eseg 27:30; Jona 3:6; Matt 11:21

^q2:10 met ... woord: Letterlik ‘met sy lippe’.

*2:10 Die goeie ... gesondig nie: Job 1:21-22

Teman,* Bildad uit Suag, en Sofar uit Naäma, op 'n bepaalde plek byeengekom om met hom meegevoel te gaan betuig en hom te gaan bemoedig.¹² Toe hulle van ver af opkyk en hom nie eens herken nie, het hulle hardop gehuil. Hulle het elkeen sy mantel geskeur, en hulle het stof in die lug op gegooi, oor hulle koppe.*¹³ Hulle het saam met hom op die grond gesit — sewe dae en sewe nagte lank. Niemand het 'n woord met hom gepraat nie, want hulle het gesien dat die pyn ondraaglik erg was.

3

Job se eerste klag

¹*Daarna het Job sy mond oopgemaak en sy geboortedag vervloek.

²*Job het toe begin praat en gesê:

³“Mag die dag waarop ek
gebore is, vergaan,
en die nag wat gesê het,
'n Seun is verwek.’

⁴Daardie dag — mag dit
donker wees;
mag God daar bo nie daarna
vra nie,
mag 'n ligglans nie daaroor
skyn nie.

⁵Mag donker, ja, stikdonkerte
dit opeis,

*2:11 **Teman:** 1 Kron 1:45; Jer 49:7; Bar 3:22-23

*2:12 **Hulle het ... koppe:** Job 1:20

*3:1-26 Vgl Jer 20:14-18

*3:2 Job 6:1; 9:1; 12:1; 16:1; 19:1; 21:1; 23:1; 26:1; 27:1; 29:1; 39:36; 42:1

*3:3 Vgl Sir 23:14

mag wolke daarop toesak;
mag 'n verduistering

van die dag^r dit verskrik.

⁶ Daardie nag — mag 'n diep
duisternis dit in besit neem;
mag dit nie verskyn onder die dae
van 'n jaar nie,
nie in die getal van die maande
voorkom nie.

⁷ Juis daardie nag —
mag dit onvrugbaar wees,
mag uitroepe van vreugde
nie daarin opklink nie.

⁸ Mag hulle wat dae vervloek,^s
dit verdoem,
hulle wat die kuns verstaan^t
om Leviatan^u wakker te maak.

⁹ Mag die sterre van dié dag
se oggendskemering
verduister,
mag dit wag op lig,
en daar is niks nie;

^r3:5 'n verduistering ... dag: Dit verwys waarskynlik na 'n sonsverduistering of stofstorm in die woestyn.

^s3:8 hulle ... vervloek: Beoefenaars van swart toorkuns wat 'n dag met geheime eedformules tot ongeluksdag kon verdoem.

^t3:8 die kuns verstaan: Kan ook vertaal word “gereed staan”.

^u3:8 Leviatan: 'n Mitiese seemonster wat volgens 'n buite-Bybelse bron die son kon insluk.

mag dit die wimpers
van die dagbreek nie sien nie,
¹⁰ omdat dit die deure van
my moeder se^v skoot
nie gesluit het nie,
nie teenspoed vir my oë
verberg het nie.

¹¹ “*Waarom is ek nie dood
by geboorte nie?
Waarom het ek nie gesterf
toe ek uit die moederskoot
gekom het nie?

¹² *Hoekom het knieë my ontvang;
hoekom was daar borste,
dat ek kon drink?

¹³ Ja, anders sou ek nou kon lê
en in vrede rus,
ek sou kon slaap.

Daar sou vir my rus wees

¹⁴ by konings en die raadsmanne
van die wêreld,
dié wat vir hulleself
puinhope herbou het,

¹⁵ of by hoë amptenare^w

^v**3:10 moeder se:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^{*}**3:11** Job 10:18-19

^{*}**3:12** Gen 30:3; 50:23; Jes 66:12

^w**3:15 hoë amptenare:** Die belangrikste verteenwoordigers van konings.

wat goud besit het,
wat hulle huise met silwer
gevol het.

¹⁶ *Of soos 'n weggesteekte
misgeboorte,
sou ek nie bestaan het nie,
soos kinders wat nie die lig
gesien het nie.

¹⁷ Daar^x hou goddeloses op
met die gewerskaf;
daar vind dié wie se kragte
uitgeput is, rus.

¹⁸ Gevangenes is saam kommervry,
hulle hoor nie meer die stem
van die slawedrywer nie.

¹⁹ Klein en groot is daar,
die slaaf is vry van sy baas.

²⁰ “*Waarom gee God die lig
aan iemand wat hom
moet afsloof?

Waarom gee Hy die lewe
aan mense met verbitterde siele,
²¹ wat wag vir die dood,
maar dit kom nie;*

***3:16** Ps 58:9; Pred 6:3-5

^x**3:17 Daar:** In die •doderyk.

***3:20** Pred 5:15; 6:2

***3:20-21** Waarom gee Hy ... kom nie: Op 9:6

hulle wat dieper daarna delf

as na verborge skatte;

²² hulle wat van vreugde juig,

wat hulle verheug

wanneer hulle die graf vind.

²³ *Waarom gee Hy die lewe^y

aan 'n man wie se pad

verborge is,

vir wie God aan alle kante

afgesper het?

²⁴ * Ja, nog voor my brood,

daag my gesug op;

my geskreeu stroom soos water.

²⁵ * As ek vrees vir 'n verskrikking,

dan kom dit my oor;

dit waarvoor ek bang is, oorval my.

²⁶ Ek kan nie rus vind nie,

nie tot rus kom nie;

ek kry geen verposing nie.

Die onrus daag telkens op.”

***3:23** Job 19:8; Ps 88:9; Spr 4:18-19

^y**3:23** **Waarom ... lewe:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***3:24** Ps 42:4

***3:25** Spr 10:24

Elifas se eerste betoog

¹ *Elifas uit Teman* het hierop gereageer en gesê:

² “Kan mens 'n woord

na jou kant toe waag?

Sal jy ontstemd raak?

Maar woorde terughou —

wie kan dit doen?

³ *Kyk, jy het baie mense

tereggewys;

wie moedeloos was,

het jy nuwe moed gegee.^z

⁴ Jou woorde het die een

wat struikel, regop gehelp;

wankelrige knieë het jy

sterk gemaak.

⁵ Maar noudat dit jou oorkom,

is jy ontstemd;

noudat dit jou tref, is jy ontsteld.

⁶ *Is jou ontsag vir God^a

dan nie dit waarop

* 4:1 Job 15:1; 22:1

* 4:1 Elifas uit Teman: Job 2:11

* 4:3-4 Jes 35:3-4; 50:4

^z4:3 wie ... gegee: Die Hebraëuse idioom lui “slap hande het jy versterk”.

* 4:6 Job 1:1; Ps 119:116; Spr 3:26; Jer 17:7

^a4:6 vir God: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

jy staatmaak nie?

Is jou hoop nie gevestig
op jou onberispelike
optrede nie?

⁷*Dink tog daaraan:

Wie het, terwyl hy onskuldig is,
omgekom?

Waar is opregtes al uitgewis?

⁸*Wat ek waargeneem het, is:

Wie onreg inploeg en teenspoed
saai, oes dit ook.

⁹*Deur die asem van God

kom hulle om,
deur die wind uit sy neus^b
gaan hulle tot niet.

¹⁰*Daar is die gebrul van 'n leeu,
die stem van 'n maanhaar,
maar die tande van jong leeus
word gebreek.

¹¹By gebrek aan prooi
kom die leeumannetjie om,
die welpies van die leeuwyfie
raak verstrooi.

* 4:7 Spr 12:21; 2 Pet 2:9

* 4:8 Hos 10:13; Sir 2:10; 7:3; Gal 6:7-8

* 4:9 2 Thess 2:8

^b4:9 **wind ... neus:** Die Hebreeuse woorde is meerduidig. Dit kan ook vertaal word “wind van sy toorn”.

* 4:10 Ps 17:12; 22:14; 58:7; Spr 28:15

12 “Na my toe het 'n woord
in die geheim gekom;
my oor het die fluistering daarvan
opgevang.

13 *Te midde van onrusbarende
gedagtes in naggestigte,
terwyl 'n diep slaap mense oorval,
14 het vrees en bewing
my beetgepak
en my hele liggaam laat sidder.

15 'n Gees^c het langs my^d
verbygegaan,
dit het die hare op my lyf laat rys.

16 *Hy het gaan staan,
maar ek kon nie sy voorkoms
herken nie;
die gedaante was reg voor my oë.
'n Fluisterende stem
is wat ek gehoor het,

17 ‘*Kan 'n mens regverdiger
as God wees,
of kan 'n man reiner
as sy Maker wees?

* 4:13 Job 33:15

^c4:15 'n Gees: Word ook vertaal “'n Wind” of “'n Asem”.

^d4:15 my: Word ook vertaal “my gesig”.

* 4:16 Vgl 1 Kon 19

* 4:17 Job 9:2; 25:4-6; Ps 143:2; Rom 3:10-12

¹⁸ *Kyk, as Hy selfs in sy dienaars^e
nie sy vertrouwe stel nie,
en sy boodskappers blameer
vir dwaling,

¹⁹ *hoeveel te meer geld dit dan
hulle wat in huise
van klei woon,
met fondamente in die stof?

Vinniger as 'n mot word
hulle platgetrap.

²⁰ Tussen dagbreek en sononder^f
word hulle verpletter;
sonder dat dit opgemerk word,
kom hulle vir ewig om.

²¹ Word hulle tenttoue
nie losgemaak nie?
Hulle sterf — sonder wysheid.’ ”

5

¹ “Roep maar!
Sal daar iemand wees
wat jou antwoord?
Tot wie van die heiliges^g
sal jy jou wend?

* **4:18** Job 21:22

^e**4:18** sy dienaars: Dit verwys na engele.

* **4:19** Gen 3:19; Job 33:6; 2 Kor 4:7

^f**4:20** Tussen ... sononder: Letterlik ‘van oggend na aand’.

^g**5:1 die heiliges:** Die engele of hemelwesens; vgl Job 1:6; 2:1; 15:15; Ps 89:6,8.

² Want ergernis lei tot die dood
van 'n sot,
en naywer laat die onverstandige
sterf.

³ *Ek self het 'n sot sien wortel skiet,
maar skielik kon ek sy tuiste
in 'n vloek gebruik.^h

⁴ *Sy kinders is ver van veiligheid;
hulle word vertrap
in die stadspoort,
en niemand kan hulle red nie.

⁵ Dit wat hy geoes het,
word deur hongeres verteer;
selfs uit die doringsⁱ
gaan haal hulle dit;
en dorstiges^j smag
na hulle besittings.^k

⁶ Ja, onheil kom nie voort
uit die stof nie,
en teenspoed spruit nie
uit die grond nie;

***5:3** Ps 37:35-36

^h**5:3 in ... gebruik:** Dit beteken dat Elifas in 'n vervloeking kon sê: “Mag dit met jou gaan soos met daardie sot se tuiste.”

***5:4** Ps 127:4-5; Spr 22:22

ⁱ**5:5 selfs ... dorings:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^j**5:5 dorstiges:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^k**5:5 hulle besittings:** Dit verwys na die sot en sy gesin se besittings; vgl Job 5:3-4.

⁷ * maar die mens is
vir teenspoed gebore,
soos vonke na bo vlieg.

⁸ “Ek, daarenteen,
sou God raadpleeg,
aan God sou ek my saak voorlê,

⁹ * aan Hom wat groot
en ondeurgrondelike dinge,
ontelbare wonders, doen —

¹⁰ * Hy wat reën gee oor die aarde,
wat water uitstuur
oor die oop veld,

¹¹ * om nederiges op die hoogte
te plaas,
en hulle wat rou, veilig te maak
in die hoogte,

¹² * Hy wat die planne van listiges
verydel,
sodat hulle hande niks suksesvol
uitrig nie,

¹³ * Hy wat wyses met
hulle eie listigheid vang,

* 5:7 Job 15:35; vgl Gen 3:17-19

* 5:9 Job 9:10; Sir 43:32

* 5:10 Ps 65:10-11

* 5:11 1 Sam 2:8

* 5:12 Job 12:23-25; Ps 33:10

* 5:13 1 Kor 3:19

sodat die planne van geslepenes
vinnig tot 'n einde kom.

¹⁴ *Oordag stuit hulle op die donker;
teen die middag tas hulle rond
asof dit in die nag is.

¹⁵ Hy verlos 'n behoeftige
uit die mag van sterkes,
van die swaard in hulle monde.

¹⁶ *So is daar vir armes hoop,
en ongeregtigheid
hou die mond toe.

¹⁷ “*Kyk, gelukkig is die mens
vir wie God tereg wys;
die tugting van die
Almagtige¹ —
moet dit nie verwerp nie!

¹⁸ *Want Hy is die een
wat pyn veroorsaak,
maar ook verbind,
Hy verbrysel, maar sy hande
genees ook.

¹⁹ *Uit ses benoudhede

*5:14 Deut 28:29; Joh 12:35

*5:16 Ps 107:41-42

*5:17 Ps 94:12; Spr 3:11-12

¹5:17 **Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

*5:18 Deut 32:39; Hos 6:1

*5:19 Ps 34:20

sal Hy jou red,
in sewe sal boosheid
jou nie aantas nie.

²⁰ *In hongersnood sal Hy
jou loskoop van die dood,
in 'n geveg, uit die mag
van die swaard.

²¹ *Wanneer die tong^m gesel,
word jy weggesteek;
jy hoef nie te vrees vir verwoesting
wanneer dit kom nie.

²² Vir verwoesting en honger
sal jy lag;
vir die wilde diere van die aarde
sal jy nie bang wees nie.

²³ *Want met die klippe van die veld
het jy 'n verbond;
die diere van die veld
handhaaf vrede met jou.

²⁴ Jy sal dit beleef dat jou tent
veilig is;
en as jy voorraad neem
op jou weiveld,
vermis jy niks.

***5:20** Ps 33:19; Jer 39:18

***5:21** Ps 12:2-4

^m**5:21** **tong**: Die tong word geassosieer met spraak.

***5:23** Vgl Jes 5:2; 11:6-8; Hos 2:17

²⁵ * Jy sal dit beleef
dat jou nageslag baie is;
jou nakomelinge sal wees
soos die plante van die aarde.

²⁶ * Jy sal in volle lewenskrag
na die graf gaan,
soos gerwe op hulle tyd
na die dorsvloerⁿ gaan.

²⁷ Kyk, dit is wat ons ondersoek het;
so is dit.

Luister daarna! Beleef dit self!”

6

Job se antwoord op Elifas se eerste betoog

¹ * Job het hierop gereageer en gesê:

² “As my leed maar net
geweeg kon word,
my rampspoed daarmee saam
op 'n weegskaal
geplaas kon word,

³ want dan sou dit swaarder wees
as die sand van die see.

Daarom is my woorde ondeurdag.

* **5:25** Ps 72:16; 128:3

* **5:26** Spr 9:11; 10:27

ⁿ **5:26 na die dorsvloer:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **6:1** Job 3:1; 9:1; 12:1; 16:1; 19:1; 21:1; 23:1; 26:1; 27:1; 29:1; 39:36; 42:1

⁴* Ja, die pyle
 van die Almagtige^o
 is in my,
 sodat my gees die gif daarvan drink.
 Die verskrikkinge van God
 neem teen my stelling in.
⁵Balk 'n wilde donkie by groen gras,
 of bulk 'n bees by sy voer?
⁶Word smaaklose kos
 sonder sout geëet,
 of is daar smaak
 in die slym van heemswortel?^p
⁷My keel wil dit nie afsluk nie.^q
 Ek het 'n afkeer daarvan,
 asof dit onrein kos vir my is.^r
⁸“*Ag, as my wens tog maar
 vervul word!
 Mag God dit gee waarvoor ek hoop —

*6:4 Job 7:20; 16:13; Ps 38:3

^o6:4 **Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

^p6:6 **slym van heemswortel:** Dit verwys na 'n plant, *Althaea officinalis*, waarvan die slym in die wortels geneeskundige waarde gehad het, onder andere vir keelseer. Word ook vertaal “wit van 'n eier”.

^q6:7 **wil ... afsluk nie:** Letterlik ‘weier om (dit) aan te raak’.

^r6:7 **Ek ... my is:** Die •bronteks is onverstaanbaar en lui letterlik ‘hulle is soos die siektes (veroorzaak deur menstruasie) van my brood’. Die •Septuagint word in die eerste deel van die sin gevolg (“Ek het 'n afkeer van”), en die tweede deel van die sin berus op geringe vokaalwysiging.

*6:8-9 Num 11:15; 1 Kon 19:4

⁹ dat God bereid sal wees
om my te verpletter!

Mag Hy sy hand loslaat
en my van die lewe afsny!

¹⁰ Dit sal vir my weer
vertroosting bring;
ondanks die pyn sal ek opspring
van vreugde.

Hy mag nie deernis betoon nie,
want ek het die woorde
van die Heilige nie verberg nie.*

¹¹ Hoeveel krag het ek oor,
dat ek sou wag?

Wat is my einddoel,
dat ek my lewe sou wou verleng?

¹² Is my krag die krag van klippe?
Of is my liggaam van brons?

¹³ Is dit nie so dat ek myself
nie kan help nie,
dat my vindingrykheid van my
weggedryf is nie?

¹⁴ “*Iemand wat in wanhoop verkeer,
kan reken op die troue liefde
van sy vriend,
selfs al gee hy ontsag
vir die Almagtige prys.

*6:10 want ... verberg nie: Job 23:12

*6:14 Spr 17:17

¹⁵ *Maar my metgeselle
is so bedrieglik
soos 'n nie-standhoudende spruit,
soos die beddings van spruite
wat wegvloei —

¹⁶ hulle is troebel van ys;
sneeu is in hulle weggesteek.

¹⁷ Met die tyd droog hulle op,
hulle sypel weg.

Wanneer dit warm word,
verdwyn hulle van waar hulle was,

¹⁸ hulle tas^s na die roetes
wat hulle moet volg;
hulle loop hulle vas
in onherbergsaamheid
en gaan tot niet.

¹⁹ Karavane van Tema^t
is op die uitkyk,
reisigers van Skeba^u wag vir hulle,

²⁰ maar staan beskaamd,
want hulle het gehoop
dat hulle water sou kry;^v

* **6:15-17** Jer 15:18

^s**6:18 hulle tas:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^t**6:19 Tema:** 'n Bewoonde oase in Noord-Arabië, ongeveer 300 km vanaf die Dooie See se kus.

^u**6:19 Skeba:** 'n Gebied in die suide van Arabië.

^v**6:20 dat ... kry:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

hulle het tot daar gekom,
maar staan verleë.

²¹ “Ja, nou het julle so geword —
julle sien 'n verskrikking
en raak vreesbevange.

²² Het ek dalk gesê,
‘Gee my iets!
Gee volgens julle vermoë
vir my 'n geskenk!

²³ Bevry my uit die hand
van teenstanders!
Uit die hand van geweldenaars
moet julle my vrykoop!?’

²⁴ “Onderrig my, ek sal stilbly;
wat ek verkeerd gedoen het,
verduidelik dit vir my!

²⁵ Hoe kan opregte woorde
krenkend wees?

En hoe kan 'n teregwysing
van julle kant af
hoegenaamd tereg wys?

²⁶ Beplan julle om met woorde
tereg te wys,
maar die woorde van 'n wanhopige
beskou julle bloot as wind?

²⁷ *Selfs oor 'n vaderlose kind^w

sal julle die lot werp,^x
en julle vriend verhandel.

²⁸ Wees dan nou bereid

om na my te kyk.
Ek sal beslis nie in julle gesigte
lieg nie.

²⁹ Draai tog om!

Laat daar nie onreg wees nie!
Draai om!
Ek het steeds die reg aan my kant,
ondanks die onreg.^y

³⁰ *Is daar op my tong^z enige onreg?

Of kan my verhemelte
nie ramspoed eien nie?

7

¹ “*Is dwangarbeid nie 'n sterfling se lot
op aarde nie?

Is sy dae nie maar die dae
van 'n dagloner nie?

*6:27 Ps 55:13-14

^w6:27 **vaderlose kind:** Gewoonlik 'n kind wat sy pa verloor het en niemand het om sy saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal “weeskind”.

^x6:27 **oor ... werp:** Wanneer iemand bankrot te sterwe kom, het die skuldeisers lootjies getrek oor die kinders wat as slawe moes werk.

^y6:29 **ondanks die onreg:** Die bronteks lui “desondanks”.

*6:30 Job 27:4

^z6:30 **tong:** Die tong word geassosieer met spraak.

*7:1-2 Job 14:1,6,14; Sir 40:1

² Soos 'n slaaf smag hy na skaduwee;
soos 'n dagloner wag hy vir sy loon.*

³ *So het leë maande my erfdeel geword,
en is nagte van teenspoed aan my toegewys.

⁴ *As ek gaan lê, dink ek,
Wanneer kan ek opstaan? —
maar die aand sleur voort.^a

Ek is sat van rusteloos wees,
tot die oggendskemer.

⁵ *My liggaam is oortrek van maaiers
en 'n kors stof;
my vel het verhard en dit bars oop.

⁶ My dae is vinniger as 'n wewersklos^b —
dit kom tot 'n einde sonder hoop.

⁷ *Dink daaraan dat my lewe maar 'n asem is;
my oë sal nie weer iets goeds sien nie.

⁸ *Die oog van die Een wat na my kyk,
sal my nie sien nie.

U oë sal op my gerig wees,
maar ek sal nie daar wees nie.

*7:2 soos 'n dagloner ... loon: Vgl Lev 19:13; Deut 24:14-15

*7:3 Job 29:2; Sir 30:17

*7:4 Vgl Deut 28:67

^a7:4 sleur voort: Letterlik 'meet af'. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die
•bronteks.

*7:5 Job 2:7

^b7:6 wewersklos: Werktuig waarmee die inslagdraad redelik vinnig deur die
skering aan die weefraam getrek is.

*7:7 Ps 78:39; 89:48

*7:8 Job 20:9

⁹ *'n Wolk raak tot niet en gaan weg;
so is iemand wat na die •doderyk afdaal —
hy kom nie weer na bo nie.

¹⁰ *Hy keer nie weer terug na sy huis nie;
sy plek ken hom nie meer nie.

¹¹ “*Op my beurt sal ek my mond
nie hou nie.

Ek wil praat uit die benoudheid van my gees;
ek wil kla uit die bitterheid van my siel!

¹² Is ek die see of 'n seemonster,
dat U 'n wag oor my aanstel?

¹³ * As ek dink
my slaapbank sal my troos,
my slaapplek sal my klagte help verlig,

¹⁴ * dan verskrik U my deur drome,
deur naggestigte ontstel U my,

¹⁵ * sodat ek versmoring verkies,
die dood verkies bo hierdie liggaam van my.

¹⁶ Ek gee oor;
ek sal nie vir altyd leef nie.

Laat my met rus,
want my dae is net 'n asemteug!*

*7:9 Wys 2:1,4

*7:10 Ps 103:16

*7:11 Job 10:1; Ps 55:18

*7:13 Job 9:27

*7:14 Job 4:13; 33:15-16

*7:15 Job 3:21; 6:9; Jona 4:3

*7:16 want ... asemteug: Ps 62:10; 144:4

¹⁷ “*Wat is 'n sterfling,
dat U hom so belangrik ag,
dat U aan hom aandag gee,
¹⁸ *hom elke môre besoek,
hom elke oomblik toets?

¹⁹ Hoe lank nog
gaan U nie van my af wegkyk nie,
gaan U my nie alleen laat nie —
net tot ek my speeksel ingesluk het?^c

²⁰ Het ek gesondig?
Wat het ek U aangedoen,
Bewaker van mense?
Waarom stel U my as 'n teiken vir U op?^{*}
Het ek vir U^d 'n las geword?

²¹ Waarom vergewe U nie my oortreding nie,
skeld U nie my sondeskuld kwyt nie?
Want binnekort sal ek in die stof lê;
U sal op die uitkyk wees vir my,
maar ek sal nie daar wees nie.”

*7:17 Ps 8:5; 144:3

*7:18 Vgl Ps 139:1-24

^c7:19 tot ... ingesluk het: 'n Idioom wat vertaal kan word as “totdat ek 'n blaaskans gekry het”.

*7:20 Waarom ... op: Job 16:12

^d7:20 vir U: Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “vir my”, maar die oorskrywers van die teks het aangedui dat die lesing “vir U” moet wees.

Bildad se eerste betoog

¹ *Bildad uit Suag* het hierop gereageer en gesê:

² “Hoe lank nog gaan jy hierdie dinge beweer?

Die woorde van jou mond is bloot

'n groot klomp wind.

³ *Sal God die reg verdraai,

of sal die Almagtige^e

geregtigheid verdraai?

⁴ *As jou kinders teen Hom gesondig het,

het Hy hulle aan hulle oortreding oorgelaat.

⁵ *As jy self God egter ywerig soek

en by die Almagtige pleit;

⁶ as jy onbesproke en opreg is,

ja, dan sal Hy oor jou waak,

dan sal Hy jou regmatige verblyf herstel.

⁷ En al was jou verlede gering,

sal jou toekoms baie voorspoedig wees.

⁸ “*Ja, gaan doen maar navraag

by die vorige geslag;

*8:1 Job 18:1; 25:1

*8:1 Bildad uit Suag: Job 2:11

*8:3 Gen 18:25; Deut 32:4; 2 Kron 19:7; Job 34:10-12; Rom 3:5

^e8:3 Almagtige: In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

*8:4 Job 1:5,18-19

*8:5 Job 5:8

*8:8 Deut 4:32; 32:7; Job 15:18; Sir 8:9

stel vas wat hulle voorouers
reeds noukeurig ondersoek het.

⁹ Ons is immers van gister
en ons weet niks nie;
ja, ons lewensdae is net 'n skaduwee
op aarde.*

¹⁰ Sal hulle jou nie onderrig nie, met jou praat nie,
uit hulle harte argumente aanvoer^f nie?

¹¹ Sal papyrus hoog groei waar daar nie 'n moeras
is nie?

Sal oewergras gedy waar daar nie water is nie?

¹²* Dit is nog besig om te groei, is nog nie gesny nie,
dan verwelk dit al — voor al die ander grasse.

¹³* So loop die paaie van almal
wat van God vergeet:

Die hoop van Godloses gaan tot niet —

¹⁴* hy wat sy hoop vestig op dun spinnerakdrade,^g
wat in 'n spinnerak^h sy vertrouë stel.

¹⁵* As hy teen sy huis leun,
bly dit nie staan nie;

* **8:9 ja ... aarde:** Job 14:2; Ps 39:6; 102:12; 144:4; Wys 2:5

^f**8:10 uit ... aanvoer:** Letterlik 'uit hulle harte woorde laat uitgaan'. Die hart is
beskou as die setel van gedagtes.

* **8:12** Ps 37:1-2; 129:6

* **8:13** Job 13:16; 27:8; Ps 112:10; Spr 10:28

* **8:14** Job 27:18

^g**8:14 dun spinnerakdrade:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die
•bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^h**8:14 spinnerak:** Letterlik 'huis van 'n spinnekop'.

* **8:15** Matt 7:26-27

as hy daaraan vasgryp, hou dit nie stand nie.

¹⁶ Hy is 'n plant vol sapⁱ in die son,
sy ranke brei uit deur sy tuin.

¹⁷ Sy wortels raak vervleg met kliphope,
hy is op die uitkyk vir 'n tuiste van klip.^j

¹⁸ As hy uit sy plek gepluk word,
verloën sy plek hom met,
‘Ek het jou nie gesien nie.’

¹⁹ *Kyk, dit is die vreugde van sy lewenspad,
en uit die grond spruit daar 'n ander een.

²⁰ “Kyk, God verwerp nie iemand
wat onberispelik optree nie;
Hy versterk nie die hand van kwaaddoeners nie.

²¹ Hy sal weer jou mond vul met gelag,
jou lippe met 'n vreugdekreet.

²² Hulle wat jou haat,
sal met skande bedek wees;^{*}
en die tentwoning van die goddeloses
sal nie meer daar wees nie.^{*”}

ⁱ**8:16 plant vol sap:** Dit verwys na 'n rankplant in 'n groentetuin, waarskynlik 'n pampoensap.

^j**8:17 hy ... klip:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^{*}**8:19 Ps 113:7**

^{*}**8:22 Hulle ... bedek wees:** Ps 6:11; 35:26; 109:29; 132:18

^{*}**8:22 die tentwoning ... wees nie:** Spr 14:11

Job se antwoord op Bildad se eerste betoog

¹ *Job het hierop gereageer en gesê:

² “Inderdaad! Ek weet dat dit so is.

Maar hoe kan 'n sterfling voor God
die reg aan sy kant hê?*

³ As iemand graag 'n regstryd

met Hom wil voer,

sal hy hom nie eers

een uit 'n duisend keer kan verweer nie.

⁴ *God wat wys van hart en sterk in vermoë is —

wie was al in verset teen Hom

en het ongedeerd daarvan afgekom?

⁵ *Hy is die een wat berge verskuif

sonder dat hulle dit agterkom,

wat hulle in sy toorn omkeer;

⁶ *Hy wat die aarde uit sy plek skud,

sodat sy pilare bewe;

⁷ *Hy wat die son aanspreek,

sodat dit nie skyn nie,^k

en wat so die sterre verseël;

*9:1 Job 3:1; 6:1; 12:1; 16:1; 19:1; 21:1; 23:1; 26:1; 27:1; 29:1; 39:36; 42:1

*9:2 Maar ... hê: Job 4:17; 25:4; Ps 143:2; Rom 3:20

*9:4 Job 12:13

*9:5 Jes 13:13; Joël 2:10

*9:6 Job 26:11; Heb 12:26

*9:7 Bar 3:33-35

^k9:7 son ... skyn nie: Dit verwys na 'n sonsverduistering of stofstorm.

⁸ * wat die hemel oopspan, Hy alleen,
wat op die see se rûe trap;
⁹ * wat die sterrebeeld van die Leeu,
Orion en die Sewester gemaak het,
ook die kamers van die suide;^l
¹⁰ * wat groot en ondeurgrondelike dinge,
ontelbare wonders, doen.
¹¹ * Kyk, Hy kom langs my verby,
maar ek sien Hom nie raak nie.^m

Hy gaan verby,
maar ek gewaar Hom nie.

¹² Kyk, Hy ruk weg;ⁿ
wie kan Hom teenhou?

Wie kan vir Hom sê,
‘Wat doen U?’^{*}

¹³ God wend nie sy toorn af nie —
onder Hom kruip die helpers van Rahab.^o

***9:8** Ps 104:2; Jes 40:20; 42:5

***9:9** Job 38:31-32; Am 5:8

^l**9:9 kamers ... suide:** Sommige sterrebeelde in die noordelike halfrond verdwyn agter die suidelike horison.

***9:10** Job 5:9

***9:11** Vgl Job 23:8-9

^m**9:11 Kyk ... raak nie:** Word ook vertaal “As Hy langs my verbykom, sien ek Hom nie raak nie.”

ⁿ**9:12 Kyk ... weg:** Word ook vertaal “As Hy wegruk”.

***9:12 Wie ... U:** Pred 8:4; Jes 45:9; Wys 12:12; Rom 9:20

^o**9:13 Rahab:** 'n Mitiese seemonster; vgl Ps 87:4; Jes 51:1. Vyande wat oorwin is, moes tot voor die oorwinnaar se troon op hulle maag seil, waarna die oorwinnaar sy voet op hulle rûe geplaas het; vgl Job 9:8.

¹⁴ *Hoe kan ék my
dan teen Hom verweer,
my woorde in verweer teen Hom kies,

¹⁵ *ek wat, al het ek gelyk,
my nie sal kan verweer nie?

By my teenstander
moet ek om genade smEEK.

¹⁶ As ek my op Hom beroep,
en Hy antwoord my,
glo ek nie dat Hy op my roepstem
sal ag slaan nie,

¹⁷ Hy wat my met 'n stormwind vasgryp,
en my wonde sonder rede* meer maak.

¹⁸ Hy laat my nie toe
om my asem terug te kry nie,
maar versadig my met bitterheid.

¹⁹ As dit oor krag gaan —
Hy is die Sterke!
As dit oor reg gaan,
sê Hy,^p 'Wie kan My dagvaar?'

²⁰ * Al het ek gelyk,
verklaar my mond my skuldig;
al tree ek onberispelik op,

* **9:14** Job 9:32; vgl Job 13:18; 23:1-7

* **9:15** Job 10:15

* **9:17 sonder rede:** Job 2:3

^p**9:19 sê Hy:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **9:20** Job 9:15; 15:6

toon dit dat ek verkeerd is.

²¹ Ek tree onberispelik op.

Ek gee nie om vir my lewe nie;
ek verag my bestaan.

²² *Dit is om't ewe.

Daarom sê ek,

‘Onberispelik of goddeloos —

Hy vernietig albei.’

²³ As 'n ramp onverwags die dood bring —

Hy dryf die spot

met die wanhoop van onskuldiges.

²⁴ Die aarde is oorgegee

in die hand van goddeloses;

die gesigte van die aarde se regters^q bedek Hy.

As dit nie Hy is nie, wie is dit dan?

²⁵ “*My dae is vinniger as 'n hardloper,^r

dit het weggeglip;

dit het niks goeds opgelewer nie,^s

²⁶ dit gly verby saam met papyrusbootjies,*

***9:22** Pred 9:2-3

^q**9:24 die aarde se regters:** Letterlik ‘haar regters’.

***9:25** Job 7:6-7

^r**9:25 hardloper:** Persone wat as 'n soort lyfwag opgetree het en beskikbaar was om opdragte van die koning onmiddellik uit te voer.

^s**9:25 dit het niks ... opgelewer nie:** Die Hebraëuse idioom lui “hulle het (die) goeie nie gesien nie”.

***9:26 papyrusbootjies:** Jes 18:2

soos 'n arend wat sweef bo 'n prooi.^{t*}

²⁷ *As ek sê,
 ‘Ek wil my klagte vergeet,
 my gesigsuitdrukking verander
 en vrolik lyk,’

²⁸ word ek bang vir al my lyding:
 Ek weet dat U my nie sal vryspreek nie.

²⁹ Ek is die een wat skuldig sal bly.
 Waarom sou ek my dan nog vermoei vir niks?

³⁰ Al was ek my met sneeuwater,
 en reinig my hande met potas,^u

³¹ sal U my steeds in 'n put dompel,
 sodat selfs my klere my afstootlik vind.

³² “* Ja, Hy is nie 'n mens, soos ek,
 dat ek my teenoor Hom kan verweer,
 en ons saam na die gereg kan gaan nie.

³³ As daar maar iemand was^v
 wat die saak tussen ons kon besleg,
 wat sy hand oor ons albei kon hou!^w

^t9:26 sweef ... prooi: Word ook vertaal “afpyl op 'n prooi”.

*9:26 soos ... prooi: Hab 1:8

*9:27 Job 7:13

^u9:30 potas: 'n Kaliumbevattende stof wat uit plante verkry is en as smeltmiddel by metale, of as sterk wasmiddel gebruik is.

*9:32 Job 21:4; 33:12

^v9:33 As ... was: Verskeie Hebreëuse mss, die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “daar is nie iemand”.

^w9:33 sy hand ... hou: Dit beteken dat die persoon gesag uitoefen oor albei partye in die saak.

³⁴ *God sou sy staf van my moes verwyder;
sy verskrikking sou my
dan nie ontstel nie.

³⁵ Dan kon ek praat
sonder om Hom te vrees;
maar in my geval is dit nie so nie.”

10

¹ “*Ek walg van my lewe!
Ek wil aan my klagte vrye teuels gee;
uit die bitterheid van my siel wil ek praat.

² Ek sê vir God,
‘Moet my nie skuldig verklaar nie!
Lig my eers in waaroor U
met my 'n regstryd voer.’

³ “*Vind U dit goed dat U verdruk,
dat U die werk van u hande verwerp,
maar oor die planne van goddeloses
lig laat skyn?

⁴ *Het U menslike oë;^x
kyk U soos 'n sterfling kyk?

⁵ Is u lewensdae
soos die dae van 'n sterfling,

***9:34** Job 13:21

***10:1** Job 7:11,15; 9:21; 30:16

***10:3** Vgl Job 8:20; 10:8; Ps 89:39

***10:4** Vgl 1 Sam 16:7; Joh 8:15

^x**10:4 menslike oë:** Letterlik ‘oë van vlees’.

u jare soos die dae van 'n man,
 ⁶ dat U my sondeskuld naspeur,
 my sonde peil,
⁷ *alhoewel U weet dat ek nie skuldig is nie,
en dat daar niemand is
 wat uit u hand kan red nie?*

⁸ “*U hande het my gevorm, my gemaak;
maar U verdelg my geheel en al!

⁹ *Dink tog daaraan dat U my
 soos klei gevorm het.

Wil U my na die stof laat terugkeer?

¹⁰ Het U my nie soos melk uitgegiet,
 my tot kaas laat stol nie,^y

¹¹ vel en vleis oor my getrek,
en my bene en spiere aan mekaar gevleg nie?

¹² Die lewe en troue liefde
 het U aan my gegee;

U sorg het oor my gees die wag gehou.

¹³ *Maar hierdie dinge het U in u hart versteek;
ek weet dat U dít in gedagte gehad het:

¹⁴ *As ek sondig, sou U my dophou;
 van my sondeskuld sou U my

*10:7 Job 11:4

*10:7 niemand ... red nie: Deut 32:39; Wys 16:15

*10:8 Gen 2:7; Ps 119:73; 139:13

*10:9 Gen 3:19; Job 4:19; 33:6

^y10:10 Het ... stol nie: Dit verwys na die vroeë vorming van die embrio.

*10:13 Job 23:14

*10:14 Job 7:20; Am 3:2

nie vryspreek nie.

¹⁵ *As ek skuldig sou wees, wee my!

En as ek gelyk sou hê,
kan ek my kop nie lig nie —
versadig van skande
en sat van^z my ellende.

¹⁶ As ek wel my kop^a lig — soos 'n leeu jag U my,^{*}
en toon weer u ontsagwekkende mag
teen my.

¹⁷ U bring nuwe getuies teen my,
U laat u verergdheid oor my toeneem;
skofte van dwangarbeid word my opgelê.^b

¹⁸ “*Waarom het U my uit die baarmoeder
laat gaan?

Ek moes omgekom het,
en geen oog moes my gesien het nie.

¹⁹ Ek sou dan wees
asof ek glad nie bestaan het nie.

Van die moederskoot
moes ek na die graf geneem word.

²⁰ *Is my lewensdae nie min nie?

***10:15-16** Job 11:15; Ps 3:4

^z**10:15 sat van:** Die •bronteks kan ook as 'n bevel “sien!” vertaal word.

^a**10:16 my kop:** Dit kom nie voor in die bronteks nie, maar word veronderstel.

***10:16 soos ... U my:** Jes 38:13

^b**10:17 skofte ... opgelê:** Letterlik ‘skofte en dwangarbeid is by my’. Die bronteks word op verskillende maniere vertaal.

***10:18** Job 3:11,16

***10:20** Job 7:6-7,16; 9:27; 14:1

Hou dan tog op!

Laat my alleen,

sodat ek 'n bietjie vrolik kan wees

²¹ *voordat ek heengaan en nie weer terugkeer nie* —

na 'n land van donkerte, ja, stikdonkerte,

²² 'n land so duister

soos die stikdonkerste duisternis, wanordelik,

en waar die glans van lig soos duisternis is.”

11

Sofar se eerste betoog

¹ *Sofar uit Naäma* het hierop gereageer en gesê:

² “**Moet 'n stortvloed woorde
onbeantwoord gelaat word,

of 'n loslippige man^c

gelyk gegee word?

³ Sou jou leë praatjies mense

laat swyg,

en sou jy die spot dryf

en niemand jou beskaam nie?

⁴ *Jy beweer, ‘My siening is suiwer,

*10:21 Job 17:13

*10:20-21 Laat ... terugkeer nie: Ps 39:14

*11:1 Job 20:1

*11:1 Sofar uit Naäma: Job 2:11

*11:2-3 Job 15:2-3; 18:2; 38:2; 42:3

*11:2 Spr 10:19

^c11:2 loslippige man: Letterlik ‘n man van lippe’.

*11:4 Job 10:7

ek is rein in u oë.’

⁵ Maar, as God maar net sou praat,
sy mond teen jou oopmaak,

⁶ jou die geheime van die wysheid
meedeel,*

dat dit dubbele voordele bied,
dan sou jy besef dat God jou 'n deel
van jou sondeskuld laat vergeet.

⁷ *Kan jy die geheimenisse
van God ontrafel,
of tot die volmaaktheid
van die Almagtige^d
deurdring?

⁸ *Dit is hoër as die hemel —
wat kan jy vermag?
Dit is dieper as die •doderyk —
wat kan jy weet?

⁹ Langer as die aarde
is die maat daarvan,
en breër as die see.

¹⁰ * As Hy verbygaan,
gee Hy prys of hou bymekaar;^e

* **11:5-6 Maar ... meedeel:** Rom 11:33-34

* **11:7-9** Ps 139:6-10; Pred 3:11; 8:17; Rom 11:33-36

^d**11:7 Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

* **11:8** Ef 3:18

* **11:10** Job 9:11-12; 23:13

^e**11:10 gee ... bymekaar:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

en wie kan Hom keer?

¹¹ *Want Hy is die een
wat vals mense ken
en onreg raaksien.

Sal Hy nie daaraan aandag gee nie?

^{12 f*} As iemand met 'n leë kop
verstand kon kry,
sou 'n wildedonkiehings
as 'n mens gebore kon word.

¹³ “As jy maar net iemand was
wat jou hart daarop gerig het,
en jou handpalms na Hom
uitgestrek het!^g

¹⁴ As daar onreg aan jou hande
kleef, raak ontslae daarvan!
Moenie ongeregtheid
in jou tente laat woon nie!

¹⁵ Want dan sal jy jou kop kan lig
sonder 'n skandvlek;
jy sal stewig staan en nie vrees nie.

¹⁶ Ja, jy sal van teenspoed vergeet;
as water wat verbygevloei het,

* **11:11** Job 13:9; Ps 7:10

^f **11:12** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

* **11:12** Ps 73:22

^g **11:13 jou handpalms ... uitgestrek het:** Die bronteks lui “jou handpalms uitbrei het”. Dit was 'n gebedshouding waarin die hande in die lug opgesteek is, met die handpalms na bo gedraai; vgl 1 Kon 8:22; Ps 143:6; Jes 1:15.

sal jy daaraan dink.

¹⁷ *Die lewe sal hoër styg
as die middagson,
die donker sal soos die oggend wees.

¹⁸ Jy sal geborge voel,
want daar is hoop.

Jy sal alles deurkyk
en veilig gaan slaap;

¹⁹ *jy sal gaan lê,
en niemand sal jou opjaag nie.

Baie mense sal jou guns soek.

²⁰ Maar die oë van goddeloses
raak dof
en die moontlikheid van ontvlugting
is vir hulle verlore;
hulle enigste verwagting
is om die asem uit te blaas.”

12

Job se antwoord op Sofar se eerste betoog

¹ * Job het hierop gereageer en gesê:

² “Ja, julle is inderdaad
ware volksgenote;
en saam met julle sterf die wysheid!

³ * Ook ek het verstand, net soos julle.

* 11:17 Vgl Joh 8:12

* 11:19 Sef 3:13

* 12:1 Job 3:1; 6:1; 9:1; 16:1; 19:1; 21:1; 23:1; 26:1; 27:1; 29:1; 39:36; 42:1

* 12:3 Job 13:2

Ek staan nie vir julle terug nie;^h
en by wie is hierdie dinge
nie bekend nie?

^{4 *}'n Voorwerp van spot
vir sy medemens,
dit het ek geword.

'Toe hy voortdurend na God
geroep het,
het Hy hom geantwoord!'

Dit is die gespot van 'n regverdige,
iemand wat onberispelik optree.ⁱ

⁵'Vir 'n ramp is veragting gepas,'
is die mening van die
selfversekerde,

'n stamp is gepas vir hulle
wie se voete swik.'

^{6 *}Die tente van verwoesters
staan rustig;
en veiligheid heers
vir hulle wat God uittart,
vir hom in wie se hand
God dit laat beland.

⁷“Maar gaan vra gerus

^h12:3 Ek staan ... terug nie: Die Hebreeuse idioom lui “ek val nie weg van julle nie”.

*12:4 Job 17:2,6; 19:18; 30:1; Ps 22:8

ⁱ12:4 Dit ... optree: 'n Sarkastiese verwysing na Sofar.

*12:6 Job 21:7; Ps 73:12

die diere —
hulle sal jou leer,
en die voëls van die hemel —
hulle sal jou inlig.
⁸ Of gaan kla by die aarde,
wat jou sal leer;
die visse van die see sal jou vertel.

⁹ Wie onder hulle almal weet nie
dat die hand van die HERE
dit gedoen het* nie?

¹⁰ *Dit is Hy in wie se hand
die lewe is van alles wat leef,
ook die asem van elke mens
se liggaam.

¹¹ *Toets die oor nie woorde
soos die verhemelte^j kos
proe nie?

¹² *Is daar by grysaards wysheid,
en verseker 'n lang lewe insig?

¹³ *By God is wysheid en krag;
aan Hom behoort raad en insig.

¹⁴ *Kyk, as Hy afbreek,

* **12:9 dat ... gedoen het:** Jes 41:20

* **12:10** Job 27:3; 33:4; Dan 5:23; Wys 7:16

* **12:11** Job 34:3

^j**12:11 verhemelte:** Die tong word geassosieer met spraak en die verhemelte met smaak.

* **12:12** Job 32:7-9

* **12:13** Pred 8:14

* **12:14** Jes 22:22; Op 3:7

word dit nie herbou nie;
sluit Hy iemand toe,
 maak niemand oop nie.
¹⁵ *Kyk, as Hy water terughou,
 droog dit op;
laat Hy die water vry,
 verwoes dit die land.

¹⁶ By Hom is krag en sukses;
aan Hom behoort
 wie dwaal en laat dwaal —
¹⁷ *Hy wat raadgewers kaalvoet
 laat loop^k
 en van regters gekke maak.

¹⁸ Die boeie^l waarmee konings bind,
 maak Hy los,
en bind 'n lendedoek
 om hulle heupe;^m

¹⁹ *Hy wat priesters kaalvoet
 laat loop
 en gevestigde families
 tot 'n val bring;

²⁰ wat betroubare raadgewers

***12:15** Gen 7:11-12; Deut 11:17; Am 9:6

***12:17** Jes 44:25; 1 Kor 1:19-20

^k**12:17 kaalvoet ... loop:** Krygsgevangenes is kaalvoet weggevoer.

^l**12:18 Die boeie:** Die •Targum en •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “die vermaning”.

^m**12:18 lendedoek ... heupe:** Dit was die drag van slawe.

***12:19** Jes 40:3; Luk 1:52

se spraak wegneem
en oudstesⁿ van hulle
oordeelsvermoë ontnem;
²¹ * wat veragting uitstort
oor vooraanstaandes,
en die gordel van sterkes
losmaak;^o
²² * Hy wat diep geheime
uit die donker blootlê,
dit wat pikdonker is,
na die lig bring;
²³ * wat nasies aansien gee
en hulle tot niet maak,
wat nasies laat uitbrei
en hulle wegvoer;
²⁴ * wat die leiers van volke
van die aarde
se verstand wegneem,
en hulle laat ronddwaal
in 'n onherbergsame gebied
sonder paaie.

ⁿ**12:20 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

***12:21** Ps 107:40

^o**12:21 gordel ... losmaak:** Dit beteken dat die lang kleed nie opgebind is nie, en hulle daarom nie aktief besig kan wees nie.

***12:22** Ps 139:12

***12:23** Jes 26:15; Hand 17:26

***12:24** Ps 107:40

²⁵ *Hulle tas rond in die donker
sonder lig;
en Hy laat hulle rondsteier
soos dronkes.”

13

¹ “Kyk, my oog het dit alles
gesien;
my oor het dit gehoor en begryp.

² Wat julle weet, weet ek ook;
ek staan nie vir julle terug^p nie.

³ *Maar ek, met die Almagtige^q
wil ek praat;
die saak wil ek graag met God
beredeneer.

⁴ *Julle is egter mense
wat met leuens pleister,
kwaksalwers, julle almal!

⁵ *As julle maar doodstil wou bly!
Dit sou vir julle as wysheid geld.

⁶ Luister asseblief na my pleidooi;
op die aanklag van my lippe

***12:25** Job 5:14; Ps 107:27; Jes 59:10

^p**13:2** ek staan ... terug: Die Hebreeuse idioom lui “ek val nie weg van julle nie”;
vgl Job 12:3.

***13:3** Job 9:14; 23:3-4; 31:35

^q**13:3** Almagtige: In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

***13:4** Job 16:2; Ps 119:69; Eseg 13:10; 22:28

***13:5** Spr 17:28

moet julle ag slaan.

⁷ *Wil julle namens God
onregverdige argumente
aanvoer,
namens Hom bedrieglike
argumente aanvoer?

⁸ Wil julle partydig wees vir Hom,^r
of namens God 'n regstryd voer?

⁹ *Sal dit goed afloop as Hy julle
onder kruisverhoor neem?

Of sal julle Hom mislei
soos mens 'n sterfling mislei?

¹⁰ Hy sal julle beslis tereg wys
as julle in die geheim partydig is.

¹¹ *Sal sy majesteit
julle nie ontstel nie,
die vrees wat Hy inboesem,
julle nie oorval nie?

¹² *Julle stellings is spreuke
in die stof;
julle antwoorde word
antwoorde van klei!

¹³ “*Swyg voor my,

*13:7 Job 42:7

^r13:8 partydig ... Hom: Die Hebreeuse idioom lui “sy gesig oplik”.

*13:9 Job 11:11

*13:11 Jes 6:1-5

*13:12 Spr 26:7

*13:13 Job 10:1

laat ek 'n keer praat!
Laat dan maar oor my kom wat wil.
¹⁴ Om watter rede neem ek
my eie vlees tussen my tande,
en plaas ek my eie lewe
in die palm van my hand?^s
¹⁵ *Kyk, Hy kan my doodmaak,
maar ek gaan nie wag nie.
Ek wil net my optrede
in sy teenwoordigheid verdedig.
¹⁶ Selfs dit sal vir my
bevryding bied,
want Godloses kom nie
in sy teenwoordigheid nie.*
¹⁷ Luister aandagtig na my woorde,
laat my uiteensetting
in julle ore klink.
¹⁸ Kyk tog, ek het die saak
uiteengesit;
ek weet dat ek die reg
aan my kant het.
¹⁹ *Wie is die een
wat geldige argumente
teen my kan aanvoer?
Want dan sou ek swyg en omkom.

^s**13:14 neem ... hand:** Dit beteken dat Job sy lewe waag; vgl Job 13:15.

^{*}**13:15** Job 6:11; 14:14

^{*}**13:16 want ... teenwoordigheid nie:** Vgl Gen 3:8

^{*}**13:19** Jes 50:8-9

²⁰ “Net twee dinge moet U
my nie aandoen nie,
dan sal ek vir u teenwoordigheid
nie wegkruip nie:

²¹ *U hand, hou dit ver van my,
en u verskrikking, laat dit my
nie ontstel nie.

²² Roep maar!
Ek sal myself verdedig.
Of, ek sal praat, en antwoord U my.

²³ *Hoeveel sondeskuld en sondes
het ek?

My oortreding en my sonde,
maak dit aan my bekend!

²⁴ *Waarom verberg U u gesig
en beskou U my as 'n vyand van U?

²⁵ *Sal U 'n windverwaaide
blaar verskrik,
en 'n droë strooihalm agternasit?

²⁶ *Ja, bitter dinge teken U
teen my aan;
die sondeskuld van my jeug
maak U my erfdeel.

*13:21 Job 9:34; 23:6

*13:23 Job 6:24; 10:2; Ps 19:13

*13:24 Job 19:11; 33:10; Ps 13:2; 44:25; 88:15

*13:25 Ps 83:14

*13:26 Ps 25:7

²⁷ *U sit my voete in die blok;^t
U hou al my bewegings dop;
U plaas u merk^u op my voetsole.
²⁸ *En so iemand,^v hy vergaan
soos iets wat verrot,
soos 'n kledingstuk
wat die motte vreet.

14

¹ “*’n Mens, gebore uit 'n vrou,
se lewensdae is van korte duur
en vol onrus.
² *Soos 'n blom kom hy op
en verwelk;
soos 'n skaduwee vervliet hy
en hou nie stand nie.
³ *Ja, op so een hou U u oë gerig,
hom^w betrek U in 'n regspraak met U.

*13:27 Job 33:11

^t13:27 blok: Dit was twee houtbalke met ooreenstemmende openinge in. Die enkels van die gevangene is daarin vasgeklem.

^u13:27 u merk: 'n Skuldslaaf is na ses jaar vrygelaat, maar lewenslange slawe het die eienaar se merk gedra; vgl Deut 15:16.

*13:28 Ps 39:12; 102:27; Jes 50:9; 51:8

^v13:28 En so iemand: Letterlik ‘En hy’.

*14:1 Wys 2:1; Sir 40:1-10

*14:2 Ps 37:2; 103:15-16; Jes 40:6-8; Jak 1:10; 1 Pet 1:24

*14:3 Job 7:17-18; Ps 8:4; 144:3

^w14:3 hom: Die •Septuagint, •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “my”.

⁴ *Wie kan iets reins uit iets onreins
laat voortkom?^x

Niemand nie!

⁵ As sy lewensdae dan vasgestel is,
die getal van sy maande
by U vasstaan;

as U sy grens bepaal het
wat hy nie kan oorskry nie,

⁶ *kyk dan weg van hom af,
sodat hy kan ophou werk,
totdat hy soos 'n dagloner
tevrede is met sy dag.

⁷ *Ja, vir 'n boom is daar hoop:
As hy afgekap word,
loop hy weer uit,
sy jong lote hou nie op uitspruit nie.

⁸ Al word sy wortel oud
in die grond,
en al gaan sy stomp dood
in die grond,

⁹ van die reuk van water
spruit hy uit,
maak hy lote soos 'n jong plant.

¹⁰ Maar 'n man sterf en is magteloos;

*14:4 Job 4:17; 9:30; 14:15; 25:4; Ps 51:5-6

^x14:4 **Wie ... voortkom:** 'n Vrou was ná die geboorte van 'n seun vir 40 dae onrein. In die geval van 'n dogter nog langer; vgl Lev 12:1-5.

*14:6 Job 7:1,19; Ps 39:13-14

*14:7 Jes 6:13

'n mens kom om —

en waar is hy dan?

¹¹ *Water verdwyn uit 'n see,^y

en 'n rivier droog op en lê uitgedor;

¹² *so gaan lê 'n mens

en staan nie weer op nie.

Tot die hemel nie meer daar is nie,

word hulle nie wakker nie,

word hulle nie wakker gemaak

uit hulle slaap nie.

¹³ “As U my maar

in die •doderyk

wou wegsteek,

my verberg totdat u toorn verby is,^{*}

'n vasgestelde tyd vir my bepaal,

en my dan onthou!

¹⁴ As 'n man sterf, sal hy weer leef?

Al die dae van my dwangarbeid

sou ek wag tot die einde

van my skof.^z

¹⁵ *U sou roep en ek,

*14:11 Jes 19:5

^y14:11 'n see: Die woord “see” word in Hebreeus ook gebruik vir binnelandse mere en groot riviere.

*14:12 Job 7:9-10; Op 20:11; 21:1

*14:13 wou ... verby is: Jes 26:20

^z14:14 einde ... skof: Dit verwys na die nuwe lewe wat God hom sou gee; vgl Job 14:15.

*14:15 Job 10:3; 13:22

ek sou U antwoord;
na u handewerk sou U verlang.
¹⁶ * Alhoewel U nou my treë tel,
sou U nie my sonde dophou nie.

¹⁷ Verseël in 'n sak
sou my oortreding wees;
U sou my sondeskuld toepleister.

¹⁸ “Maar 'n berg stort ineen
en verkrummel,
'n rots verskuif uit sy plek;
¹⁹ water verweer selfs klippe,
stortreën spoel die stof
van die grond weg —
net so laat U 'n sterfling se hoop
tot niet gaan.

²⁰ U oorweldig hom vir altyd,
en hy gaan heen;
U verander sy gelaat
en stuur hom weg.

²¹ * Sy seuns word vereer,
maar hy weet dit nie;
hulle word verkleineer,
maar hy merk dit nie op nie.

²² Sy liggaam ervaar egter pyn,
en hy treur net oor homself.”

* **14:16** Job 10:6; 31:4

* **14:21** Job 21:21; Pred 9:5

Elifas se tweede betoog

¹ *Elifas uit Teman* het hierop gereageer en gesê:

² “*Sal 'n wyse antwoord met sinlose kennis,
en sy binneste met die oostewind vul?

³ Kan hy sy saak verdedig

met 'n argument wat nie sin maak nie,
met woorde waarmee hy niks uitrig nie?

⁴ Jy is boonop die een wat ontsag vir God^a
ondermyn;

jy skat oorpeinsing voor God gering.

⁵ Ja, jou sondeskuld vuur jou mond aan;

jy kies die taal van geslepenes.

⁶ Jou eie mond verklaar jou skuldig —
nie ek nie;

jou lippe getuig teen jou.

⁷ “Is jy die eerste mens wat gebore is?

Is jy voor die heuwels voortgebring?*

⁸ *Luister jy na die vertroulike beraadslaging
van God,

*15:1 Job 4:1; 22:1

*15:1 Elifas uit Teman: Job 2:11

*15:2 Job 16:3

^a15:4 vir God: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*15:7 voor ... voortgebring: Spr 8:24-25

*15:8 Jer 23:18

en beperk jy wysheid net tot jouself?

⁹ *Wat weet jy wat ons nie weet nie?

Watter insig het jy waarin ons nie deel nie?

¹⁰ *Daar is sowel gryskoppe as ou manne

onder ons,

ryper in jare as jou pa.

¹¹ “Is dit te gering vir jou —

God se vertroostinge, 'n sagte woord aan jou?

¹² Waarom voer jou hart jou mee,

waarom laat jou oë jou in die steek,^b

¹³ dat jy jou gegriefdheid teen God rig,

dat daar woorde uit jou mond kom?

¹⁴ **Wat is 'n sterfling, dat hy volkome reg sou wees,

dat hy gelyk sou hê — iemand gebore uit 'n vrou?

¹⁵ Kyk, God^c stel selfs in sy heiliges^d

nie vertrou nie —

ook die hemel is nie rein in sy oë nie —

¹⁶ *hoeveel minder 'n mens wat afstootlik

en ontaard is,

wat ongeregtigheid soos water drink!

*15:9 Job 12:3; 13:2

*15:10 Job 12:12; 32:6-7

^b15:12 **waarom ... steek:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

*15:14-16 Job 25:4-6

*15:14 Job 4:17-18; 14:4; Spr 20:9

^c15:15 **God:** Letterlik ‘Hy’.

^d15:15 **sy heiliges:** Die engele of hemelwesens; vgl Job 1:6; 2:1; 5:1; Ps 89:6,8.

*15:16 Job 34:7; Ps 14:3

¹⁷ “Ek sal jou onderrig, luister na my!

Dit is wat ek gesien het,

en ek wil vertel

¹⁸ * wat die wyses bekend gemaak

en nie weggesteek het nie,

op gesag van hulle voorvaders,

¹⁹ * hulle, die enigstes aan wie die land gegee is,

toe geen buitelanders nog tussen hulle

deurgetrek het nie:

²⁰ * Al die dae van sy lewe

krimp 'n goddelose ineen van angs,

ja, tydens die volle getal jare wat weggesit is

vir 'n gewelddenaar.

²¹ * Die geluid van verskrikkinge is in sy ore;

in 'n tyd van voorspoed oorval 'n verwoester hom.

²² Hy glo nie dat hy uit die donker

sal terugkeer nie;

hy word voortdurend dopgehou,

met die oog op teregstelling.^e

²³ * Hy dwaal rond as kos vir die aasvoëls;^f

* **15:18** Deut 32:7-8; Job 8:8-10

* **15:19** Vgl Joël 3:17

* **15:20** Job 18:11

* **15:21** 1 Thess 5:3

^e**15:22 met ... teregstelling:** Letterlik ‘met die oog op (die) swaard’.

* **15:23-24** Job 18:11-12

^f**15:23 kos ... aasvoëls:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “vir kos. Waar?”. Die Septuagint verskil met een vokaal van die •Masoretiese leestradië.

hy weet dat deur sy eie toedoen

die dag van duisternis gereed is.

²⁴ Benoudheid en neerslagtigheid verskrik hom —

dit oorweldig hom soos wanneer 'n koning

gereedmaak vir die aanslag;

²⁵ omdat hy sy hand teen God uitgesteek het,

hom teenoor die Almagtige^g magtig

gehou het,

²⁶ hardnekkig op Hom afgestorm het

met sy dik, knobbelrige skild.

²⁷ * Al blink sy gesig van die vet

en het hy 'n vetrol om sy middel,

²⁸ en al het hy verwoeste stede bewoon

— huise wat onbewoonbaar moes bly,

wat bestem was om kliphope te wees —

²⁹ hy sal nie ryk bly nie,

sy welvaart sal nie standhou nie;

sy^h besittings sal nie deur die land uitbrei nie.

³⁰ Hy sal die donker nie ontwyk nie.

'n Vlam sal sy loot laat verskrompel,

sodat hy verdwyn deur die asem van God se mond.ⁱ

³¹ Hy moet nie op nietigheid vertrou nie —

hy word mislei;

want nietigheid sal hy as ruilgoed kry.

^g**15:25 Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

^{*}**15:27 Ps 73:4**

^h**15:29 sy:** Letterlik 'hulle'.

ⁱ**15:30 God se mond:** Letterlik 'sy mond'.

³² *Voor sy tyd word dit vervul:^j

sy takke sal nie vol blare wees nie.

³³ *Hy skud sy groen druiwe soos 'n wingerdstok af,

en gooi sy bloeisels soos 'n olyfboom af.

³⁴ Ja, die bende Godloses is onvrugbaar,

en vuur verteer die tente

wat deur omkoperij verkry is.

³⁵ *Hulle is swanger van teenspoed,

en gee geboorte aan onreg,

hulle skoot berei bedrog voor.”

16

Job se antwoord op Elifas se tweede betoog

¹ *Job het hierop gereageer en gesê:

² “Ek het al baie sulke woorde

gehoor!

Almal van julle is treurige troosters!

³ *Is dit nou die einde van jou

woorde van wind?

Of wat dryf jou dat jy bly antwoord?

⁴ Ook ek sou soos julle kon praat

as julle in my plek was.

*15:32 Job 22:16; Ps 55:24; 102:25; Jes 9:13

^j15:32 word dit vervul: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Sommige vertaal dit ná geringe tekswysiging met “verwelk hy”.

*15:33 Jes 18:5

*15:35 Ps 7:15; Jes 59:4; vgl Jak 1:14-15

*16:1 Job 3:1; 6:1; 9:1; 12:1; 19:1; 21:1; 23:1; 26:1; 27:1; 29:1; 39:36; 42:1

*16:3 Job 15:2

Ek sou woorde aanmekaar kon ryg
teen julle,
my kop oor julle meewarig skud.

⁵ Ek sou julle met die woorde
van my mond kon versterk;
die meegevoel van my lippe
sou verligting bring.

⁶ As ek praat, bedaar my pyn nie.
En as ek ophou —
sou dit my dan verlaat?

⁷ “Maar nou —
God het my uitgeput.
U het almal in my omgewing
met vrees vervul.
⁸ *U het my vasgegryp^k —
dit dien as getuienis;^l
die leuen oor my staan teen my op,^m
dit getuig openlik teen my.
⁹ Sy toorn het my verskeur,
my as 'n vyand behandel.

***16:8** Ps 27:12

^k**16:8 vasgegryp**: Word ook vertaal “laat verskrompel”.

^l**16:8 dien as getuienis**: Letterlik ‘tot getuie het dit geword’. Wysheidsleraars (verteenwoordig deur Job se vriende) het geglo dat teenspoed die bewys daarvan was dat God iemand straf vir gedane kwaad.

^m**16:8 leuen ... op**: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

Teen my het Hy op sy tande
gekners;*

my teenstander het my
met sy oë deurpriet.

¹⁰ *Hulle het hulle monde
wyd teen my oopgesper,
my beledigend op die wange
geslaan;

hulle span teen my saam.

¹¹ God lewer my oor
aan misdadigers,ⁿ
in die hande van goddeloses
werp Hy my.

¹² Ek was sorgeloos,
maar Hy het my rondgeruk,
my aan die nek gegryp
en aan stukke gebreek.

Hy het my as 'n teiken
vir Hom opgestel;*

¹³ *sy pyle vlieg rondom my,
sonder genade deurboor Hy
my niere,^o

***16:9 Teen ... gekners:** Ps 37:12

***16:10** Ps 22:14; Klaagl 3:30

ⁿ**16:11 misdadigers:** Een Hebreeuse ms word hier gevolg. Die bronteks lui “'n seun”.

***16:12 Hy het my as ... opgestel:** Job 7:20; Klaagl 3:12-13

***16:13** Job 6:4; Ps 64:8

^o**16:13 my niere:** Die niere is beskou as die setel van die emosies.

Hy stort my gal op die grond uit.

¹⁴ Hy slaan bres ná bres in my;
soos 'n held storm Hy op my af.

¹⁵ “'n Roukleed^p het ek bo-oor
my naakte vel vasgewerk,
ek het my krag^q in die stof laat sink.

¹⁶ My gesig is rooi van die gehuil;
en daar is donker skaduwees
om my oë —

¹⁷ * al kleef daar geen geweld
aan my handpalms nie,
en al is my gebed suiwer.

¹⁸ Grond, moenie my bloed
bedek nie,*
laat daar geen rusplek
vir my hulpgeroep wees nie.

¹⁹ * Maar nou, kyk, my getuie
is in die hemel,
my pleitbesorger in die hoogte;^r

²⁰ die een wat vir my

^p**16:15 roukleed:** As teken van rou, is growwe klere van swart bokhaar aangetrek.

^q**16:15 my krag:** Letterlik ‘my horing’. 'n Horing is dikwels die simbool van krag en aansien.

***16:17** Job 33:9

***16:18 Grond ... bedek nie:** Gen 4:10; Jes 26:21; Eseg 24:7

***16:19** Vgl Job 19:25; Op 8:3-4

^r**16:19 in die hemel ... hoogte:** Dit verwys na iemand in die hemelse hofhouding.

voorspraak maak, is my vriend.
By God stort my oog trane;
²¹ maar die voorspraak^s
sal vir 'n man by God pleit
soos 'n mens vir sy vriend pleit.
²² *Want min jare sal verloop
voordat ek op 'n pad gaan
waarmee ek nie sal terugkeer nie.”

17

¹ “*My gees is neerslagtig,
my dae is uitgedoof;
die graf wag op my.
² Bespotting is beslis my lot;
op hulle teenkanting^t bly my oog rus.
³ *Hou asseblief my pand by U.^u
Wie anders sal vir my
as borg optree?^v
⁴ U het immers hulle harte

^s16:21 die voorspraak: Letterlik ‘hy’.

*16:22 Job 10:21

*17:1 Ps 88:4-6

^t17:2 Bespotting ... teenkanting: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die
•bronteks, en dit word verskillend vertaal.

*17:3 Spr 6:1

^u17:3 Hou ... U: Dit verwys waarskynlik na die gebruik om 'n pand by die regter
te laat, sodat die klaer seker is dat sy saak verhoor sal word.

^v17:3 Wie ... optree: Letterlik ‘wie is hy wat vir my hand hom laat slaan’. By die
sluit van 'n ooreenkoms om as borg op te tree, het die twee partye mekaar se
hande geklap of geskud.

van insig weerhou;
daarom sal U hulle nie
na die hoogte neem nie.^w

⁵ Wie vriende aankla
vir eie voordeel^x —
sy kinders se oë sal dof raak.

⁶ “*God^y het van my 'n spreekwoord
onder mense gemaak;
soos spoeg in die gesig
het ek geword.

⁷ My oë is dof van leed;
al my ledemate is maar net
soos 'n skaduwee.

⁸ ^zOpregtes staan verslae hieroor;
'n onskuldige raak ontsteld
oor 'n Godlose.

⁹ ^{a*}'n Regverdige hou immers koers,
en wie rein hande het,
se krag vermeerder.

^w**17:4 daarom ... neem nie:** Job se vriende sal nie vir hom in die hemelse hofhouding kan pleit nie.

^x**17:5 eie voordeel:** Letterlik ‘vir 'n deel’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^{*}**17:6** Job 30:9-10; Ps 44:15; vgl Matt 27:30

^y**17:6 God:** Die bronteks lui “Hy”.

^z**17:8** Job verwys hier sarkasties na sy vriende as “opregtes” en “'n onskuldige” en na homself as “'n Godlose”.

^a**17:9** Dit is 'n tipiese wysheidspreuk wat Job sy vriende in die mond lê.

^{*}**17:9** Job 22:30; vgl Ps 24:4

¹⁰ *Maar julle kan almal^b maar
aanhou terugkom.
Ek sal niemand onder julle vind
wat wys is nie.

¹¹ “*My dae is verby,
my planne is daarmee heen,
ja, die begeertes van my hart.

¹² *Van die nag maak hulle dag:
‘Die lig is naby,
juis omdat dit donker is.’

¹³ As ek my hoop op iets
moet vestig:

Die •doderyk is my tuiste,
in die donker het ek
bed oopgerol;

¹⁴ vir die graf het ek gesê,
‘Jy is my pa!’

vir die wurms,
‘My ma!’ en ‘My suster!’

¹⁵ Waar is my hoop dan?
Ja, my hoop — wie sien dit nog?

*17:10 Job 12:2; 17:4

^b17:10 **julle kan almal**: Sommige Hebreeuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle almal”.

*17:11 Job 7:6; 9:25; 17:1

*17:12 Job 11:17

¹⁶ *Sal dit saam met my afgaan
na die doderyk?^c
Sal ons saam wegsink^d
in die stof?”

18

Bildad se tweede betoog

¹ *Bildad uit Suag* het hierop gereageer en gesê:

² “Hoe lank gaan julle nog tyd bestee
aan woorde?

Kom tot insig! Dan kan ons praat.

³ *Waarom word ons as vee beskou?

Waarom is ons stompsinnig^e
in julle oë?

⁴ Jy, 'n mens wat homself verskeur
in sy toorn —

moet die aarde ter wille van jou
verlate lê,

rotse uit hulle plek verskuif word?

*17:16 Job 3:17-19; 7:9; 21:26

^c17:16 **Sal dit ... doderyk:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “(na) die draaghoute van die doderyk sal dit afgaan”.

^d17:16 **Sal ons ... wegsink:** Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van een vokaal. Die bronteks lui “of is daar saam rus”.

*18:1 Job 8:1; 25:1

*18:1 **Bildad uit Suag:** Job 2:11

*18:3 Vgl Job 12:7-8; Ps 73:22

^e18:3 **stompsinnig:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord wat waarskynlik verband hou met “toegestop”.

⁵ “*Boonop, die lig van goddeloses
word uitgedoof;

die vlam van hulle vuur
gee nie meer 'n gloed af nie.

⁶ Die lig in sy tent raak donker,
sy lamp bo hom word uitgedoof.

⁷ *Sy kragtige treë word belemmer,
sy eie raad bring hom tot 'n val.

⁸ *Ja, hy word deur sy eie voete
in 'n vangnet ingelei;

hy loop heen en weer
oor die latwerk
bo 'n vanggat.^f

⁹ 'n Valstrik gryp hom
aan die hakskeen,
'n strik vang hom vas.

¹⁰ 'n Vangriem is vir hom
op die grond versteek,
'n lus lê vir hom in die voetpad.

¹¹ *Van alle kante af
maak verskrikkinge hom beangs,
dit sit op sy hakke.

***18:5** Job 21:17; Spr 13:9; 24:20

***18:7** Spr 4:12

***18:8-10** Ps 9:16; 35:7-8; 140:5

^f**18:8 bo 'n vanggat:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel. “Latwerk” verwys na die takke wat inmekaar gevleg is om die vanggat te verberg.

***18:11** Job 15:21

¹² Sy krag is uitgeput,
teenspoed staan gereed vir sy val.

¹³ Dit verteer sy vel broksgewys;
hierdie eersgeborene van die dood
 verteer hom broksgewys.

¹⁴ Uit sy tent, waar hy hom
 veilig voel,
 word hy weggeruk;
dit dryf hom na die koning
 van verskrikkinge.^g

¹⁵ *Niks van sy besittings
 sal in sy tent oorbly nie;^h
swael sal oor sy woonplek
 uitgestrooi word.

¹⁶ *Aan die onderkant
 verdroog sy wortels,
aan die bokant
 verwelk sy takke.

¹⁷ *Sy nagedagtenis verdwyn
 van die aarde af;
hy het nie meer 'n naam
 op straat nie.

^g**18:14 koning van verskrikkinge:** Die dood.

***18:15** Vgl Deut 29:23; Ps 11:6

^h**18:15 Niks ... oorbly nie:** Letterlik ‘sy sal tuis wees in sy tent, niks wat aan hom behoort’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Op grond van ander Semitiese tale word dit ook vertaal “Vuur sal in sy tent tuis wees.”.

***18:16** Job 15:23-33

***18:17** Ps 9:6; 41:5; 34:17; Spr 10:17

¹⁸ Hulle dryf hom uit die lig
na die donker,
van die aarde af verdryf hulle hom.

¹⁹ *Hy het geen kind of nageslag
by sy mense nie,
geeneen wat oorbly
in sy blyplekke nie.

²⁰ Oor sy dagⁱ staan die mense
in die weste verslae,
en is die mense in die ooste
met afgryse vervul.

²¹ * Ja, so is die woonplekke
van 'n boosdoener,
so is die plek van hom
wat God nie geken het nie.”

19

Job se antwoord op Bildad se tweede betoog

¹ * Job het hierop gereageer en gesê:

² “Hoe lank gaan julle my nog teister,
my met woorde verbrysel?

³ Dit is nou tien keer dat julle my verneder het;
skaamteloos teister^j julle my.

⁴ As ek inderdaad onwetend gesondig het,

* **18:19** Ps 37:28

ⁱ **18:20 sy dag**: Die dag van sy ondergang.

* **18:21** Job 21:18

* **19:1** Job 3:1; 6:1; 9:1; 12:1; 16:1; 21:1; 23:1; 26:1; 27:1; 29:1; 39:36; 42:1

^j **19:3 teister**: Drie Hebreuse mss en die •Septuagint word hier gevolg. Die betekenis van die werkwoord in die •bronteks is onbekend.

is my onopsetlike sonde net my saak.

⁵ *As julle julle inderdaad bo my verhef,
my verleentheid as bewys teen my wil aanvoer,

⁶ *besef dan dat dit God is wat my te na gekom het,
en dat dit sy net is wat Hy om my gespan het.

⁷ Kyk, ek skreeu, 'Geweld!',
maar ek kry geen antwoord nie;

ek roep om hulp,
maar daar is geen geregtigheid nie.

⁸ Hy het my lewenspad met klippe versper,
sodat ek nie verby kan kom nie;
oor my paaie het Hy die donker laat toesak.

⁹ Hy het my van my waardigheid gestroop,
die kroon van my kop verwyder.

¹⁰ *Hy het my aan elke kant afgebreek,
en ek moes gaan.^k

Hy het my hoop ontwortel soos 'n boom.

¹¹ *Hy het sy toorn teen my laat ontbrand,
my as een van sy teenstanders beskou.

¹² *Sy troepe trek saam;
hulle vul hulle beleëringswal^l teen my op,

*19:5 Ps 35:26; 38:17

*19:6-8 Klaagl 3:7-9

*19:10 Job 14:7; 17:15

^k19:10 Hy ... gaan: Die beeld is dié van 'n beleërde stad waarvan die mure afgebreek word, en die inwoners in ballingskap moet gaan.

*19:11 Job 33:10

*19:12 Job 10:17

^l19:12 hulle beleëringswal: Letterlik 'hulle pad'. Dit is die skuinste waarteen die oorlogstuig opgestoot word om die stadsmuur mee aan te val.

reg rondom my woonplek^m slaan hulle laer op.

¹³ “*My volksgenote het Hy van my verwyder,
mense wat my ken,

draai net eenvoudig van my af weg.

¹⁴ My bloedverwante daag nie meer op nie;
my vertroueling het my vergeet.

¹⁵ Vreemdelingeⁿ wat by my tuis is
en my slavinne beskou my as 'n buitestander;
in hulle oë is ek 'n vreemde.

¹⁶ Na my slaaf roep ek, maar hy antwoord nie;
met my eie mond moet ek hom smeek.

¹⁷ My asem is weersinwekkend vir my vrou,
ek is walglik vir my broers en susters.^o

¹⁸ Selfs jong seuns verwerp my;
as ek wil opstaan, draai hulle die rug op my.^p

¹⁹ * Al my vertroueling vind my afstootlik;
hulle wat ek liefhet, het teen my gedraai.

²⁰ * Ek is net vel en been,^q

^m**19:12 my woonplek:** Letterlik ‘my tent’.

* **19:13** Ps 38:12; 69:9; 88:9,19

ⁿ**19:15 Vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge het beskerming geniet.

^o**19:17 my broers en susters:** Letterlik ‘die kinders van my moederskoot’.

^p**19:18 draai ... my:** Word ook vertaal “praat hulle teen my”.

* **19:19** Ps 41:10; Sir 6:8-10; vgl Joh 16:18

* **19:20** Job 7:5; Ps 102:6

^q**19:20 Ek ... been:** Letterlik ‘aan my vel en aan my vleis kleef my gebeente’.

en ek gaan net my tandvleise oorhou.^r

²¹ “Kry my tog jammer! Kry my tog jammer!

Ja, julle, my vriende!

Want dit is die hand van God

wat my getref het.

²² Waarom vervolg julle my soos God,

en kry nie genoeg van my vleis nie?

²³ *Kon my woorde nou maar neergeskryf word,

in 'n boekrol vasgelê word,

²⁴ met 'n ystergriffel en lood

vir altyd in 'n rots gegraveer wees!

²⁵ *Maar ek, ek weet:

My lossers^s leef!

Uiteindelik sal hy op die stof as getuie^t opstaan.

²⁶ *Nadat hulle my vel so afgeskeur het,

sal ek, 'n mens van vlees en bloed,^u

^r**19:20 ek ... oorhou:** Letterlik ‘ek wil net ontkom met die vel van my tande’.

Daar is groot onsekerheid oor die betekenis van die hele vers, en dit word verskillend vertaal.

***19:23** Jes 30:8

***19:25** Jes 43:14; 44:6,24; vgl Rut 4:1-14

^s**19:25 lossers:** 'n Losser moes familiebelange beskerm en ook enkelinge wat in die skuld raak, loskoop.

^t**19:25 as getuie:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel. Job verwag dat die hemelse wese (vgl Job 16:19; 17:4) vir hom as getuie sal optree; vgl Deut 19:15.

***19:26-27** Ps 17:15; Matt 5:8; 1 Kor 13:12; 1 Joh 3:2

^u**19:26 'n mens ... bloed:** Letterlik ‘vanuit my vlees’.

God^v sien, ²⁷ wat net ek sal sien;
my eie oë, en niemand anders nie, sal Hom sien.

My hele wese smag daarna.^w

²⁸ As julle dink, ‘Hoe sal ons hom vervolg?’

Die wortel van die saak

is by hom^x te vinde,’

²⁹ moet julle self die swaard vrees

— woede is immers 'n sondeskuld

wat die swaard verdien —

sodat julle kan weet dat daar 'n oordeel is.”

20

Sofar se tweede betoog

¹ *Sofar uit Naäma* het hierop gereageer en gesê:

² “My onrusbarende gedagtes*

laat my dan nou antwoord,

op grond van die ongeduld^y

in my:

³ 'n Teregwysing wat my verneder,

^v19:26 **God:** Kan na aanleiding van Job 16:19 ook vertaal word “'n hemelse wese”.

^w19:27 **My ... daarna:** Die Hebreuse idioom lui “my niere in my binneste word verteer”. Die niere is onder andere beskou as die setel van die emosies.

^x19:28 **by hom:** Die vroeë vertalings en ongeveer 100 Hebreuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui “by my”.

*20:1 Job 11:1

*20:1 **Sofar uit Naäma:** Job 2:11

*20:2 **onrusbarende gedagtes:** Job 4:13

^y20:2 **ongeduld:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van hierdie woord in die •bronteks.

moes ek aanhoor;
hy antwoord my met 'n gesindheid
buite my begrip,^z
⁴ Dit weet jy tog:
Van die vroegste tye af,
vandat God die mens op aarde
geplaas het,
^{5 *} is die gejuig van goddeloses
van korte duur,
en die vreugde van 'n Godlose
net vir 'n oomblik.
⁶ Al styg sy selfverheffing
ten hemele,
en raak sy kop aan die wolke,
⁷ soos sy eie ontlasting,
gaan hy vir altyd tot niet;
dié wat hom gesien het,
sal vra, 'Waar is hy?'
^{8 *} Soos 'n droom vlieg hy weg,
sonder om weer gevind te word;
hy word verdryf soos 'n naggestig.
⁹ Die oog wat hom raakgesien het,
sien hom nie meer nie,
en sy plek merk hom

^z**20:3 gesindheid ... begrip:** Daarmee word na Job se standpunt verwys. Daar is egter onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

***20:5** Ps 37:35-36

***20:8** Ps 73:19-20

nie meer op nie.

¹⁰ Sy kinders moet die armes
vergoed;
sy eie hande gee sy rykdom terug.

¹¹ Sy liggaam was vol
van sy jeugdige krag,
maar saam met hom
lê dit in die stof.

¹² “* Al smaak die kwaad soet
in sy mond,
al steek hy dit onder sy tong^a weg,

¹³ al gaar hy dit op
en gee dit nie prys nie;
al hou hy dit terug in sy mond,
¹⁴ word sy kos in sy ingewande
verander;
dit is die gif van kobras
in sy binneste.

¹⁵ * Die rykdom wat hy ingesluk het,
sal hy opgooi;
God sal dit uit sy maag dryf.

¹⁶ Die gif van kobras suig hy op,
die tong van 'n adder
maak hom dood.

*20:12 Spr 20:17

^a20:12 tong: Die tong word geassosieer met spraak.

*20:15-16 Vgl Deut 32:32-33

¹⁷ *Laat hy nie met vreugde kyk
na die spruite, na die riviere,
die strome heuning
en dikmelk nie.

¹⁸ Wat moeisaam verwerf is,
gee hy telkens terug;
hy sluk dit nie in nie.
Sy handelswins sal hy nie geniet nie,

¹⁹ omdat hy armes mishandel het,
hulle in die steek gelaat het;
op huise wat hy nie gebou het nie,
het hy beslag gelê.

²⁰ Omdat sy maag nie tevredenheid
ken nie,
sal hy nie met sy kosbaarhede
wegkom nie.

²¹ Niks ontkom aan sy vraatsug nie;
daarom sal sy voorspoed
nie duur nie.

²² Ten spyte van al sy oorfloed
raak hy in die noute;
die volle krag van teenspoed^b
kom op hom af.

²³ *Om sy maag vol te maak,

*20:17 Job 29:6

^b20:22 volle ... teenspoed: Verskeie Hebreuse mss, die •Septuagint en •Vulgaat word hier gevolg. Dit verskil met een vokaal van die bronteks wat lui “elke hand van 'n werker”.

*20:23 Vgl Ps 11:6; Eseg 38:22

stuur God^c sy brandende toorn
teen hom,

Hy laat dit op hom neerreën,
op sy liggaam.

²⁴ *Vlug hy weg van ysterwapens,
deurboor 'n bronspyl hom.

²⁵ Hy trek dit uit;
en kom dit uit sy rug uit,
blink dit van sy gal.

Skrikbeelde oorval hom dan.*

²⁶ *Volledige duisternis lê gereed
vir wat hy weggesit het;
'n vuur wat nie aangeblaas is nie,^d
sal dit verteer.

Oorlewendes in sy tent
kom sleg daarvan af.

²⁷ Die hemel ontbloot sy sondeskuld,
en die aarde kom teen hom
in opstand.

²⁸ Vloedwaters sal sy huis wegvoer,^e
waterstrome op die dag

^c**20:23 God:** Die bronteks lui “Hy”.

***20:24-25** Deut 32:41-42; Job 6:4; Jes 24:18

***20:25 Skrikbeelde ... dan:** Job 15:21; 18:11; Ps 88:16

***20:26** Job 22:20; Ps 21:10; 50:3

^d**20:26 'n vuur ... is nie:** Dit is vuur wat nie deur menslike toedoen ontstaan het nie, waarskynlik 'n weerligstraal.

^e**20:28 Vloedwaters ... wegvoer:** Die Septuagint word hier gedeeltelik gevolg. Die bronteks lui “Die opbrenge van sy huis gaan in ballingskap”; vgl egter die parallelle sinsnede in die volgende reël.

van God se^f toorn.
29 *Van God se kant af
is dít die erfdeel
van 'n goddelose mens,
die erfenis deur God
aan hom toegesê.”

21

Job se antwoord op Sofar se tweede betoog

1 * Job het hierop gereageer en gesê:

2 “Luister goed na my woorde —
dit sal julle vertroosting
aan my wees.

3 Verdra my nou, ek sal praat;
as ek klaar gepraat het,
kan jy verder spot.*

4 “Is ek die een wat my klagte
teen 'n mens rig?

En waarom mag ek dan
nie ongeduldig wees nie?

5 As julle aan my aandag skenk,
sal julle verbyster wees,
en julle hande voor julle monde hou.*

^f20:28 God se: Die bronteks lui “sy”.

*20:29 Job 27:13; 31:2-3

*21:1 Job 3:1; 6:1; 9:1; 12:1; 16:1; 19:1; 23:1; 26:1; 27:1; 29:1; 39:36; 42:1

*21:3 kan ... spot: Job 16:10,20

*21:5 julle hande ... hou: Job 29:9; 39:37

⁶ As ek daaraan dink, is ek ontsteld
en trek 'n siddering deur my lyf.

⁷ *Waarom bly goddeloses
aan die lewe?

Waarom word hulle oud,
groeï hulle mag selfs?

⁸ Hulle nageslag is bestendig
in hulle teenwoordigheid,
by hulle;

hulle nakomelinge is daar
voor hulle oë.

⁹ Hulle huise is veilig,
sonder verskrikking;

en die roede van God
is nie op hulle nie.

¹⁰ Hulle bulle dek die koeie^g
sonder om te faal,
hulle koeie kalf
en het nie misgeboortes nie.

¹¹ Hulle laat hulle seuntjies toe
om rond te loop soos kleinvee;
hulle kinders huppel rond.

¹² *Begelei deur tamboeryne en liere^h
sing hulle;

***21:7** Job 12:6; Ps 73:3-12; Jer 12:1-2; Mal 3:15,18

^g**21:10 die koeie:** Die woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***21:12** Jes 5:12; Am 6:5

^h**21:12 liere:** Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

hulle is vrolik as hulle die klank
van fluite hoor.

¹³ Hulle eindig hulle lewensjare
in voorspoed,
en gaan rustig afⁱ na die •doderyk.

¹⁴ *Hulle sê vir God,
‘Bly weg van ons af!
Om u paaie te ken, pas ons nie.

¹⁵ *Wie is die Almagtige^j
nou eintlik dat ons Hom
moet dien?
En wat baat dit ons as ons biddend
by Hom pleit?’

¹⁶ *Kyk, hulle voorspoed
is nie in hulle eie hande nie;
die planne van goddeloses
is ver van my.

¹⁷ *Hoe dikwels word die lamp
van goddeloses uitgedoof
en oorval teenspoed hulle,
die verwoesting wat Hy
in sy toorn uitdeel?

ⁱ**21:13 gaan ... af:** Die •Vulgaat, •Targum en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “word verpletter”.

***21:14** Job 22:17

***21:15** Job 34:9; Mal 3:14; vgl Eks 5:2

^j**21:15 Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

***21:16** Job 22:18; Ps 1:1; Spr 1:10

***21:17** Job 18:5; 20:26-28

18 *Word hulle soos strooihalms
voor die wind,
soos kaf wat deur 'n stormwind
weggedra word?

19 Julle sê,^k 'God spaar sy onheil
vir iemand se kinders.'*

Hy moet dit liever
aan die persoon self vergeld,
sodat hy dit beleef.

20 Sy oë moet sy ondergang sien,
van die Almagtige se woede*
moet hy drink.

21 *Wat gee hy immers om
vir sy huisgesin ná hom
wanneer die getal van sy maande
tot 'n einde gekom het?

22 *Sal hy dan aan God kennis
kan meedeel,
terwyl God^l selfs hulle
wat verhewe is, oordeel?

23 Een persoon sterf terwyl hy
oor al sy kragte beskik —

*21:18 Job 27:21; Ps 1:4; 35:5

^k21:19 Julle sê: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*21:19 God ... kinders Eks 20:5; 34:7; Deut 5:9; Job 5:4; 20:10

*21:20 Almagtige se woede: Ps 75:9; Jes 51:17; Jer 25:15-29

*21:21 Job 14:21-22

*21:22 Jes 40:14; Rom 11:34; 1 Kor 2:16

^l21:22 God: Letterlik 'Hy'.

heeltemal onverstoord en sorgeloos,

^{24 m}met sy emmers vol melk,

en sy beenmurg vogtig.

²⁵ 'n Ander persoon sterf

met 'n verbitterde gemoed,

sonder dat hy voorspoed

gesmaak het.

^{26 *}Saam lê hulle in die stof,

en die maaiers bedek hulle albei.

²⁷ “Kyk, ek ken julle gedagtes,

die versinsels waarmee julle

my geweld aandoen.

²⁸ As julle sê, ‘Waar is die huis

van vooraanstaandes?

Waar is die tentwonings

van goddeloses?’^{*}

²⁹ het julle nie by reisigers

navraag gedoen

en op hulle tekensⁿ ag geslaan nie?

^{30 *} Ja, op die dag van teenspoed

word 'n bose mens gespaar;

op die dag van woede-uitbarstings

^m**21:24** Dit beteken dat hy volle voorspoed geniet en gesond is.

^{*}**21:26** Job 20:11; Jes 14:11

^{*}**21:28 huis ... goddeloses:** Job 15:34; 18:21

ⁿ**21:29 reisigers ... tekens:** Dit verwys waarskynlik na vuursiniale waarmee reisigers in die woestyn mekaar gewaarsku het teen rowers.

^{*}**21:30** Pred 11:4; vgl Rom 2:3-6

word hy veilig gelei.

³¹ Wie sal hom sy optrede
openlik verwyt?

En wat hy aangevang het —
wie gaan hom daarvoor vergeld?

³² Hy egter, word na die graf
geneem;

en oor sy graf hou iemand wag.

³³ Die kluite van die skag^o
is vir hom soet.

Alle mense sal hom volg,
en dié wat hom voorafgegaan het,
is ontelbaar.

³⁴ Hoe kan julle my troos
met nietigheid?

Julle antwoorde kom uiteindelik
neer op ontrou!”

22

Elifas se derde betoog

¹ *Elifas uit Teman* het hierop gereageer en gesê:

² “*Kan 'n man vir God
van waarde wees?

Ja, kan selfs iemand met insig

^o21:33 skag: Dit is die toegang tot die familiegraf. Die Hebreeuse woord verwys gewoonlik na 'n stroombedding, maar word ook gebruik vir “skag”; vgl Job 28:4.

*22:1 Job 4:1; 15:1

*22:1 Elifas uit Teman: Job 2:11

*22:2 Job 35:6-8

vir Hom van waarde wees?

³*Vind die Almagtige^p

vreugde daarin

wanneer jy regverdig optree,

of hou dit vir Hom voordeel in

wanneer jy onberispelik optree?

⁴ Is dit oor jou ontsag vir Hom

dat Hy jou tereg wys,

met jou in 'n regstryd betrokke raak?

⁵ Is jou boosheid nie groot nie?

Daar is geen einde

aan jou sondeskuld nie!

⁶* Ja, jy het sonder rede 'n pand

geneem van jou volksgenote,

die klere van halfnaaktes afgestroop.

⁷* Jy het geen water te drink gegee

aan wie uitgeput was nie,

van wie honger was,

het jy brood weerhou.

⁸ Mense met mag,

vir hulle was grond beskikbaar,

dié met aansien,

hulle kon daarop woon.

*22:3 Vgl Luk 17:7-10

^p22:3 **Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

*22:6 Eks 22:26; vgl Eseg 18:7,12,16

*22:7 Job 31:7; Jes 58:7; Matt 25:42

⁹ *Weduwees het jy
met leë hande weggestuur,
die hande van vaderlose kinders^q
is afgekap.^r

¹⁰ *Daarom is daar valstrikke
rondom jou,
en oorweldig vrees jou onverwags.

¹¹ *Of sien jy nie die duisternis,
die watervloed wat jou bedek nie?

¹² “*Is God nie in die hoë hemel nie?
Kyk maar net na die hoogste sterre,^s
ja, kyk hoe hoog is hulle!

¹³ *Maar jy sê, ‘Wat weet God?
Kan Hy deur digte duisternis
'n oordeel vel?

¹⁴ *Wolke omhul Hom;
Hy sien nie terwyl Hy
bo die hemelkoepel

*22:9 Eks 22:22; Job 31:16-22; vgl Job 29:12-13

^q22:9 vaderlose kinders: Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal “weeskinders”.

^r22:9 hande ... afgekap: Die Hebraëuse idioom lui “die arms ... is verbrysel”.

*22:10 Job 18:8-11

*22:11 Ps 69:2-3

*22:12-14 Jes 40:22,26-27

^s22:12 hoogste sterre: In die tyd van die Ou Testament is geglo dat God se woonplek bo die hoogste sterre is.

*22:13 Ps 73:11; Jes 29:15

*22:14 Jer 23:23-24

rondwandel nie.’

¹⁵ Wil jy by die oeroue pad hou
wat bese mense oopgetrap het,

¹⁶ hulle wat voor hulle tyd
weggeruk word,
hulle wie se fondament deur 'n rivier
weggevoer word,

¹⁷ * hulle wat vir God gesê het,
‘Bly van ons af weg!’

en, ‘Wat kan die Almagtige
aan ons^t doen?’

¹⁸ * en dit terwyl Hy die Een is
wat hulle huise gevul het
met die goeie?

Maar die planne van goddeloses
is ver van my.

¹⁹ Regverdiges sien dit en is bly.
Onskuldiges dryf die spot met hulle,

²⁰ ‘Voorwaar, ons teenstanders
is uitgewis,

en wat van hulle oor was,
is deur vuur verteer.’

²¹ “As jy jou maar net
met Hom versoen,

*22:17 Job 21:14

^t22:17 aan ons: Die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui
“aan hom”.

*22:18 Job 21:16

sal jy vrede hê;
dan sal die goeie weer
na jou toe kom.

²² Aanvaar tog die onderrig
uit sy mond,
en hou sy woorde in jou hart.

²³ As jy terugkeer na
die Almagtige,
sal jy herbou word —
as jy onreg uit jou tent verwyder.

²⁴ Gooi gouderts in die stof,
Ofir-goud^u tussen die rotse
van die spruite.

²⁵ Dan sal die Almagtige
jou gouderts en uitgesoekte
silwer vir jou wees.

²⁶ * Ja, dan sal jy jou vreugde vind
by die Almagtige,
en jou gesig na God ophef.

²⁷ Jy sal by Hom pleit
en Hy sal jou verhoor;
jou beloftes sal jy betaal.

²⁸ Jy sal oor 'n saak besluit,
en dit sal vir jou vervul word;
oor jou paaie sal 'n lig skyn.

^u**22:24 Ofir-goud:** Ofir was die hawe vanwaar Salomo se skepe goud en silwer gebring het; vgl 1 Kon 9:28; 1 Kron 1:23; Ps 45:10.

***22:26** Job 27:10; Ps 63:3-5; 84:11; Jes 58:14

^{29 v*}Wanneer mense iemand
verneder,
sal jy sê, ‘Dit is hoogmoed!’
Wie neergeslane oë het, verlos Hy.
³⁰Hy bevry selfs iemand
wat nie onskuldig is nie,
iemand wat sal ontkom
omdat jou hande skoon is.”

23

Job se antwoord op Elifas se derde betoog

¹* Job het hierop gereageer en gesê:
²“Ook vandag is my klag rebels;^w
sy hand^x is swaar,
ten spyte van my gesug.
³* Ag, as ek maar geweet het
waar ek Hom kon vind,
as ek maar tot by sy vaste woonplek
kon kom!
⁴* Ek sou die saak voor Hom

^v**22:29** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^{*}**22:29** Ps 18:28; Jes 2:11-17; Matt 23:12; Luk 1:52; 1 Pet 5:6

^{*}**23:1** Job 3:1; 6:1; 9:1; 12:1; 16:1; 19:1; 21:1; 26:1; 27:1; 29:1; 39:36; 42:1

^w**23:2 rebels:** Word ook vertaal “bitter” in navolging van die •Vulgaat, •Targum en •Peshitta.

^x**23:2 sy hand:** Die •Septuagint en Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui “my hand”.

^{*}**23:3-7** Job 31:35

^{*}**23:4** Job 5:8; 9:14; 13:3,18

uiteensit;
my mond sou ek vul met pleitredes.

⁵ Ek sou kennis neem
van die woorde

waarmee Hy teen my getuig;
ek sou begryp wat Hy vir my sê.

⁶ *Sou Hy met groot krag
'n regstryd teen my voer?
Nee, maar Hy sal aan my
aandag gee.

⁷ 'n Opregte sou daar^y
met Hom redeneer;
en ek sou vir altyd ontkom
aan my regter.^z

⁸ *Kyk, gaan ek oos,
is Hy nie daar nie,
en wes, dan gewaar ek Hom nie.

⁹ In die noorde, terwyl Hy werk,
merk ek Hom nie op nie;
verhul Hy Hom in die suide,
sien ek Hom nie raak nie.

¹⁰ * Ja, Hy ken die pad

*23:6 Job 13:21

^y23:7 **daar:** Dit verwys na die plek waar God as regter sy vaste verblyf het; vgl Job 23:3.

^z23:7 **ek sou ... regter:** Die vroeë vertalings lui “dan kon ek my reg vir altyd beskerm”.

*23:8-9 Vgl Ps 139:7-10

*23:10-11 Ps 139:2-7

waarop ek gaan;
as Hy my toets —
soos goud sal ek daar uitkom.*

¹¹ *In sy spoor het my voete gebly;^a
by sy pad het ek gehou,
en nie afgedraai nie.

¹² Die opdrag van sy lippe —
daaraan het ek my nie onttrek nie;
in die vou van my kleed^b
het ek die woorde uit sy mond
in bewaring gehou.

¹³ “Maar Hy is uniek^c —
wie kan Hom teengaan?
Wat Hy graag wil doen,
dit voer Hy uit.*

¹⁴ Ja, Hy sal wat vir my bestem is,
volbring.
Hy het baie dinge soos hierdie

***23:10 as ... uitkom:** Ps 17:3; vgl 1 Kor 3:13; Jak 1:12; 1 Pet 1:7

***23:11** Ps 17:5; 44:19

^a**23:11 In ... gebly:** Letterlik ‘aan sy spoor het my voet vasgegryp’. Dit beteken dat Job God se gebooië gehoorsaam; vgl Ps 17:5.

^b**23:12 in ... kleed:** Die Septuagint en Vulgaat word hier gevolg. Dit verwys na die vou van die klere voor die bors wat as 'n bergplek vir kosbaarhede kon dien. Die •Masoretiese leestradië (met ander vokale) kan verskillend vertaal word, onder andere “meer as my vaste porsie”.

^c**23:13 Hy is uniek:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

***23:13 Wat ... uit:** Ps 115:3; Jes 14:27

in gedagte.^d

¹⁵ *Daarom staan ek verbysterd
voor Hom;
as ek daaroor nadink, vrees ek Hom.

¹⁶ *Dit is God wat my swak
van hart maak;
dit is die Almagtige^e
wat my verbysterd laat.

¹⁷ * Ja, ek word nie stilgemaak
deur die donker nie,
deur die feit dat ek self deur
diep duisternis omhul word nie.”

24

¹ “Waarom word vaste tye
nie opsy gesit
deur die Almagtige^f nie,
en waarom sien dié wat Hom ken,
nooit sy dae^g nie?

^d23:14 in gedagte: Letterlik ‘by Hom’.

*23:15 Job 9:35; Ps 119:120

*23:16 Vgl Deut 20:3; Ps 22:15

^e23:16 Almagtige: In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

*23:17 Job 19:8; 22:11; 30:26; 37:19

^f24:1 Almagtige: In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

^g24:1 sy dae: Dit verwys na dae en tye waarop God die goddelose mense straf; vgl bv Jes 13:6,9.

^{2 h*}Mense verskuif grense,
hulle buit troppe vee en laat dit wei.

^{3 *}Hulle jaag die donkie
van vaderlose kindersⁱ weg,
en neem die bees
van 'n weduwee as pand.

^{4 *}Hulle druk behoefdiges
van die pad af;
saam skuil magteloses van die land.

⁵ Kyk, soos wildedonkies
in die woestyn^j
trek hulle^k uit vir hulle
daaglikse werk —
op soek na iets te ete.
Die dor vlaktes voorsien kos
vir hulle en hulle kinders.

⁶ In die veld maak hulle
voer bymekaar;
in die wingerde van goddeloses
maak hulle die na-oes bymekaar.

^h**24:2** Skuldeisers het dikwels beslag gelê op skuldenaars se grond en vee.

^{*}**24:2** Deut 19:14; Spr 22:28; 23:10-11

^{*}**24:3** Deut 15:11; 24:17; Job 22:9; Ps 82:3

ⁱ**24:3 vaderlose kinders:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal “weeskinders”.

^{*}**24:4** Am 5:12

^j**24:5 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^k**24:5 hulle:** Dit verwys na die magteloses.

⁷ *Halfkaal bring hulle die nag deur,
sonder 'n bokleed,
met geen bedekking
teen die koue nie.

⁸ Hulle is deurnat van die reën
in die berge,
en staan styf teen 'n rots aangedruk,
sonder skuilplek.

⁹ 'n Vaderlose kind word
van die bors weggeskeur;
wat aan die magtelose is,¹
word as pand geneem.

¹⁰ Halfkaal loop hulle rond,
sonder bokleed;
honger, dra hulle gerwe.

¹¹ Tussen goddeloses se^m terrasmure
pars hulle olywe;ⁿ
hulle trap parskuipe,
terwyl hulle dors ly.

¹² *In die stad kreun sterwendes,^o
die kele van gewondes
roep om hulp;

*24:7-8 Deut 24:12-13; Job 22:6; 30:6-7

¹24:9 wat ... is: Dit kan na 'n kledingstuk verwys (vgl Job 24:10), of met wysiging van een vokaal vertaal word “die suigeling van 'n magtelose”.

^m24:11 goddeloses se: Die •bronteks lui “hulle”.

ⁿ24:11 pars ... olywe: Kan moontlik ook vertaal word “is hulle in die middag”.

*24:12 Job 35:12; vgl Op 6:10

^o24:12 sterwendes: 'n Hebreuse ms en die •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “manne”. Dit behels die verandering van een vokaal.

maar God slaan nie ag
op die ongerymdheid^p nie.

¹³ “*Daar is dié wat in opstand is
teen die Lig;
hulle erken nie sy weë nie,
hulle is nie tuis op sy paaie nie.

¹⁴ *Teen ligdag
staan die moordenaar op;
hy maak magteloses en behoeftiges
dood,
en snags is hy soos 'n dief.

¹⁵ *Die egbreker hou die skemer
in die oog
en sê, ‘Geen oog sal my sien nie’;
en dan plaas hy 'n bedekking
oor sy gesig.

¹⁶ Hulle breek in die donker
by huise in.
Bedags sluit hulle hulleself toe,
hulle ken die lig nie.

¹⁷ Ja, vir hulle almal saam
is stikdonkerte soos die môreilig;
hulle is immers vertrou
met die verskrikkinge

^p24:12 ongerymdheid: Twee Hebreuse mss en die Peshitta lui “gebed”.

*24:13 Vgl Joh 3:20; Ef 5:8-14; 1 Thess 5:4-8

*24:14 Job 38:12-13; Vgl Ps 10:8-9; 37:32

*24:15 Spr 7:9-10

van 'n stikdonker nag.

¹⁸ “*Mag hulle vinnig wegdryf
op die water!^q

Mag hulle erfdeel in die land
in 'n vervloeking gebruik word;^r
mag hulle nie in die rigting
van die wingerde gaan nie.*

¹⁹ *Droë grond en hitte
raap sneeuwater weg,
net soos die •doderyk
hulle wat gesondig het.

²⁰ Mag die moederskoot
hulle vergeet;
mag die maaiers hulle soet vind;
mag hulle nie meer
onthou word nie.

Mag die onreg soos 'n stuk
hout gebreek word —

²¹ hulle wat 'n onvrugbare
sonder kinders kaal stroop,
aan 'n weduwee niks goeds doen nie.

*24:18 Vgl Hos 10:7

^q24:18 **Mag ... water:** Letterlik ‘vinnig is hy op die watervlak’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^r24:18 **in ... word:** Dit beteken dat mense in 'n vervloeking sal sê: “Mag dit met jou erfdeel gaan soos met daardie mense s'n.”

*24:18 **in die rigting ... gaan nie:** Job 24:11

*24:19 Job 7:9; 21:13

²² God^s sal die magtiges wegsleep
deur sy krag.

Al staan hulle op,
is hulle lewens nie seker nie.

²³ Hy gee aan hulle veiligheid,
en daarop steun hulle;
maar sy oë hou hulle paaie dop.

²⁴ Vir 'n kort rukkie
verhef hulle hulleself,
maar dan is hulle nie meer daar nie.
Hulle sink neer soos alle dinge,^t
en word bymekaargemaak;
soos die hoogste koringaar
word hulle afgesny.

²⁵ As dit nie so is nie,
wie sal my tot leuenaar maak,
en my woorde as niksseggend
afmaak?”

25

Bildad se derde betoog

¹ *Bildad uit Suag* het hierop gereageer en gesê:

² “*Om te heers en vrees

^s24:22 **God:** Die bronteks lui “Hy”.

^t24:24 **soos ... dinge:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die
•Septuagint lui “soos 'n heemsplant”; vgl Job 6:6.

*25:1 Job 8:1; 18:1

*25:1 **Bildad uit Suag:** Job 2:11

*25:2 Job 31:2; Jes 24:21; 40:26; Vgl Matt 5:45

in te boesem,
is eie aan God,^u
Hy wat vrede handhaaf
in sy hoë hemele.

³ Kan die getal van sy troepe
vasgestel word?

Oor wie gaan sy lig nie op nie?^v

⁴ *Hoe kan 'n sterfling dan
regverdig wees voor God?

Hoe kan iemand uit 'n vrou gebore,
rein wees?

⁵ Kyk, in sy oë is selfs
die maan nie helder
en die sterre nie rein nie,

⁶ *hoeveel minder nog 'n sterfling,
'n maaier, 'n mensekind,
'n wurm!”

26

Job se antwoord op Bildad se derde betoog

¹ * Job het hierop gereageer en gesê:

² “Hoe het jy nie die kragteloze
te hulp gekom nie,

^u25:2 is ... **God**: Die •bronteks lui “is by Hom”.

^v25:3 **Oor ... op nie**: Dit beteken dat niemand, ook nie die engele, iets kan doen waarvan God nie weet nie.

*25:4 Job 4:17; 9:2; 15:14

*25:6 Ps 9:21

*26:1 Job 3:1; 6:1; 9:1; 12:1; 16:1; 19:1; 21:1; 27:1; 29:1; 39:36; 42:1

die arm van die een wat nie krag
oor het nie, gehelp!

³ Hoe het jy nie raad gegee
aan die onwyse,
en vindingrykheid in oormaat
geopenbaar nie!

⁴ *Met wie se hulp het jy
die woorde meegedeel,
en wie se asem het uit jou
na vore gekom?

⁵ “*Die skimme krimp ineen —
dié wat onder die water is,
en dié wat daarin woon.

⁶ *Die •doderyk staan naak
voor Hom;
daar is geen bedekking
vir die onderwêreld nie —

⁷ *voor Hom wat die noorde
oopspan oor die niet,
wat die aarde ophang aan niks;

⁸ *wat die waters
in sy wolke saambind,
sonder dat die wolkmassa

*26:4 1 Kon 22:24

*26:5 Ps 88:11; Jes 14:9; 26:14

*26:6 Ps 139:8; Spr 15:11; Am 9:2; Heb 4:13

*26:7 Job 9:8

*26:8 Spr 30:4

daarvan oopskeur;

⁹ Hy wat die aansig van die troon^w

versper

deur sy wolkmassa daaroor

uit te spreï.

¹⁰ *Hy het sirkelvormig

'n grens getrek oor

die oppervlakte van die water

tot waar lig by donker eindig.

¹¹ *Die pilare van die hemel wankel

en staan verslae deur sy dreiging.

¹² *Deur sy krag het Hy die see

laat bedaar,^x

deur sy insig het Hy Rahab^y

verbrysel.

¹³ Deur sy asem maak Hy

die hemel helder;

sy hand deurboor die vinnige slang.^z

¹⁴ Kyk, dit is maar net die buitelyne

van sy weë.

Wat ons van Hom hoor,

is maar 'n gefluisterde woord.

^w**26:9 troon:** Met ander vokale kan dit ook vertaal word as “volmaan”.

^{*}**26:10** Gen 1:4-5,7,14; Job 38:8-11; Ps 33:7; 104:9

^{*}**26:11** Job 9:6

^{*}**26:12** Job 9:13; Ps 65:8; Jes 51:9-10

^x**26:12 laat bedaar:** Word ook vertaal “in beroering gebring”.

^y**26:12 Rahab:** 'n Mitiese seemonster wat die chaosmagte verpersoonlik.

^z**26:13 vinnige slang:** •Leviatan; vgl Jes 27:1. Word ook vertaal “vluggende slang”.

Sy donderende krag —
wie begryp dit?”

27

¹ * Job het toe verder gegaan met sy betoog en gesê:

² “*Sowaar as wat God leef,
Hy wat my regsak ter syde
gestel het,
die Almagtige^a,
wat my gemoed verbitterd
gelaat het,

³ *ja, solank as wat my asem
nog in my is,
die lewensasem wat God gee,
nog in my neus is —

⁴ my lippe sal geen onreg spreek nie,
en my tong^b geen bedrog
kwytraak nie.

⁵ Ek sal julle nooit gelyk gee nie!
Totdat ek te sterwe kom,
sal ek nie van my onberispelike
optrede afsien nie.*

*27:1 Job 3:1; 6:1; 9:1; 12:1; 16:1; 19:1; 21:1; 23:1; 26:1; 29:1; 39:36; 42:1

*27:2 Job 19:6; 34:5

^a27:2 **Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

*27:3 Gen 2:7; Job 33:4

^b27:4 **tong:** Die tong word geassosieer met spraak.

*27:5 **Totdat ... afsien nie:** Job 2:3,9

⁶ * Aan my onskuld hou ek vas,
ek sal dit nie laat los nie;
my gewete pla my nie oor enige
van my lewensdae nie.

⁷ “^cMag my vyand as die skuldige
daar staan,
die een wat my teenstaan,
as die boosdoener;

⁸ * want watter hoop het die Godlose
as God sy lewe kortknip, dit opeis?^d

⁹ * Sal God sy hulpkrete hoor
as benoudheid hom oorval?

¹⁰ * Of sal hy vreugde vind
by die Almagtige?^{*}
Sal hy God enige tyd kan aanroep?

¹¹ Ek sal julle onderrig
oor God se hand;
wat die Almagtige
in gedagte het,
sal ek nie verberg nie.

*27:6 Vgl Hand 24:16

^c27:7 Job verwys hier na die regsreël dat iemand wat 'n ongegronde klag lê, self skuldig staan voor die gereg; vgl Deut 19:16-19.

*27:8 Job 8:13; vgl Luk 12:20

^d27:8 **opeis**: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

*27:9 Job 5:1; Spr 1:18

*27:10 Job 22:26

*27:10 **vreugde ... Almagtige**: Job 22:26

¹² Kyk, julle almal het dit
self gesien;
waarom hou julle dan aan
met hierdie nuttelose gepraat?

^{13 e*} Dit is die erfdeel wat
'n goddelose mens van God kry;
dit is die erfenis van geweldenaars
wat hulle van
die Almagtige ontvang:

^{14 *} As sy seuns vermeerder,
is hulle vir die swaard bestem;
sy nakomelinge sal nie
versadig word
met brood nie.

^{15 *} Dié onder hulle wat vrykom,
word deur die dood begrawe;^f
hulle weduwees sal nie huil nie.

^{16 *} Al hoop hy silwer op soos stof,
en stapel hy klere op soos hope klei —

^{17 *} hy stapel wel op,
maar 'n regverdige sal dit dra,
en die silwer sal deur 'n onskuldige

^e**27:13-23** Hierdie verse stem inhoudelik ooreen met die argumente van Job se vriende.

^{*}**27:13** Job 20:29

^{*}**27:14** Vgl Jer 15:2

^{*}**27:15** Ps 78:64

^f**27:15** deur ... begrawe: Dit beteken dat daar niemand is wat hom begrawe nie.

^{*}**27:16** Vgl Sag 9:3

^{*}**27:17** Job 20:10,15; Spr 13:22; Pred 2:26

verdeel word.

¹⁸ *Sy huis is gebou
soos dié van 'n mot,
soos 'n takskerm wat 'n wag
opgerig het.

¹⁹ Hy gaan skatryk lê,
maar hy sal dit nie weer
kan doen nie;^g
hy hou sy oë oop,
maar hy is nie meer daar nie.

²⁰ *Soos vloedwaters
oorval verskrikkinge hom;
snags voer 'n stormwind hom mee;

²¹ die oostewind lig hom op,
en daar gaan hy!
Dit voer hom weg uit sy woonplek,
²² genadeloos gooi dit hom neer;
halsoorkop vlug hy
vir die geweld daarvan.

²³ Bo hom klap die wind
spottend hande,
en sis vir hom, uit sy woonplek.”

*27:18 Job 4:19; 8:14

^g27:19 hy sal ... doen nie: Die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “hy sal nie versamel word nie”.

*27:20 Job 18:11; 20:28; 22:11

Ware wysheid

^{1 h}Daar is 'n plek

waar silwer vandaan kom,

'n plek vir goud,

waar dit uitgewas word.

²Yster word uit delfstof verkry,

en erts word gesmelt tot koper.

³Die mensⁱ maak 'n einde

aan die donker;

tot die verste uithoeke bly hy soek

na gesteentes in die donker,

in stikdonkerte.

^{4 j}Ver van waar iemand woon,

sink hulle 'n skag.

Vergeete deur voetgangers

hang hulle daar;

weg van sterflinge

swaai hulle heen en weer.

⁵Die aarde, waaruit kos voortkom,

se ondergrond word omvergewerp

asof deur vuur,

^h28:1-28 Hierdie gedig word nie in die mond van Job of sy vriende gelê nie, maar vorm 'n aparte eenheid in die boek; vgl Sir 24:1-34.

ⁱ28:3 Die mens: Die •bronteks lui “hy”.

^j28:4 Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

⁶ op 'n plek met saffiere
in haar gesteentes,
en waar daar goudstof is.^k

⁷ Dit is 'n pad^l wat roofvoëls
nie ken nie;
die oog van valke bespeur dit nie.

⁸ Trotse wilde diere betree dit nie;
die maanhaar loop nie daarop nie.

⁹ Die mens^m slaan sy hand
selfs aan klipharde rots;
hy keer berge
van hulle wortels af om.

¹⁰ In die rotse breek hy
myngange oop,
en sy oë sien al die kosbaarhede.

¹¹ Hy stop waterare toe;
wat verborge is, bring hy na die lig.

¹² *Maar wysheid —
waar word dit gevind,
en waar is die plek van insig?

¹³ *^ln Sterflike mens ken nie
die waarde daarvan nie,

^k28:6 saffiere ... is: Waarskynlik lasuursteen met spikkels wat na goudstof lyk.

^l28:7 Dit ... pad: Dit verwys na die mynskagte.

^m28:9 Die mens: Die bronteks lui “hy”.

*28:12 Pred 7:23-24; Sir 1:6; Bar 3:15

*28:13-14 Bar 3:29-31

en in die land van die lewendes
word dit nie gevind nie.

¹⁴ Die diep waters sê:

“In my is dit nie!”

en die see sê:

“Nie by my nie!”

¹⁵ *Suiwer goud kan nie daarvoor
aangebied word nie,

en silwer kan nie as koopprys
daarvoor afgeweeg word nie.

¹⁶ Met goud uit Ofirⁿ kan nie
daarvoor betaal word nie,

nie met kosbare oniks
of saffiersteen* nie.

¹⁷ *Goud en glas kan nie daarmee
vergelyk word nie,

en artikels uit fyngoud
het nie ruilwaarde daarvoor nie.

¹⁸ Swart en rooi korale
word nie eers oorweeg nie;

'n sakkie wysheid is meer werd
as korale.

*28:15-18 Spr 3:13-15; 8:10-11; 16:16

ⁿ28:16 Ofir: Die hawe vanwaar Salomo se skepe goud en silwer gebring het; vgl 1
Kon 9:28; 1 Kron 1:23; Ps 45:10.

*28:16 saffiersteen: Job 28:6

*28:17 Wys 7:9

¹⁹ Topaas uit Kus^o kan nie daarmee
vergelyk word nie,
met suiwer goud kan nie daarvoor
betaal word nie.

²⁰ Maar wysheid —
waar kom dit vandaan,
en waar is die plek van insig?

²¹ Dit is verborge vir die oë
van alles wat leef,
vir die voëls van die hemel
is dit weggesteek.

²² *Die onderwêreld en die dood sê:
“Net met ons ore het ons
die gerug daarvan gehoor.”

²³ *God het insig in die pad
daarheen,
Hy ken die plek daarvan.

²⁴ Want net Hy kyk tot by die eindes
van die aarde;

Hy sien alles onder die hemel,

²⁵ * sodat Hy die gewig van die wind
kan bepaal,
en die hoeveelheid water

^o**28:19 Kus:** Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

***28:22** Spr 15:11

***28:23** Spr 2:6; Bar 3:37

***28:25** Job 36:27-30; Jes 40:12

kan vasstel.

²⁶ Toe Hy vir die reën vaste reëls
neergelê het,
'n pad vir die harde donderslae,

²⁷ toe het Hy ook die wysheid^p
gesien,
en daarvan vertel;

Hy het daaraan 'n vaste plek gegee,
en dit ook deurgrond.

²⁸ Maar vir die mens het Hy gesê:

“Kyk, ontsag vir die Heer,
dit is wysheid,*
en om van kwaad weg te bly,
is insig.”

29

¹ * Job het toe verder gegaan met sy betoog en gesê:

² “As dit maar met my kon gaan
soos in vroeër maande,
soos in die dae toe God
my bewaar het;

³ * toe Hy sy lamp bo my kop
laat skyn het,
toe ek by sy lig in die donker
geloop het;

^p28:27 die wysheid: Die bronteks lui “dit”.

*28:28 Kyk ... wysheid: Ps 111:10; Spr 1:7; 16:6

*29:1 Job 3:1; 6:1; 9:1; 12:1; 16:1; 19:1; 21:1; 23:1; 26:1; 27:1; 39:36; 42:1

*29:3 Job 18:6

⁴ * soos toe ek my beste dae^q
beleef het,
toe God 'n beskutting
bo my tent was;^r
⁵ * toe die Almagtige^s
nog by my was,
en my kinders rondom my;
⁶ * toe ek my voete in dikmelk
kon afspoel,
en klipperige grond strome olyfolie
vir my laat vloei het.
⁷ Wanneer ek uitgegaan het
na die poort,^t na die stad,
en in die oop ruimte
my sitplek reggeskuif het,
⁸ ** het jong manne my gesien
en opsy gestaan,
het ou manne regop gekom
en bly staan.

*29:4 Job 1:10; Ps 91:1-2

^q29:4 my beste dae: Letterlik 'die dae van my rypwording'.

^r29:4 toe God ... was: Die meerderheid vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui "vertroulike beraadslaging van God bo my tent was".

*29:5 Ps 127:3-5; 128:3; vgl Job 1:19

^s29:5 Almagtige: In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

*29:6 Job 20:17

^t29:7 na die poort: Dit is waar hofsake aangehoor is deur die familiehoofde.

*29:8-10 Job 30:1; Wys 8:10-12

*29:8 Vgl Lev 19:32

⁹ *Hoë amptenare het hulle woorde
teruggehou,

hulle hande voor hulle monde
geplaas;

¹⁰ die stemme van familiehoofde
het stil geraak,

hulle tonge het aan hulle
verhemeltes^{u*}

gekleef.

¹¹ Ja, elke oor wat kon hoor,
het my gelukkig genoem,

en elke oog wat kon sien,

het instemmend vir my geknik.

¹² *Want ek het magteloses

wat om hulp geroep het, bevry,

ook vaderlose kinders^v

wat nie 'n helper het nie.

¹³ Die seënspreuk van 'n sukkelaar

het ek ontvang;

die harte van weduwees

het ek laat jubel.

***29:9** Job 21:5

^u**29:10 verhemeltes:** Die tong word geassosieer met spraak en die verhemelte met smaak.

***29:10 hulle ... verhemeltes:** Vgl Eseg 3:26

***29:12-17** Job 31:16-22; vgl Job 22:5-9

^v**29:12 vaderlose kinders:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal “weeskinders”.

¹⁴ *Ek het my met wat reg is, bekleë,
dit het my klere geword;
my regverdige optrede
was soos 'n mantel en 'n tulband.

¹⁵ Ek was oë vir blindes,
en ek was voete vir lammes.

¹⁶ *Ek was 'n vader vir behoeftiges;
die regspraak van mense
wat ek nie geken het nie,
het ek ondersoek,

¹⁷ * sodat ek die kake
van 'n boosdoener kon breek,
en prooi uit sy tande kon wegruk.

¹⁸ “Ek het gedink,
in my eie nes sal ek sterf,
en my lewensdae
sal soos sand^w vermeerder;

¹⁹ * my wortels sal strek
tot by die water,
en die dou sal oornag op my takke.

²⁰ Ek sal nuwe aansien bly geniet;
my boog in my hand^x

***29:14** Ps 132:9; Jes 59:17; Ef 6:14

***29:16** Spr 29:7

***29:17** Ps 3:8; Spr 30:14

^w**29:18 soos sand:** Word ook vertaal “soos die feniks”.

***29:19** Ps 1:1-3

^x**29:20 my boog ... hand:** 'n Metafoor vir weerbaarheid.

sal vernuwe word.

²¹ “Na my het hulle
vol verwagting geluister;
hulle het stilgebly om my raad
te hoor.

²² En ná my uitspraak het hulle
nie weer gepraat nie;
my verduideliking was
soos druppels water op hulle.

²³ **Hulle het op my gewag
soos op reën,
hulle monde wyd oop
vir die laatreën.

²⁴ Ek het vir hulle geglimlag
wanneer hulle dit skaars kon glo;
my stralende gesig
kon hulle nie stroef maak^y nie.

²⁵ Ek het namens hulle die pad
gekies
en as leier my plek ingeneem;
ek was tuis onder hulle^z
soos 'n koning by sy troepe,
soos iemand wat treurendes
vertroos.”

***29:23-24** Spr 16:15

***29:23** Vgl Deut 32:2

^y**29:24 stroef maak:** Die Hebreeuse idioom lui “laat val”.

^z**29:25 onder hulle:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

30

¹ “Maar nou lag hulle my uit,
hulle wat in lewensdae
jonger is as ek,
hulle wie se pa's ek te onwaardig
geag het om hulle by die honde
van my kleinvee toe te laat.

² Boonop, wat sou die krag
van hulle hande my baat,
as hulle lewenskrag
daarmee heen is?

³ ^aDeur gebrek en honger weggeteer,
is hulle mense wat die dor land,
die wildernis en woesteny
die vorige nag nog
kaalgestroop het,

⁴ ^{*}hulle wat die souterige blare
van struik pluk;
die wortels van witbesembosse^b
is hulle brood.^c

^{*}30:1 Job 12:4; 19:18; 29:8

^a30:3 Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^{*}30:4 Job 24:5-6

^b30:4 **witbesembosse:** Dit verwys na die *Retama raetam*, met 'n hoogte van ongeveer 2 m. Dit is mooi struik met baie takkies, min blare en trosse wit blomme.

^c30:4 **is hulle brood:** Die wortels van witbesembosse was gewilde brandhout. Die armes kon dit verruil vir kos.

⁵ Uit die gemeenskap
is hulle verdryf,
op hulle word geskree
asof hulle diewe is.

⁶ * In die walle van spruite
moet hulle woon,
in gate in die grond en rotse.

⁷ Tussen die struikgewas bulk hulle,
onder brandnetels bondel
hulle saam.

⁸ As dwase, ja, naamlose mense,
word hulle uit die land verjaag.

⁹ “** En nou het ek
hulle spotlied geword;
ek het vir hulle 'n spreuk geword.

¹⁰ Hulle vind my afstootlik;
hulle bly ver van my af,
maar aarsel nie om my in my gesig
te spoeg nie.

¹¹ “* Omdat God^d my boogsnaar losgemaak
en my verneder het,
het hulle vrye teuels

*30:6-7 Job 24:7-8

*30:9-14 Job 16:10-11; Ps 69:12-13; Klaagl 3:14

*30:9-10 Job 17:6

*30:11 Job 29:20

^d30:11 God: Die bronteks lui “Hy”.

in my teenwoordigheid.

¹² *Aan my regterkant^e

maak die jong gespuis gereed;
hulle dwing my in 'n rigting,^f
hulle vul hulle beleëringswalle^g
teen my op.

¹³ Hulle breek my pad op,
en trek voordeel uit my vernietiging;
hulle sê,^h 'Hy het nie 'n helper nie.'

¹⁴ Asof deur 'n breë bres
kom hulle aan;
onder 'n donderstorm
kom hulle aangerol.

¹⁵ Verskrikkinge word op my
losgelaat;^{*}
asof deur 'n windvlaag
word my waardigheid verdryf,
soos 'n wolk gaan my redding verby.^{*}

*30:12 Job 19:12; vgl Ps 109:6; Sag 3:1

^e30:12 **Aan my regterkant:** Die regterkant geld as die onbeskermd kant aangesien 'n soldaat sy skild in sy linkerhand gedra het.

^f30:12 **hulle ... rigting:** Letterlik 'hulle stuur my voete'.

^g30:12 **hulle beleëringswalle:** Letterlik 'hulle paaie van ramspoed'. Dit is die skuinste waarteen die oorlogstuig opgestoot word om die stadsmuur mee aan te val; vgl Job 19:12.

^h30:13 **hulle sê:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*30:15 **Verskrikkinge ... losgelaat:** Job 18:11; 27:20; Ps 73:19

*30:15 **soos ... verby:** Job 7:9

¹⁶ *Daarom stort my siel hom uit
in my;

dae van terneergedruktheid
pak my beet.

¹⁷ Die nag grawe my gebeente
uit my uit,

my knaende pyne
kom nie tot rus nie.

¹⁸ Met geweldige krag
gryp Hy my bokleed;
soos die opening in my bokleed
wurg Hy my.

¹⁹ Hy het my in die modder gegooi;
ek het soos stof en as geword.

²⁰ “Ek roep na U,
maar U antwoord my nie;
ek staan daar,ⁱ en U kyk net na my.

²¹ U het wreed geword teenoor my;
met u magtige hand behandel U my
soos 'n vyand.

²² U tel my op die wind
en laat my wegdryf;
die stormwind waai my uitmekaar.

²³ Ja, ek weet, na die dood
laat U my omdraai,
die ontmoetingsplek

*30:16 Vgl 1 Sam 1:15

ⁱ30:20 staan daar: Gelowiges het meestal gestaan en bid.

vir almal wat leef.

²⁴ Mens lig tog nie 'n hand

teen 'n puinhoop

as hy in sy ramspoed

om hulp roep nie?

²⁵ * Het ek nie gehuil oor dié

wat moeilike tye beleef nie?

Was my hart nie treurig

oor behoeftiges nie?

²⁶ * Ja, op die goeie het ek gehoop,

maar die slegte het gekom;

op lig het ek gewag,

maar donker het gekom.

²⁷ My binneste is in beroering,

dit kom nie tot rus nie;

dae van terneergedruktheid

sak op my toe.

²⁸ Met 'n donker gelaat loop ek rond,

maar nie as gevolg van hitte nie;

ek staan in die byeenkoms op

en roep aanhoudend om hulp.

²⁹ 'n Broer van jakkalse

het ek geword,

'n vriend van steenuile.

³⁰ * My vel het swart geword

en dop af,

* **30:25** Ps 35:13-14; vgl Rom 12:15

* **30:26** Job 19:8; Jer 8:15; 14:19

* **30:30** Vgl Klaagl 4:8; 5:10

my gebeente gloei van koors.

³¹ *My lier^j het 'n rouklag geword,
my fluit die stem van huilendes.

31

¹ “*Ek het 'n verbond
met my oë gesluit —
hoe sou ek dan aandag gee
aan 'n jongmeisie?

² *Watter erfdeel is daar
van God daar bo,
watter erfenis van
die Almagtige^k
in die hoogtes?

³ Is dit nie teenspoed
vir 'n boosdoener,
en rampe vir wie onreg pleeg nie?

⁴ *Sien Hy dan nie my paaie nie;
en al my treë, tel Hy dit nie?

⁵ As ek vals sou optree,
en my voete hulle
na bedrog haas —

***30:31** Klaagl 5:15; vgl Job 21:12

^j**30:31 lier:** 'n Driehoekige snaarinstrument met vier snare.

***31:1** Vgl Ps 119:37; Spr 6:25; Matt 5:28; 1 Joh 2:16

***31:2** Job 20:29; 27:13

^k**31:2 Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

***31:4** Job 14:16; 34:21; Spr 5:21

⁶* laat God my dan weeg
op 'n onvervalste skaal,
sodat Hy van my onberispelike
optrede kan kennis neem.

⁷* As my voetstappe sou afwyk
van die pad,
as my hart my oë gevolg het,
en daar aan my handpalms
'n smet gekleef het,

⁸* laat ek dan maar saai
en laat 'n ander dit eet,
laat wat vir my uitspruit,
ontwortel word.

⁹* As my hart hom laat verlei het
by 'n vrou,
ek by die deur van my medemens
op loer was,

¹⁰ laat my vrou dan
vir iemand anders meel maal;
laat ander mans oor haar buig.

¹¹* Want dit is 'n skanddaad,
dit is strafbare sondeskuld;

¹² ja, dit is 'n vuur wat
tot in die onderwêreld verteer;

* **31:6** Spr 11:1; 20:10

* **31:7** Vgl Num 15:39; Job 23:11; Ps 7:4; 17:5; 44:19; Matt 5:29

* **31:8** Lev 26:16; Deut 28:33; Job 20:18

* **31:9** Spr 6:24-29; 7:1-27

* **31:11** Deut 22:22-24; Spr 6:32-33; Joh 8:4-5; vgl Gen 38:24

dit sou my hele oes ontwortel.

¹³ * As ek die regte van my slaaf

en slavin misken het

in hulle geskil met my,

¹⁴ wat sal ek dan doen

as God opstaan?

En as Hy my tot verantwoording

roep,

wat sal ek antwoord?

¹⁵ * Het Hy, wat my in die

moederskoot gemaak het,

hulle nie ook gemaak nie?

Het Een ons nie in die baarmoeder

voorberei nie?

¹⁶ * As ek armes dit wat hulle begeer,

ontsê het,

die oë van 'n weduwee

laat verdof het,

¹⁷ my stukkie brood alleen

geëet het,

en as vaderlose kinders¹

nie daarvan geëet het nie

* **31:13** Eks 21:2

* **31:15** Job 34:19; Spr 22:2; Mal 2:10; Ef 6:9; Kol 4:1

* **31:16** Job 29:12-17; Jes 58:7; Tob 4:7-11,16; Matt 25:35-36

¹**31:17 vaderlose kinders:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal “weeskinders”.

¹⁸ — ^mvan my jeug af
het hulle immers by my
grootgeword soos by 'n vader,
en van die moederskoot af
het ek weduweesⁿ gelei —
¹⁹ as ek 'n sukkelaar sou sien sonder
'n bokleed,
of 'n behoeftige sonder
enige bedekking,
²⁰ as sy lyf nie dankbaar sou wees
teenoor my,
hy hom nie met die skeersel
van my jongskaap
sou warm maak nie,
²¹ as ek my hand
teen 'n vaderlose kind gelig het,
omdat ek in die stadspoort^o
gemerk het dat ek
ondersteuning geniet,
²² kan my bo-arm maar
uit die skouer val,
my voorarm maar
uit die elmboog gebreek word.

^m**31:18** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Met geringe wysiging kan dit vertaal word “van my jeug af het Hy my immers as 'n vader grootgemaak, van my geboorte af my gelei.”

ⁿ**31:18 weduwees:** Letterlik ‘haar’.

^o**31:21 stadspoort:** Dit is waar hofsake aangehoor is deur die familiehoofde; vgl Job 29:7-11.

²³ *Want die teenspoed
wat van God kom,
is vir my 'n verskrikking;
teen sy majesteit is ek
nie opgewasse nie.

²⁴ * As ek my vertrouë gestel het
in goud,
vir fyngoud gesê het,
'My veilige toevlug!'

²⁵ as ek my verbly het
oor my groot rykdom,
ja, omdat my hande
geweldig baie bereik het;

²⁶ * as ek na die son gekyk het
hoe dit skyn,
en na die maan
wat met grootsheid beweeg,
²⁷ sodat my hart in die geheim
verlei is,
en my hand na my mond gebring is
vir 'n soen,^p

²⁸ sou dit ook 'n strafbare
sondeskuld wees,
omdat ek God daarbo sou verloën.

* **31:23** Job 4:5; Ps 40:13

* **31:24** Ps 49:7; Spr 11:28; Sir 31:5-10; Matt 6:19,24

* **31:26** Deut 4:19; Jer 8:2

^p**31:27 my hand ... soen:** Hierdie handeling was in daardie tyd 'n manier van eerbetoen aan die songod en maangod.

²⁹ * As ek my verheug het
oor die ramspoed van die een
wat my haat,

of uitbundig was toe die ellende
hom getref het,

³⁰ * het ek nie my mond toegelaat
om sonde te doen
deur sy lewe te eis
met 'n vervloeking nie.

³¹ As die manne van my
huishouding
darem nie gesê het nie,

‘Wie kan iemand uitwys
wat nie van sy vleiskos
versadig is nie?’!

³² * 'n Vreemdeling^q sou nie
buite oornag nie;
my deure na die pad toe
het ek altyd oopgehou.

³³ * As ek, soos ander mense,
my oortredinge verberg het
deur my sondeskuld

* **31:29** Spr 17:5; 24:17-18; Matt 5:43-48

* **31:30** Vgl 1 Pet 3:9

* **31:32** Vgl Gen 18:1-5; 19:2,3; Matt 25:35; Heb 13:2; 1 Pet 4:9

^q**31:32 Vreemdeling:** Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

* **31:33** Ps 32:3-5; Spr 28:13; 1 Joh 1:8-10

in my binnesak weg te steek,
³⁴ omdat ek bang was
vir 'n groot menigte,
en die minagting van familiegrøepe^r
my afgeskrik het,
dan sou ek swyg,
sou ek nie by die deur uitgaan nie.

³⁵ “*As daar maar iemand was
wat na my luister!
Hier is my teken.^s
Die Almagtige
moet my antwoord!
As daar maar 'n klagskrif was
wat my teenstander geskryf het,
³⁶ sou ek dit beslis op my skouer
gedra het,
as 'n kosbare hoofband sou ek dit
vir my ombind.
³⁷ Ek sou die getal van my treë
aan Hom voorhou,
soos aan 'n leier
sou ek dit aan Hom voorlê.

^r**31:34 familiegrøepe:** In 'n groot vergadering is familiegrøepe verteenwoordig deur die familiehoofde.

***31:35** Job 13:3,22; 30:20

^s**31:35 my teken:** Word ook vertaal “kruisie”. Die bronteks lui *taw*. Dit is die laaste letter van die Hebreuse alfabet; vgl Ps 10:16; 25:20. Hierdie letter is in die Oudhebreuse alfabet in die vorm van 'n kruisie. Dit is Job se “handtekening” op 'n geskrewe dokument wat al die voorafgaande verklarings bevat.

³⁸ As my grond teen my
om hulp geroep het,
die ploegvore saam getreur het,
³⁹ * as ek die opbrengs daarvan
geniet het sonder betaling,
en as ek die bewerkers^t daarvan
laat kreun het,
⁴⁰ laat daar dan in die plek
van koring sydissels uitspruit,
in die plek van gars, broodblom.^u”

Hier eindig die woorde van Job.

32

Elihu se betoog

¹ Die drie manne het toe opgehou om op Job te reageer, want in sy eie oë was hy regverdig. * ² * Maar Elihu, seun van Barakel, uit Bus, * uit die grootfamilie van Ram, het kwaad geword. Hy was kwaad vir Job omdat hy homself verontskuldig het teenoor God. * ³ Elihu^v was kwaad vir sy drie vriende omdat hulle nie antwoorde kon vind nie, maar Job tog

* **31:39** Vgl Gen 3:18

^t**31:39 bewerkers:** Word ook vertaal “eienaars”; vgl egter “my akkergrond” in Job 31:38.

^u**31:40 broodblom:** 'n Onkruid (familie *Caryophyllaceae*) met groot pers blomme en giftige saad, wat tussen graan groei.

* **32:1 in ... reverdig:** Job 33:9

* **32:2** Job 34:1; 35:1; 36:1

* **32:2 Bus:** Jer 25:23

* **32:2 omdat ... God:** Job 13:18; 27:6; 29:14

^v**32:3 Elihu:** Die •bronteks lui “hy”.

skuldig verklaar het. ⁴ Elihu het sy woorde teen Job teruggehou, omdat hulle ouer as hy was. ⁵ Toe Elihu egter sien dat daar geen antwoord kom uit die mond van die drie manne nie, het hy kwaad geword. ⁶ Elihu, seun van Barakel, uit Bus, het toe gereageer en gesê:

“Ek is jonk, en julle is oud;
daarom was ek beskroomd en bang
om my kennis met julle te deel.

⁷ *Ek het gedink, die jare moet praat,
die baie lewensjare
moet wysheid openbaar.

⁸ *Maar dit is die gees in sterflinge
en die asem van
die Almagtige^w
wat aan hulle insig gee.

⁹ *Dit is nie noodwendig dié
wat ryp in jare is wat wys is,
en oumense wat insig het in
wat reg is nie.

¹⁰ Daarom sê ek, ‘Luister na my!
Ook ek wil my kennis deel.’

¹¹ “Kyk, ek het op julle woorde
gewag;
ek het geluister na julle insig,

***32:7** Job 12:12; 15:10; Sir 25:4-6

***32:8** Vgl 1 Kon 3:12; Job 33:4; Jak 1:5

^w**32:8 Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

***32:9** Wys 4:8

terwyl julle na woorde soek.

¹² My aandag was net by julle.

Maar kyk, niemand kon Job

teregwys nie,

niemand onder julle kon

op sy woorde antwoord nie.

¹³ Julle moet nou net nie sê,

‘Ons het wysheid teengekom.

Net God kan van hom ontslae raak,^x

nie 'n mens nie.’

¹⁴ Hy het nie argumente

teen my aangevoer nie;

met julle woorde sal ek

hom nie antwoord nie.

¹⁵ “Hulle is skoon verskrik,

hulle antwoord nie meer nie;

woorde ontwyk hulle.

¹⁶ Sou ek dan wag

as hulle nie praat nie,

as hulle maar net daar staan,

nie meer antwoord nie?

¹⁷ Ook ek sal op my beurt

'n antwoord gee,

ook ek sal my kennis deel.

¹⁸ Want ek is vol woorde,

die gees in my binneste dwing my.

^x**32:13 ontslae raak:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Dit kan ook vertaal word “verstrooi” of “vernietig”.

¹⁹ *Kyk, my binneste is
soos wanneer wyn
nie oopgemaak word nie;
soos nuwe leersakke wil dit oopbars.
²⁰ Ek moet praat en verligting kry,
my mond oopmaak en reageer.
²¹ Ek mag vir niemand
partydig wees nie,
en ek sal mense nie vlei nie,
²² want ek weet nie hoe
om te vlei nie;
my Maker sou my gou verwyder.”

33

¹ “*Maar luister tog na my argumente,
Job!
Hoor al my woorde!
² Kyk, ek het my mond oopgemaak,
die woorde lê op my tong.^y
³ Uit 'n opregte hart
kom my woorde;
en wat my lippe weet,
deel hulle suiwer mee.
⁴ *Die Gees van God het my gemaak;

*32:19 Jer 20:9; Matt 9:17

*33:1 Job 33:31; 37:14

^y33:2 die woorde ... tong: Letterlik ‘my tong praat in my •verhemelte’.

*33:4 Job 27:3; 32:8

die asem van die Almagtige^z
hou my lewend.

⁵ As jy kan, antwoord my!
Sit die saak voor my uiteen;
neem standpunt in!

⁶ *Kyk, voor God is ek net soos jy;
ook ek is van klei afgeknyp.

⁷ Ja, vrees vir my
hoef jou nie te ontstel nie,
my hand sal nie swaar
op jou rus nie.

⁸ “*Jy het beslis voor my ore gesê
— en die klank van die woorde
hoor ek steeds —

⁹ ‘Ek is rein,
sonder 'n oortreding;
ek is skoon;
sondeskuld het ek nie.

¹⁰ Kyk, God^a vind redes
om my teen te staan,^b
Hy beskou my as 'n vyand van Hom.*

^z**33:4 Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

***33:6** Gen 2:7; Job 4:19; 10:8-9

***33:8-9** Job 10:7; 16:17; 23:10; 27:5

^a**33:10 God:** Die •bronteks lui “Hy”.

^b**33:10 redes ... staan:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

***33:10 Hy ... Hom:** Job 13:24; 19:11

¹¹ *Hy sit my voete in die blok;^c

Hy hou al my bewegings dop.’

¹² Kyk, hierin het jy nie gelyk nie

— so antwoord ek jou —

want God is groter as 'n sterfling.

¹³ *Waarom voer jy met Hom

'n twisgeprek,

as Hy Hom nie verweer

oor al sy dade nie?

¹⁴ *Want God praat op een,

ja, op twee maniere,

maar die mens sien dit nie raak nie.

¹⁵ In 'n droom, in 'n naggesig,

wanneer 'n diep slaap mense oorval,

en hulle insluimer op hulle beddens,

¹⁶ dan open Hy die ore van mense,

en bevestig Hy die vermanings

aan hulle —

¹⁷ om mense te laat afsien

van wat hulle doen,

en 'n man van hoogmoed

te vrywaar,

¹⁸ om hom weg te hou van die graf,

sy lewe daarvan te weerhou

***33:11** Job 13:27; 14:16; 31:4

^c**33:11 blok:** Dit was twee houtbalke met ooreenstemmende openinge in. Die enkels van die gevangene is daarin vasgeklem.

***33:13** Job 9:2-4

***33:14-15** Job 4:12-16

om die kanaal^d oor te steek.

¹⁹ Of hy word met pyn op sy bed
tereggewys —

'n voortdurende stryd
in sy gebeente,

²⁰ * sodat sy lewe walg van kos,
en hy self van begeerlike
voedsel.

²¹ * Sy liggaam teer weg,
raak onaansienlik;
sy gebeente, wat onsigbaar was,
word ontbloot.

²² Hy beweeg self nader
aan die graf,
sy lewe beweeg nader
aan hulle wat die dood bring.^e

²³ As daar by hom 'n engel is,
'n voorspraak,
een van die duisende,
om vir die mens oor sy opregtheid

^d**33:18 kanaal:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die Hebreeuse woord is een van twee homonieme wat met “wapen” (vgl Neh 4:17) en “kanaal” (vgl Neh 3:15) vertaal kan word. In laasgenoemde geval sou die teks kon verwys na 'n Ou-Nabye-Oosterse tradisie dat iemand die kanaal of rivier van die dood oorsteek by afsterwe.

***33:20** Ps 107:18

***33:21** Job 17:7; 19:20

^e**33:22 aan hulle ... bring:** Dit sou verwys na “doodsengele”. Daar is egter onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en sommige vertaal, met geringe wysiging, dit as “na die dooies”.

te getuig,
²⁴ en dié hom genadig is en sê,
 ‘Bevry hom^f daarvan
 om na die graf af te daal,
 ek het 'n losprys vir hom gekry,’
²⁵ * word sy liggaam lewenskragtiger^g
 as dié van 'n jong man,
 keer hy terug na die dae van sy jeug.
²⁶ Wanneer hy by God pleit,
 aanvaar Hy hom;
 hy ervaar God se teenwoordigheid^h
 met 'n uitroep van vreugde,
 en God herstel die sterfling
 se geregtigheid.ⁱ
²⁷ * So iemand kyk na mense en sê:
 ‘Ek het gesondig
 en die reg verdraai,
 maar daar is nie met my
 afgereken nie.

^f**33:24 Bevry hom:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal. Die woord kom net hier voor in die OT.

***33:25** Ps 103:5

^g**33:25 lewenskragtiger:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^h**33:26 ervaar ... teenwoordigheid:** Letterlik ‘sien sy gesig’. Dit is 'n idiomatiese uitdrukking wat verwys na deelname aan die diens in die kultus.

ⁱ**33:26 herstel ... geregtigheid:** Dit beteken dat die mens weer sonder hindernis in God se teenwoordigheid mag kom.

***33:27-28** Vgl 2 Sam 12:13; Ps 103:10; Rom 6:23; 1 Joh 1:9

²⁸ God^j het my vrygekoop
van die oorgang na die graf;
en my lewe mag hom
in die lig verlustig.’

²⁹ “Kyk, al hierdie dinge
doen God
selfs twee of drie maal met 'n man,
³⁰ * om hom van die graf weg te keer,
en die lig van die lewe te laat skyn.
³¹ Gee aandag, Job! Luister na my!
Wees stil, en ek sal praat!
³² As jy woorde het, antwoord my!
Praat, want ek wil jou graag
gelyk gee.
³³ Indien nie, luister jy dan na my!
Wees stil, en ek sal jou
wysheid leer.”

34

Elihu se tweede betoog

¹ *Elihu het toe voortgegaan en gesê:
² “Luister na my woorde, wyses!
Kenners, hoor my aan!
³ *Die oor toets immers woorde

^j33:28 God: Letterlik “Hy”.

*33:30 Ps 56:14

*34:1 Job 32:2; 35:1; 36:1

*34:3 Job 12:11

soos die verhemelte^k kos proe.

⁴ Wat reg is — laat ons dit vir onself uitmaak;
laat ons onder mekaar kennis neem
van wat goed is.

⁵ *Want Job het gesê, ‘Ek het gelyk;
God het my my reg ontnem.

⁶ Sal ek lieg teen my regte in?
Ongeneeslik is my pylwond —
sonder dat ek 'n oortreding begaan het.’

⁷ *Wie is daar nog soos Job
wat 'n gespot soos water drink,

⁸ hom in die geselskap bevind
van dié wat onreg pleeg
en wat saamloop met goddelose manne?

⁹ *Hy het immers gesê,
‘Dit baat 'n man nie as hy 'n goeie verhouding
met God het nie.’

¹⁰ “*Daarom, verstandige manne, luister na my:
God sal nooit ooit goddeloos optree nie,
of die Almagtige^l ooit onreg pleeg nie.

^k**34:3 verhemelte:** Die tong word geassosieer met spraak en die verhemelte met smaak.

***34:5** Job 27:2

***34:7** Vgl Job 15:16

***34:9** Job 21:6-15; 35:3

***34:10** Job 8:3-7; Ps 92:16; Rom 9:14

^l**34:10 Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

¹¹ * Ja, Hy vergeld 'n mens sy dade;
volgens sy gedrag laat Hy hom dit ervaar.

¹² * Boonop staan dit vas:

God maak Hom aan niks skuldig nie;
die Almagtige verdraai nie die reg nie.

¹³ Wie het die aarde aan Hom toevertrou?
Wie het die hele wêreld daargestel?

¹⁴ * As Hy net aan Homself sou aandag gee,
sy Gees en asem by Homself sou hou,

¹⁵ sal alles wat leef, saam tot niet gaan,
en die mens tot stof terugkeer.

¹⁶ “As daar dan by jou insig is,
luister hierna;

neem kennis van die bedoeling van my woorde!

¹⁷ Kan iemand wat die reg haat,
hoegenaamd regeer?

Of kan jy die Regverdige, die Magtige,
skuldig verklaar,

¹⁸ * Hy wat vir 'n koning sê,^m ‘Booswig!’,
vir vooraanstaandes, ‘Goddeloses!’,

¹⁹ * Hy wat nie partydig is vir bevelvoerders nie,
wat nie aan vooraanstaande mense voorkeur gee
bo armes nie,

* **34:11** Ps 62:13; Spr 24:12; Jer 17:10; Sir 16:14; Matt 16:17; Rom 2:6

* **34:12** Job 8:3; 34:10

* **34:14-15** Gen 3:19; 6:3; Ps 104:29; Pred 12:7

* **34:18** Vgl Jes 40:23-24

^m**34:18** Hy ... sê: Vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “om te sê?”.

* **34:19** Deut 10:17; Spr 14:31; Rom 2:11; Gal 2:6

omdat hulle almal die werk van sy hande is?

²⁰ *Binne 'n oomblik sterf hulle,

in die middel van die nag,

mense word geskud en gaan heen;

magtiges word sonder menslike ingrypingⁿ verwyder.

²¹ *Want God se^o oë is gerig op die mens se paaie;

al sy treë hou Hy dop.

²² *Daar is geen donker, geen pikdonkerte,

waar hulle wat onreg pleeg, kan wegkruip nie.

²³ Dit berus immers nie by 'n mens

om 'n vaste tyd^p te bepaal

om na God te gaan met 'n regspraak nie.

²⁴ *God^q verpletter magtiges sonder 'n ondersoek,

Hy plaas ander in hulle plek.

²⁵ Daarom is Hy vertrou

met hulle dade;

Hy werp hulle oornag omver,

sodat hulle verpletter daar lê.

²⁶ Daar waar die goddeloses is,

tref Hy hulle,

***34:20** Job 4:20; Vgl Eks 12:29

ⁿ**34:20 sonder ... ingryping:** Letterlik 'nie deur 'n (mense)hand nie'.

***34:21** Job 14:16; 31:4; Ps 33:14; Spr 5:21; Jer 32:19

^o**34:21 God se:** Letterlik 'sy'.

***34:22** Ps 139:11-12; Heb 4:13

^p**34:23 'n vaste tyd:** Hierdie vertaling veronderstel dat een letter in die ongevokaliseerde bronteks uitgeval het, die letter waarmee die vorige woord eindig. Die bronteks lui "weer".

***34:24-25** Job 12:19; Dan 2:21

^q**34:24 God:** Die bronteks lui "Hy".

op 'n plek waar mense dit kan sien
²⁷ — omdat hulle agter Hom wegdraai
en nie ag slaan op al sy paaie nie —
²⁸ * sodat die hulpgeroep van armes
 Hom kan bereik,
en Hy die noodkreet van magteloses kan hoor.
²⁹ As Hy stil is, wie kan veroordeel?
As Hy sy gesig verberg, wie kan Hom sien?
Maar oor 'n nasie sowel as oor die mensdom
 het Hy beheer,^r
³⁰ sodat iemand wat 'n Godlose is,
 nie sal regeer nie,
en daar nie vangstrikke vir die volk sal wees nie.
³¹ As iemand vir God sou sê,
‘Ek het skuld op my gelaai,
ek sal my nie meer sleg gedra nie;
³² leer U my wat ek nie raaksien nie,’
of ‘as ek onreg gepleeg het,
ek sal dit nie weer doen nie,’
³³ dink jy dan dat God^s hom moet vergeld,
omdat jy hom verwerp het?
Jy is immers die een wat moet kies, nie ek nie.
Wat jy weet, sê dit!
³⁴ Verstandige manne,
ja, 'n wyse man wat na my luister,
 sal vir my sê,

***34:28** Job 35:9; Jak 5:4

^r**34:29** het Hy beheer: Letterlik ‘is Hy’.

^s**34:33** God: Letterlik ‘Hy’.

³⁵ ‘Job is die een wat sonder kennis praat;
sy woorde is sonder insig.

³⁶ Mag Job tot die uiterste getoets word,
omdat hy antwoord soos misdadigers;^t

³⁷ want hy voeg oortreding by sy sonde;
onder ons saai hy twyfel.^u

Hy stapel sy woorde teen God op.’ ”

35

Elihu se derde betoog

¹ *Elihu het toe voortgegaan en gesê:

² “Dink jy dit is reg
as jy sê, ‘Ek, eerder as God,
het gelyk!’?”

³ * Ja, jy sê, ‘Watter nut het dit
vir U?

Wat baat dit my
as ek nie sondig nie?’

⁴ Ek sal jou daarop antwoord,
jou en jou vriende.

⁵ * Kyk na die hemel en sien!

^t**34:36 soos misdadigers:** Verskeie Hebreeuse mss en die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “met misdadigers”.

^u**34:37 saai hy twyfel:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit kan ook vertaal word “klap hy (sy hande)”, wat 'n teken van minagting sou wees.

***35:1** Job 32:2; 34:1; 36:1

***35:3** Job 9:29; 21:15; 34:9

***35:5** Job 22:12

Aanskou die wolkehemel!

Dit is hoër as jy.

⁶* As jy sondig,
wat doen dit aan Hom?

As jou oortredinge baie is,
wat veroorsaak jy vir Hom?

⁷ As jy regverdig is,
wat gee jy vir Hom,
of wat ontvang Hy uit jou hand?

⁸ Jou oortreding raak
net 'n mens soos jy,
jou regverdigheid net 'n mensekind.

⁹ “* Omdat daar soveel verdrukking is,
roep mense om hulp;
aanhoudend roep hulle oor die krag^v
van magtiges,

¹⁰ maar wat hulle nie sê nie, is,
‘Waar is God, my Maker,
Hy wat lofsange gee in die nag,*

¹¹ Hy wat ons onderrig,
meer as die diere van die aarde,
en ons slim maak,
meer as die voëls
van die hemel?’

*35:6-7 Job 22:2-3

*35:9 Job 24:12; 34:28

^v35:9 krag: Letterlik ‘arm’.

*35:10 Hy ... nag: Ps 42:9; Vgl Hand 16:25

¹² Dan roep hulle om hulp
oor die hoogmoed van slegte mense,
maar Hy antwoord nie.

¹³ Na 'n leë geroep
 luister God egter nie;
die Almagtige^w slaan nie
 daarop ag nie.

¹⁴ ^{x*} Hoeveel minder nog
 wanneer jy sê
 dat jy Hom nie sien nie,
 dat die regsak voor Hom is,
 maar dat jy steeds op Hom wag?

¹⁵ Maar nou, omdat sy toorn
 nie verantwoording eis nie,
en Hy nie veel ag slaan
 op oortreding^y nie,

¹⁶ ^{*} het Job sy mond vol onsin,
vermeerder hy woorde
 sonder kennis.”

36

¹ ^{*} Elihu het voortgegaan en gesê:

^w**35:13 Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

^x**35:14** Die •bronteks bied verskillende vertaalmoontlikhede.

^{*}**35:14** Job 9:11; 23:8-9

^y**35:15 oortreding:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en die •Septuagint en die •Vulgaat word hier gevolg.

^{*}**35:16** Job 34:35

^{*}**36:1** Job 32:2; 34:1; 35:1

² “Wees nog 'n rukkie geduldig
met my,
sodat ek jou kan onderrig.
Want daar is nog meer te sê
oor God.

³ Ek sal my kennis ver gaan haal,
en ek sal erkenning gee aan
die geregtigheid van my Maker.

⁴ Ja, dit staan vas:
My woorde is nie leuens nie;
iemand met volmaakte kennis
is hier by jou.

⁵ *Kyk, God is magtig,
maar Hy verwerp niemand nie —
magtig, met 'n hart wat sterk is.^z

⁶ Hy hou goddeloses
nie aan die lewe nie,
maar die reg van magteloses
handhaaf Hy.

⁷ *Hy wend van regverdiges
sy oë nie af nie,
maar saam met konings
laat Hy hulle vir altyd
op die troon sit,
sodat hulle verhewe is.

*36:5 Job 9:4

^z36:5 met ... is: Letterlik '(met) krag van hart'. Die hart is onder meer beskou as setel van die denke.

*36:7 1 Sam 2:8; Ps 33:18; 34:16; 113:7-8

⁸ “En as mense met kettings
geboei is,
gevangene geneem is
met toue van verdrukking,

⁹ dan hou Hy hulle dade
aan hulle voor,
ook hulle oortredinge —
dat hulle hulle magtig
voorgedoen het.

¹⁰ *Hy maak hulle ore oop
vir teregwysing,
en gee opdrag dat hulle
moet wegdraai van onreg.

¹¹ As hulle gehoorsaam is
en Hom dien,
sal hulle hulle dae afsluit
in voorspoed,
hulle lewensjare met
wat aangenaam is.

¹² Maar as hulle nie luister nie,
sal hulle die rivier^a oorsteek,
en sal hulle sterf

***36:10** Job 33:16,23

^a**36:12 rivier:** Letterlik ‘kanaal’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Die Hebraëuse woord is een van twee homonieme wat met ‘wapen’ (vgl Neh 4:17) en ‘kanaal’ (vgl Neh 3:15) vertaal kan word. In laasgenoemde geval sou die teks kon verwys na 'n Oud-Nabye Oosterse tradisie dat iemand die kanaal of rivier van die dood oorsteek by afsterwe.

asof sonder enige kennis.

¹³ Hulle wat oortuigde godloses is,
hoop toorn op;
hulle roep nie aanhoudend
om hulp nie,
selfs al boei Hy hulle.*

¹⁴ Hulle lewens kom
op 'n jong ouderdom tot 'n einde —
hulle lewens by manlike
tempelprostitute.^b

¹⁵ Hy red magteloses
deur hulle verdrukking;
Hy maak deur beproewing
hulle ore oop.

¹⁶ “*Meer nog, Hy het jou weggelok
uit die kake van benoudheid;
'n onbeperkte ruimte
is in die plek daarvan —
die rustigheid van jou tafel
vol ryk kos.

¹⁷ Jy is vol oordeel oor goddeloses;
oordeel en vonnis is jou voorland.

***36:13 selfs ... hulle:** Job 36:8

^b**36:14 hulle ... tempelprostitute:** Die vrugbaarheidsgodsdiens, waarin daar manne en vroue by tempels opgetree het as prostitute, kom nêrens anders in die boek Job ter sprake nie. Die •Septuagint lui “mag hulle lewe verwond raak deur engele”.

***36:16** Ps 18:20; 118:5

- ¹⁸ Ja, pasop^c dat jy nie
deur oorvloed mislei word nie;
die grootte van 'n omkoopgeskenk
moet jou nie verlei nie.
- ¹⁹ ^dSal jou rykdom^e en al die
inspanning van jou kragte
vir jou 'n front vorm,
sodat jy nie in nood verkeer nie?
- ²⁰ Moenie smag na die nag,
om mense uit hulle blyplek
te verwyder nie.
- ²¹ *Pasop! Moet jou nie tot onreg
wend nie;
want dit is die rede waarom jy
deur verdrukking getoets word.^f
- ²² **Kyk, God is verhewe deur sy krag.
Wie is 'n leermeester soos Hy?
- ²³ *Wie het Hom al

^c**36:18 pasop:** Die Masoretiese leestradië wat lui “hitte/woede” word nie hier gevolg nie, maar die konsonanteteks wel; •Masoretiese Teks.

^d**36:19** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^e**36:19 jou rykdom:** Die Masoretiese leestradië lui “jou noodroep”.

***36:21** Job 11:14; Ps 66:18

^f**36:21 want ... getoets word:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal. Met die woorde “getoets word” word die •Peshitta gevolg.

***36:22 — 37:24** Sir 42:15 — 43:33

***36:22** Job 35:11

***36:23** Job 34:10,13; Jes 40:13; Rom 11:33-34

tot verantwoording geroep
oor sy optrede?

Wie het al gesê,
‘U het onreg gepleeg!’?

²⁴ “Onthou dat jy sy werk,
wat deur mense besing word,
moet verheerlik.

²⁵ Die hele mensdom aanskou dit
met vreugde;
sterflinge kyk van ver af daarna.

²⁶ *Kyk, God is verhewe —
ons kan dit nie eers bedink nie;
die getal van sy jare —
dit kan nie nagespeur word nie.

²⁷ **Want Hy trek druppels water op;
dit word vir sy ondergrondse rivier
oorgesink tot reënwater
²⁸ wat die wolke uitstort,
wat hulle oorvloedig
laat drup op die mense.

²⁹ *Verder, verstaan mens die uitbult
van 'n wolkbank,
die donderslae uit God se hut?[§]

*36:26 Ps 90:2; 102:25-28; Heb 1:12

*36:27-29 Job 38:5

*36:27 Ps 147:8

*36:29 Ps 18:14

§36:29 donderslae ... hut: Die hemelkoepel word voorgestel as God se hut.

³⁰ *Kyk, Hy sprei sy weerlig
oor die wolkbank uit;
die wortels van die see bedek Hy.
³¹ *Ja, daarmee^h oordeel Hy volke;
so gee Hy ook kos in oorvloed.
³² Albei sy hande is vol weerlig,
en Hy beveel dit
om die teiken te tref.ⁱ
³³ ^jSy donderende stem
kondig die storm^k aan,
ook die vee vertel dat dit naderkom.”

37

¹ “*Ja, hieroor bewe my hart,
klop dit in my keel.¹
² Luister goed na die gerammel
van sy stem;
die dreuning wat uit sy mond kom.
³ Oral onder die hemelruim

***36:30** Job 37:3

***36:31** Job 37:13; Ps 104:14

^h**36:31 daarmee:** Dit verwys na die weerlig en die reën.

ⁱ**36:32 om ... tref:** Dit is 'n voorgestelde lesing, wat geringe wysiging van die bronteks veronderstel en deur meeste vertalings gevolg word. Die bronteks lui “met iemand wat aanmoedig”.

^j**36:33** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^k**36:33 die storm:** Letterlik ‘dit’.

***37:1-3** Ps 18:14-15

^l**37:1 klop ... keel:** Letterlik ‘spring hy op uit sy plek’.

laat Hy dit vry,
ook sy weerlig
oor die uithoeke van die aarde.

⁴*Daarna brul sy stem;

Hy laat dit dreun
met sy luisterryke stem.

Hy hou die weerligstrale nie terug
wanneer sy stem gehoor
word nie;

⁵*God laat dit wonderbaarlik dreun
met sy stem,

Hy doen groot dinge,
en ons kan dit nie deurdink nie.

⁶*Ja, aan die sneeu
gee Hy die opdrag,
‘Val op die aarde!’,
ook aan die stortreën,
die stortbuie wat sy krag toon.

⁷Die hand van elke mens
verseël^m Hy,
sodat alle mense sy handewerkⁿ
kan leer ken.

***37:4** Job 37:2; Ps 29:3; 68:34

***37:5** Job 5:9; Op 15:3

***37:6** Ps 147:16

^m**37:7** **verseël**: Dit beteken dat mense nie kan werk in sneeu en stormweer nie.

ⁿ**37:7** **alle ... handewerk**: Die •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “al die mense van sy handewerk”.

⁸ *Wilde diere gaan

in hulle skuilplekke in,
in hulle lêplekke bly hulle.

⁹ *Uit die kamer agter die horison^o

kom stormwinde;
drywende winde bring die koue.

¹⁰ *Die asem van God maak ys;
die uitgestrekte waters vries vas,
asof gegiet.

¹¹ Ja, Hy belaaï die wolke
met 'n oorvloed vog;
die wolkbank versprei sy weerlig.

¹² Die wolke^p beweeg oral rond,
gaan heen en weer
volgens sy beskikking,
om op die oppervlakte van die aarde
alles te doen wat Hy beveel.

¹³ *Of dit nou is om te straf,
of tot voordeel van sy grond,
of om liefde te bewys,
Hy laat hulle die doel bereik.

***37:8** Ps 104:20-22

***37:9** Vgl Job 38:22,29; Ps 147:16

^o**37:9 die kamer ... horison:** Dit verwys na die gebied wat as slaapkamers van sterrebeelde en die wind geld; vgl voetnoot by Job 9:9. Die woorde “agter die horison” ontbreek in die bronteks.

***37:10** Job 38:29-30; Ps 147:17

^p**37:12 Die wolke:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie. Sommige vertalings lui “Die weerlig”.

***37:13** Gen 6:5-6; 7:11-12,22-23; Job 36:31; Eseg 13:11

¹⁴ “Luister hierna Job!

Staan stil en gee aandag
aan God se wonders.

¹⁵ Hy laat die weerlig
in sy wolkbank flits.

Begryp jy dit wanneer God
vir hulle reëls neerlê?

¹⁶ *Begryp jy iets van die wegdryf
van wolke^q —

wonderwerke van Een
met volmaakte kennis?

¹⁷ Jy, wie se klere te warm is
wanneer die aarde stil raak
uit die suide,

¹⁸ *kan jy saam met Hom
'n wolkemassa plet,
so solied soos 'n spieël
van gepoleerde koper?

¹⁹ “Maak aan ons bekend
wat ons vir Hom moet sê!
Ons kan nie die saak uiteensit nie,
weens die duisternis.

²⁰ Sal dit aan Hom vertel word

*37:16 Spr 8:28

^q37:16 wegdryf van wolke: Dit verwys na die aanbreek van die droë somermaande.

*37:18 Job 9:8; Jes 44:24

dat ek praat;
of sê iemand, ‘Dit moet aan God^r
meegedeel word’?

²¹ “Maar nou —
mens sien nie weerlig,^s
dit wat helder in die wolkemassa
was nie.

Die wind het verbygekom
en dit opgeruim.

²² *Uit 'n goue noorde kom Hy;
by God is die majesteit
ontsagwekkend.

²³ *Die Almagtige^t —
ons kan Hom nie bereik nie,^{*}
Hy wat verhewe is in krag.
Die reg en volle geregtigheid
sal Hy nooit geweld aandoen nie.

²⁴ Hierom koester mense
ontsag vir Hom:

^r**37:20 aan God:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^s**37:21 Maar ... weerlig:** Dit verwys na die somerseisoen; vgl Job 37:16-18.

^{*}**37:22** Eseg 1:4

^{*}**37:23** 1 Tim 6:16

^t**37:23 Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

^{*}**37:23 ons ... bereik nie:** Job 9:10-11; 23:8-9

Hy gee nie voorkeur aan enige
van die wyses van hart^u nie.*”

38

God se antwoord aan Job

¹ *Die HERE het Job uit 'n stormwind geantwoord; Hy het gesê:

² “*Wie is hierdie een wat 'n plan^v

vertroebel met woorde

sonder kennis?

³ *Omgord maar jou heupe

soos 'n man!

Ek sal jou ondervra,

lig jy My dan in!

⁴ **Waar was jy toe Ek

die fundamente van die aarde

gelê het?

Maak dit bekend as jy die insig

verwerf het!

⁵ Wie het die afmetings daarvan

bepaal?

^u**37:24 wyses van hart:** Die hart is die setel van die inteltek waar die gedagtes en wilsbesluite gevorm word.

***37:24 Hy ... hart nie:** Vgl Matt 11:25

***38:1** Job 40:1

***38:2** Job 34:35; 42:3

^v**38:2 'n plan:** Dit verwys na God se plan met die skepping.

***38:3** Job 40:2

***38:4-7** Esra 3:10-11

***38:4** Job 15:7; Ps 104:5; Spr 3:19; 8:29; Jes 51:13,16; Sag 12:1

Sê as jy dit weet!

Of wie het 'n maatband
daaroor gespan?

⁶ Waarop is die voetstukke
van sy pilare ingesink?

Of wie het die hoeksteen daarvan
gelê

⁷ *terwyl die oggendsterre
saam gejubel,*

en al die hemelwesens* gejuig het?

⁸ **Wie het met dubbele deure die see
ingeperk toe dit uitgebreek,
uit die baarmoeder
voortgekom het,

⁹ toe Ek wolke sy bokleed gemaak,
en hom in 'n donker wolk
toegedraai het,^w

¹⁰ toe Ek my grens bo hom
oopgebreek^x het,
en 'n sluitbalk en dubbele deure
in plek geplaas het,

*38:7 Ps 148:2-3

*38:7 **terwyl ... gejubel:** Bar 3:34

*38:7 **hemelwesens:** Gen 6:2

*38:8-11 Gen 1:9; Ps 104:6-9

*38:8 Ps 33:7

^w38:9 **hom ... toegedraai het:** Letterlik “n donker wolk sy windsel (gemaak het)”;
vgl Job 38:8.

^x38:10 **my grens ... oopgebreek:** Dit verwys na die see as die oervloed wat onder
die aarde gevestig was, en waarvoor daar ruimte op die aarde gemaak is.

¹¹ * en toe Ek gesê het, ‘Tot hier
mag jy kom, maar nie verder nie;
hier word my grens geplaas
teen jou trotse golwe!’^y?

¹² “*Het jy op enige
van jou lewensdae
'n opdrag aan die oggend gegee,
vir die rooidag sy plek aangewys

¹³ deur die some van die aarde
vas te vat,
sodat goddeloses daarvan
afgeskud word?

¹⁴ Die aarde verander
soos klei onder 'n seël,
sodat alles^z vorm kry
soos 'n bokleed.

¹⁵ * Goddeloses word van hulle lig
ontneem,
en 'n opgehefde voorarm
word gebreek.

¹⁶ “Het jy al gekom tot by die bronne
van die see,

***38:11** Job 9:8; Spr 8:29

^y**38:11 word ... golwe:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.
Letterlik ‘hier plaas (iemand) teen jou trotse golwe’.

***38:12** Gen 1:3-5; Ps 74:16

^z**38:14 alles:** Die bronteks lui “hulle”.

***38:15** Job 18:5-6; Ps 10:15; Matt 6:23

en in die onbekende dele
van die diep waters rondgeloop?

¹⁷ *Is die poorte van die dood
vir jou blootgelê,
en die poorte van die pikdonkerte —
het jy dit gesien?

¹⁸ Het jy al ag geslaan op
die uitgestrektheid
van die aarde?

Vertel, as jy dit alles weet!

¹⁹ Waar is die pad na waar
die lig woon;
en die donker, waar is sy plek,

²⁰ dat jy hom na sy gebied
kan neem,

en die paaie na sy tuiste onderskei?

²¹ Jy moet dit weet,
want jy was toe al gebore,
en die getal van jou lewensdae
is baie!

²² “*Het jy al in die voorraadkamers
van die sneeu ingegaan,
en die voorraadkamers van die hael —
het jy dit al gesien,

²³ dit wat Ek gereedhou
vir 'n tyd van angs,

*38:17 Job 10:21-22; 28:22; Ps 9:14

*38:22-23 Vgl Eks 9:18-26; Jos 10:11; Jes 28:17; 30:30; Eseg 13:11-13; Op 16:21

vir die dag van stryd en oorlog?
²⁴ Waar is die pad na waar
die weerlig verdeel word,
na waar die oostewind
dit oor die aarde versprei?
²⁵ Wie het vir die vloedwaters
'n voor oopgekloof,
'n pad vir die harde donderslae,
²⁶ * om dit te laat reën op 'n land
sonder mense,
op 'n woestyn waarin daar
geen mens is nie,
²⁷ om so die wildernis en woesteny
te versadig,
en groen grasspriet
te laat uitspruit?
²⁸ * Het die reën 'n vader,
of wie het geboorte gegee
aan die doudruppels?
²⁹ * Uit wie se moederskoot
het die ys te voorskyn gekom,
en die ysryp uit die hemel —
wie het daaraan geboorte gegee,
³⁰ wanneer water
asof in klip skuilgaan,
en die oppervlakte

* **38:26** Ps 107:35

* **38:28** Job 5:10; Ps 147:8; Jer 14:22

* **38:29-30** Job 37:10; Ps 147:16-17

van die diep waters dig sluit?

³¹ “*Kan jy die koorde
van die Sewester knoop,
of die bande van Orion losmaak?

³² Kan jy 'n sterrebeeld^a uitlei
op sy tyd,
die Beer^b met haar kleintjies
begelei?

³³ *Ken jy die wette
van die hemelruim,
kan jy die invloed daarvan
op die aarde vasstel?

³⁴ Kan jy jou stem na die wolke rig,
sodat 'n watervloed jou bedek?

³⁵ *Kan jy weerligte vrylaat,
sodat hulle gaan
en vir jou sê, ‘Hier is ons!’?

***38:31-32** Am 5:8

^a**38:32 'n sterrebeeld:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal “Diereriem”, wat egter van 'n ander Hebreeuse woord afgelei word.

^b**38:32 Beer:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal “Leeu”; vgl Job 9:9 waar 'n verwante woord gebruik word.

***38:33** Jer 31:35; 33:25

***38:35** Ps 18:14; 97:4; vgl Bar 3:35

³⁶ Wie plaas wysheid
in die wit wolke,^c
of wie gee insig
aan die wolke wat wegdryf?^d

³⁷ Wie kan met wysheid
die wolkemassa aftel,
en die waterkruike van die hemel —
wie keer hulle om,

³⁸ wanneer die grond
soos gegote metaal verhard,
en die kluite saamklont?”

39

¹ “^{e*}Kan jy vir 'n leeuwyfie prooi jag,
die honger van jong leeus bevredig
² wanneer hulle in lêplekke hurk,
onder 'n blaredak gereed sit
vir die hinderlaag?

³ *Wie voorsien aan die kraai sy kos
wanneer sy kuikens aanhoudend

^c**38:36 wit wolke:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Sommige vertaal die Hebreeuse woord met “ibis”. Die woord kan egter ook in verband gebring word met die woord vir “pleister”.

^d**38:36 wolke wat wegdryf:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Sommige vertaal die Hebreeuse woord met “haan”. Die woord kan egter in verband gebring word met 'n woord vir “bote”.

^e**39:1-3** Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Job 38:39-41.

***39:1** Ps 104:20-22

***39:3** Ps 147:9; Luk 12:24

na God roep,
ronddwaal sonder kos?

^{4 f}“Ken jy die tyd wanneer
klipbokke lam?

Het jy dit al aanskou wanneer
rootakbokkooie lammers
voortbring?

⁵ Tel jy die maande
wat hulle dragtig is;
ken jy die tyd wanneer hulle lam?

⁶ Hulle hurk en bring
hulle lammers voort;
hulle laat hulle ongebore nageslag
vry.

⁷ Hulle lammers word sterk,
groeï op in die oop veld,
gaan weg en kom nie weer
na hulle terug nie.

⁸ “*Wie het die wildedonkie
vry laat rondloop?
Die stroppe van die wilde-esel,
wie het dit losgemaak,

⁹ die een vir wie Ek die Araba^g

^f**39:4-33** Die bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Job 39:1-30.

***39:8-9** Job 24:5; Jer 2:24

^g**39:9 die Araba:** Dit verwys hier na die dor vlakte suid van die Dooie See.

as sy tuiste bestem het,
en brak grond as sy verblyfplekke?

¹⁰ Hy lag vir die rumoer
van die stad;
die geskreeu van 'n drywer
hoor hy nie.

¹¹ Hy verken die berge vir weiding;
hy soek alles wat groen is.

¹² “Sal die buffel^h instem
om vir jou te werk,
of sal hy by jou voerkrip oornag?

¹³ Kan jy 'n buffel bind
aan 'n ploegvoor met sy leiriem,ⁱ
of sal hy die leegtes
wat agter jou lê,^j eg?

¹⁴ Kan jy hom vertrou,
terwyl sy krag so groot is,
of aan hom jou swaar verdiende oes
oorlaat?

¹⁵ Vertrou jy hom dat hy
sal terugkom met jou graan,
en dit op jou dorsvloer

^h**39:12 buffel:** Dit verwys waarskynlik na die Kaapse buffel (*Syncerus caffer*) wat wel in die Ou Nabye Ooste voorgekom het en ontembaar is. Word ook vertaal “oerbees” of “renoster”.

ⁱ**39:13 bind ... leiriem:** Die man wat die ploegstert hou, het in sy hand 'n tou gehad wat aan die juk vas was en waarmee hy die trekdier kon stuur.

^j**39:13 agter jou lê:** Dit is die gelyk grond nadat dit geploeg is.

sal bymekaarmaak?

¹⁶ “Die vlerke van 'n volstruiswyfie
klap uitgelate.

Is die slagpenne van haar vlerke
dié van 'n ooievaar of kleinvalk?

¹⁷ Want sy los haar eiers
op die grond,
en in die stof hou sy dit warm.

¹⁸ Sy vergeet dat 'n voet dit
kan stukkend trap,
dat 'n wilde dier dit kan breek.

¹⁹ Sy behandel haar kuikens sleg,
asof hulle nie haar eie is nie;
oor haar vergeefse moeite,
is sy nie ontsteld nie.

²⁰ Want God het haar van wysheid
laat vergeet,
haar nie met insig bedeel nie.

²¹ Maar sodra sy opspring,^k
lag sy vir die perd en sy ruiters.

²² “Gee jy vir die perd krag,
klee jy sy nek met maanhare?

²³ Laat jy hom tril
soos treksprinkane?

***39:16-19** Klaagl 4:3

^k**39:21 opspring:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

Sy trotse geproes is 'n verskrikking.

²⁴ Hy^l kap die grond met geweld^m

en is opgewonde oor sy krag.

Hy gaan uit, die stryd tegemoet.*

²⁵ Hy lag vir vrees

en raak nie verskrik nie;

hy draai nie om vir die swaard nie.

²⁶ Langs hom ratel die pylkoker,

die lem van 'n vegspies

en 'n kromswaard.

²⁷ Onstuimig jaag hy met 'n gedruis

'n stuk aarde af;

hy staan nie stil wanneer

die ramshoring opklink nie.

²⁸ Met elke skal van die ramshoring

sê hy, 'Aha!'

en van ver af ruik hy die geveg —

die gebulder van bevelvoerders

en die krygsgeskreeu.

²⁹ “*Is dit aan jou insig te danke

dat die kleinvalk sweef,

sy vlerke in die suidewind oopsprei?

³⁰ Of is dit op jou bevel

dat die arend so hoog opstyg,

^l39:24 Hy: Vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle”.

^m39:24 met geweld: Word ook vertaal “in die leegte”.

*39:24 Hy gaan ... tegemoet: Jer 8:6

*39:29 Vgl Job 9:26; Jer 8:7; Hab 1:8

en sy nes so hoog bou?

³¹ 'n Rots bewoon hy,

en hy bring die nag daar deur —

op 'n rotpunt en 'n bergvesting.

³² Van daar is hy op die uitkyk

vir kos,

in die verte tuur sy oë.

³³ *Sy kuikens slurp bloed op,

waar gesneuweldes is, daar is hy.”

³⁴ ⁿDie HERE het weer teenoor Job gereageer en gesê:

³⁵ “*Wil die een wat vermaan,

met die Almagtige^o

'n regstryd voer?

Laat hy wat God wil tereg wys,

hierop antwoord.”

³⁶ *Job het die HERE geantwoord; hy het gesê:

³⁷ “*Kyk, ek is te onbelangrik —

wat sou ek U antwoord?

My hand lê ek op my mond.

³⁸ *Een keer het ek gepraat,

***39:33** Vgl Matt 24:28; Luk 17:37

ⁿ**39:34-38** Die bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Job 40:1-5.

***39:35** Job 9:3

^o**39:35 Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

***39:36** Job 3:1; 6:1; 9:1; 12:1; 16:1; 19:1; 21:1; 23:1; 26:1; 27:1; 29:1; 42:1

***39:37** Ps 39:10

***39:38** Vgl Ps 62:12

maar ek sal nie weer reageer nie —
ook 'n tweede keer,
maar ek sal nie weer nie.”

40

God se tweede antwoord aan Job

¹ ^p* Die HERE het Job uit 'n stormwind geantwoord; Hy het gesê:

² “* Omgord maar jou heupe
soos 'n man!

Ek sal jou ondervra,
lig jy My dan in!

³ * Wil jy werklik my beslissings
dwarsboom,

My skuldig verklaar,
sodat jy gelyk kan hê?

⁴ Of het jy 'n arm soos dié van God?
Kan jy soos Hy jou stem
laat donder?*

⁵ * Tooi jou dan met majesteit
en aansien;
klee jou met luister en glans.

⁶ * Laat jou woede-uitbarstings

^p40:1-28 Die •bronteks nommer hierdie verse as Job 40:6 — 41:1 en sommige vertalings as Job 40:6 — 41:9.

* 40:1 Job 38:1

* 40:2 Job 38:3

* 40:3 Vgl Ps 51:6; Rom 3:4

* 40:4 Kan ... donder: Job 37:3-4; vgl Ps 29:3-9

* 40:5 Vgl Ps 93:1; 104:1

* 40:6-8 Jes 2:11-19; vgl Dan 4:37

oral geld;
sien elkeen wat verwaand is, raak,
en verneder hom.

⁷ Sien elkeen wat verwaand is, raak,
en dwing hom op sy knieë.

Vertrap goddeloses net daar
waar hulle is.

^{8 q*} Verberg hulle saam in die stof.
Hou hulle gevange
in die verborgene.

⁹ Selfs Ek sal jou dan loof,
omdat jou regterhand
jou te hulp gekom het.

¹⁰ “Kyk na die behemot,^r
wat Ek gemaak het,
soos Ek jou ook gemaak het.

Hy eet gras soos 'n bees.

¹¹ Kyk na die krag in sy kruis.

En sy manlike krag,
dit is in die spiere van sy buik.

¹² Hy maak sy stert^s styf
soos 'n seder,

^q40:8 Metafore om die doodstraf mee aan te dui.

^{*}40:8 Vgl Num 16:31-33

^r40:10 **die behemot:** In Hebreeus 'n meervoudsvorm van “dier” wat ook met “gedierte” of “seekoei” vertaal kan word.

^s40:12 **sy stert:** Moontlik 'n eufemisme vir die geslagsorgaan.

die senings van sy dye^t
is ineengevleg.

¹³ Sy gebeente is bronspype,
sy bene soos ysterstawe.

¹⁴ Hy is die voortreflikste
van God se werke;^u

Hy wat hom gemaak het,
het sy swaarde^v verskaf.

¹⁵ Ja, die opbrengs van die berge
word na hom aangedra,^w
daar waar al die diere van die veld
baljaar.

¹⁶ Onder lotusbome lê hy,
in 'n skuilplek van riete en moeras.

¹⁷ Lotusbome bedek hom
met skaduwee;
rivierwilgers omring hom.

¹⁸ Kyk, die rivier kan maar afkom.
hy gee nie haastig pad nie;
hy bly rustig,
al stu die Jordaan teen sy bek.

¹⁹ Sal iemand hom
aan sy oë beetpak,

^t40:12 sy dye: Die •Vulgaat lui “sy geslagsorgaan”.

^u40:14 werke: Letterlik ‘paaie’; vgl Spr 8:22.

^v40:14 sy swaarde: Dit verwys na die seekoei se tande.

^w40:15 word ... aangedra: Die beeld is dié van 'n koning vir wie sy onderdane geskenke bring.

met stokke sy neus deurboor?^x

²⁰ “Kan jy 'n leviatan^y

aan 'n hoek intrek,

met 'n tou sy tong

onder bedwang bring?^z

²¹ ^aKan jy 'n biesie deur sy neus sit,

met 'n doring sy wang deurboor?

²² Sal hy baie smeekbedes

tot jou rig,

of saggies met jou praat?

²³ Sal hy 'n ooreenkoms

met jou sluit,

dat jy hom as lewenslange slaaf

neem?

²⁴ Kan jy met hom speel

soos met 'n voël,

hom vasbind vir jou dogters?

²⁵ Sal handelsvennote

oor hom onderhandel,

hom tussen handelaars verdeel?

²⁶ Kan jy sy vel vol harpoene steek,

en sy kop vol visspiese?

^x**40:19 met ... deurboor:** 'n Vis wat gevang is, is met twee vingers in die oë vasgehou terwyl 'n stok deur die kieuë gedruk is om dit daaraan te dra.

^y**40:20 'n •leviatan:** Dit verwys gewoonlik na 'n mitiese seemonster, maar in hierdie geval na 'n krokodil.

^z**40:20 met ... bring:** Dit verwys na die toebind van die krokodil se bek.

^a**40:21** Dit is ook hoe vis gedra is; vgl Job 40:19. Dit herinner ook aan die wegvoering van gevangenes as slawe; vgl Job 40:22-23.

²⁷ As jy jou hand op hom plaas,
sal jy die geveg onthou;

jy sal dit nie weer doen nie.

²⁸ Kyk, enige verwagting
om hom te vang,^b is misplaas.

Sal selfs net sy voorkoms
nie 'n mens laat neerslaan nie?"

41

¹ c“Niemand is so roekeloos
dat hy hom sal wakker maak nie.

En wie is die een wat dan
voor My sal standhou?

² Wie het al teen My
standpunt ingeneem,
sodat Ek hom moes vergoed?
Alles onder die hemel
behoort aan My.*

³ Ek sal nie swyg oor sy ledemate,
oor die saak van geweldige krag
en sy mooi^d vorm nie.

⁴ Wie het al sy bokleed afgestroop?
En sy dubbele pantser^e —

^b40:28 enige ... vang: Letterlik ‘verwagting teen hom’.

^c41:1-25 Die •bronteks nommer hierdie verse as Job 41:2-26, en sommige vertalings as Job 41:10-34.

* 41:2 Alles ... My: Eks 19:5; Ps 24:1

^d41:3 mooi: Hierdie lesing berus op die wysiging van een vokaal. Die betekenis van die Hebreeuse woord is onbekend.

^e41:4 pantser: Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “stang”.

wie dring daardeur?

⁵ Die deure van sy gesig,
met sy verskriklike tande
reg rondom —

wie het dit al oopgemaak?

⁶ Sy rug^f het rye skilde,^g
hulle sit styf teen mekaar,
dig verseël.

⁷ Die een so na aan die ander,
nie eers lug kan daartussen
deurbeweeg nie.

⁸ Hulle kleef aan mekaar,
sluit so dig dat hulle
nie geskei kan word nie.

⁹ Wanneer hy nies, flits daar ligte,
sy oë is soos die ooglede
van die dagbreek.

¹⁰ *Uit sy bek kom fakkelligte,
vuurvonke spat daaruit;

¹¹ uit sy neusgate kom rook,
soos uit 'n aangeblaasde,
gloeiende kookpot.^h

¹² Sy asem laat gloeiende kole

^f41:6 **Sy rug:** Die Septuagint, •Aquila en die •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “verwaandheid”.

^g41:6 **rye skilde:** Letterlik ‘vore van skilde’.

* 41:10 Vgl Op 9:17

^h41:11 **soos ... kookpot:** Die •Peshitta en Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “soos 'n aangeblaasde kookpot en biesies”.

vlam vat,
'n vlam kom uit sy bek.
¹³ In sy nek setel sterkte,
en voor hom uit dans krag.
¹⁴ Die skubbeⁱ van sy lyf
kleef aan mekaar,
is aan hom gegiet — onbeweeglik.
¹⁵ Sy hart is so hard soos klip,
so hard soos 'n onderste maalklip.
¹⁶ Wanneer hy opkom,
is magtiges vreesbevange,
deins hulle terug vir die breek
van die water.^j
¹⁷ 'n Swaard wat hom wel bereik,
hou nie stand nie,
nie 'n spies, wapen of pylpunt^k nie.
¹⁸ Yster is vir hom soos strooi,
brons soos verrotte hout.
¹⁹ 'n Pyl laat hom nie vlug nie,
klippe uit 'n slingervel
verander vir hom in stoppels.
²⁰ 'n Knuppel is vir hom

ⁱ**41:14 Die skubbe:** Letterlik ‘die dinge wat afval’. In die geval van 'n vis of ander waterdier is dit die skubbe.

^j**41:16 vir ... water:** Die woorde “van die water” kom nie in die bronteks voor nie. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^k**41:17 wapen of pylpunt:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

soos 'n stoppel,
hy lag vir die suising
van 'n kromswaard.
²¹ Onder aan hom is die skerp punte
van potskerwe;
hy sleep 'n dorslee¹ oor die modder.
²² Hy laat die diep waters
soos 'n pot kook;
die groot water maak hy soos 'n pot
waarin salf berei word.
²³ Agter hom laat hy
'n glinsterende pad —
mens sou dink die diep waters
is grys hare.
²⁴ Op die grond bestaan
sy gelyke nie,
hy wat gemaak is
om nie te vrees nie.
²⁵ Op al wat hoog is, sien hy neer;
hy is koning oor al die trotse diere.”

42

Job se antwoord aan die HERE

¹ * Job het die HERE geantwoord; hy het gesê:

¹**41:21 dorslee:** 'n Dorslee het bestaan uit 'n breë plank met stukkies yster of vuurklip aan die onderkant vasgesit, sodat die koring van die are geskei kon word wanneer iemand daarop staan en 'n dier dit oor die dorsvloer trek.

* **42:1** Job 3:1; 6:1; 9:1; 12:1; 16:1; 19:1; 21:1; 23:1; 26:1; 27:1; 29:1; 39:36

² “*Ek weet dat U alles kan vermag,
dat geen plan vir U
onuitvoerbaar is nie.

³ *Wie is die een
wat 'n plan^m verberg,
terwyl hy geen kennis het nie?
Daarom het ek, sonder begrip,
ja, sonder kennis, my mening gegee
oor dinge wat vir my
te wonderbaar is.

⁴ Luister asseblief, ek moet praat!
U het gesê,ⁿ ‘Ek sal jou ondervra,
lig jy My dan in!’

⁵ Op hoorsê het ek van U verneem,
maar nou het my oog U gesien.

⁶ *Daarom herroep ek dit,
en het ek berou —
in stof en as.”

Naskrif

⁷ Nadat die HERE hierdie woorde vir Job gesê het, het die HERE vir Elifas uit Teman * gesê: “My toorn het ontvlam teen jou en jou twee vriende; want julle het nie, soos my dienskneg Job, gesê wat reg is oor

* 42:2 Gen 18:14; Jer 32:17; Matt 19:26

* 42:3 Job 34:35; 35:16; 38:2; Ps 40:6; 139:6

^m42:3 'n plan: Dit verwys na God se plan met die skepping; vgl Job 38:2.

ⁿ42:4 U het gesê: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar dui aan dat Job terugverwys na Job 38:2.

* 42:6 Job 39:37

* 42:7 Elifas uit Teman: Job 2:11

My nie. ⁸ *Neem dan nou vir julle sewe bulle en sewe ramme, gaan na my dienskneg Job, en bring ter wille van julleself 'n brandoffer. My dienskneg Job moet vir julle bid, dat Ek julle nie iets onbehoorliks aandoen nie. Ek sal net teenoor hóm goedgesind wees,^o want julle het nie, soos my dienskneg Job, gesê wat reg is oor My nie.” ⁹ Elifas uit Teman, Bildad uit Suag, en Sofar uit Naäma,^{*} het toe gegaan en gedoen wat die HERE vir hulle gesê het, en die HERE was Job goedgesind.

¹⁰ *Die HERE het Job se lot verander toe hy vir sy vriende gebid het. Die HERE het alles wat Job besit het, vermeerder — dubbeld soveel. ¹¹ *Al sy broers en susters en al sy vorige kennisse het na hom gekom en saam met hom in sy huis brood geëet. Hulle het met hom meegevoel betuig en hom getroos oor al die onheil wat die HERE oor hom laat kom het. Elkeen van hulle het vir hom een kesita^p en een goue ring gegee.

¹² *Die HERE self het Job se einde meer geseën as sy begin. Hy het veertienduisend stuks kleinvee, sesduisend kamele, 'n duisend pare beeste en 'n duisend donkiemerries besit. ¹³ *Hy het ook sewe seuns en drie dogters gehad. ¹⁴ Job het die eerste dogter Jemima genoem, die tweede Kesia en die derde Keren-Happoeg. ¹⁵ In die hele land kon daar nie vroue so mooi soos Job se dogters gevind word nie. Hulle pa het aan hulle 'n erfdeel saam met hulle broers gegee.*

* 42:8 Vgl Gen 20:17; Num 23:1; Eseg 45:23; Jak 5:16

^o42:8 hóm ... wees: Die Hebreuse idioom lui “sy gesig oplig”.

* 42:9 Elifas ... Naäma: Job 2:11

* 42:10 Job 5:11; 8:6-7; 42:12; vgl Ps 14:7; 53:7; Matt 5:44

* 42:11 Vgl Job 19:13-14

^p42:11 kesita: Dit was 'n gewigsmaat wat as geldeenheid gebruik is. Die grootte en waarde daarvan is onbekend; •Geldeenhede.

* 42:12 Job 1:3; 8:7; 42:10; Jak 5:11

* 42:13 Job 1:2

* 42:15 Hulle ... gegee: Vgl Num 27:1-11

¹⁶ Job het daarna honderd-en-veertig jaar lank geleef. Hy het sy kinders en sy kinders se nageslag gesien — vier geslagte. ¹⁷ Job het gesterf, oud en ná 'n vol lewe.^q

^q42:17 ná ... lewe: Die Hebreeuse idioom lui “versadig met lewensjare”.